# Graad 1

# TERMYN 4

# AFRIKAANS HUISTAAL

# Lesplanne

## VRYWARING/REDIGERING PROSES

Beste Kollegas,

Welkom by die NECT Huistaal Program!

Let asseblief daarop dat die NECT Huistaal Termyn 4 se material in n baie kort periode ontwikkel is.

As gevolg van hierdie rede, is dit moontlik dat daar in die toekoms vernaderinge sal wees in die program.

Ons sal ook graag vir julle wil betrek by die ontwikkeling van hierdie program en sal enige insette waardeer. Dit is n aaneenlopende proses van ontwikkeling en verbetering. Indien julle enige foute opmerk, volg asseblief die volgende proses om dit te rapporteur:

1. Stuur 'n e-pos aan die relevante presoon:
   xitsonga@homelanguage.co.za
   tshivenda@homelanguage.co.za
   sepedi@homelanguage.co.za
   siswati@homelanguage.co.za
   isizulu@homelanguage.co.za
   isindebele@homelanguage.co.za
   isixhosa@homelanguage.co.za
   sesotho@homelanguage.co.za
   setswana@homelanguage.co.za
   afrikaans@homelanguage.co.za
   english@homelanguage.co.za
2. In die onderwerp lyn, skryf die dokument se verwysing. Byvoorbeeld: GRAAD 1 TERMYN 4 LESPLAN BL 45–47.
3. Verduidelik dan die veranderinge wat julle graag onder ons aandag wil bring **OF** maak die vernaderinge op jou harde kopie, skandeer dit en heg dit aan die e-pos.
4. Indien julle 'n ernestige TAAL probleem ondervind wat julle onder ons aandag wil bring, skryf dan Byvoorbeeld die volgende in die onderwerp lyn: BEWYSE VAN STREEKSDIALEK.
5. Skryf dan n volledige verslag oor die probleem.
6. Stuur asseblief alle e-posse met jou naam, rang by skool asook jou selnommer. Ons sal dan met jou in verbinding tree om die probleem te bespreek.
7. **Baie dankie vir jou kundigheid en bydrae tot hierdie program. Ons wil graag die beste en mees korrekte kopie vir alle tale aanbied.**

# Inhoud


Bestuursnotas v
Kernmetodologieë xii

**Week 1 Tema: Probleem Oplossing 1**
Maandag 3
Dinsdag 8
Woensdag 13
Donderdag 19
Vrydag 23

**Week 2 Tema: Probleem Oplossing 27**
Maandag 29
Dinsdag 34
Woensdag 40
Donderdag 46
Vrydag 51

**Week 3 Tema: Ons groei en verander 55**
Maandag 57
Dinsdag 62
Woensdag 67
Donderdag 73
Vrydag 77

**Week 4 Tema: Ons groei en verander 81**
Maandag 83
Dinsdag 88
Woensdag 93
Donderdag 99
Vrydag 103

**Week 5 Tema: Ons lewende geskiedenis 107**
Maandag 109
Dinsdag 114
Woensdag 119
Donderdag 125
Vrydag 129

| | |
|---|---|
| **Week 6 Tema: Ons lewende geskiedenis** | **133** |
| Maandag | 135 |
| Dinsdag | 140 |
| Woensdag | 145 |
| Donderdag | 151 |
| Vrydag | 155 |
| **Week 7 Tema: Wetenskap is pret** | **159** |
| Maandag | 161 |
| Dinsdag | 166 |
| Woensdag | 170 |
| Donderdag | 176 |
| Vrydag | 180 |
| **Week 8 Tema: Wetenskap is pret** | **185** |
| Maandag | 187 |
| Dinsdag | 192 |
| Woensdag | 196 |
| Donderdag | 201 |
| Vrydag | 205 |

# Bestuursnotas

## Leeruitkomste

Hierdie termyn behoort die leerders die volgende uitkomste te bereik:

### LUISTER EN PRAAT

1. Leerders behoort 4 nuwe rympies of liedjies te ken.
2. Leerders behoort deel te neem aan klasbepsrekings om sodoende vorrige kennis te kan deel.
3. Leerders behoort gedeelde lees stories te bespreek deur 'n besprekeings-raamwerk te gebruik.
4. Leerders behoort eie stories op te kan maak, veral vir die kreatiewe storievertellingsaktiwiteit.
5. Leerders behoort te kan praat oor wat hulle geksryf het.
6. Leerders behoort die gebruik van die volgende klanke te vertsaan

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| probleem | oplos | oplossing | kreatief | staar | kuns |
| kunstenaar | inspireer | verf | skep | mielies | antieke |
| legende | intelligensie | sterkte | kreatiwiteit | transformeer | suksesvol |
| fout | seisoen | winter | lente | somer | herfs |
| wollerig | pas | grootte | styf | ontgroei | ruk |
| verward | kerrie | bestandele | speserye | gedreun | gooi |
| rasper | kap | kook | verander jou mening | mening | geskiedenis |
| verlede | huidig | haarsalon | trem | moskee | sinagoge |
| vernietig | stootskraper | geheue / herinnering | voorouers | boodskapper | boodskap |
| interpreteer | dwaal | natuur | waarde | kultuur | goddelik |
| bidsprinkaan | leer 'n les | wetenskap | entstof | eksperiment | siekte |
| inspuit | naald | gevaarlik | risiko | immuniteitstelsel | immuniteit |
| lewendig | dood | oorleef | grond | voedingstowwe | vitamiene |
| data | sonlig | saailing | waarneem | | |

## FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE

1 Leerders behoort klanke mondelings te kan identifiseer.
2 Leerders behoort die volgende klanke outomaties te herken.
3 Leerders behoort die volgnde klanke te kan meng en opbreek.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| kr | st | sw | sm | sk | sp |
| pl | vl | fr | fl | kw | kl |

Leerders behoort die volgnde woorde in lettergrepe op te kan deel.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| n/a | | | | | |

## LEES

Leerders behoort die volgnde woorde te kan klank en die woord te vorm.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| krap | kryt | krom | krag | kreef | stok |
| stap | stam | stop | stout | swak | swerm |
| swem | swaan | swoeg | smaak | smeer | smoor |
| smal | smelt | skaap | skip | skop | skyn |
| skoen | speel | spek | spuit | span | spoel |
| plan | plak | plas | plek | plooi | vlooi |
| vlak | vlieg | vlerk | vloot | fraai | frons |
| fris | frommel | fliek | fles | flou | flap |
| kweek | kwas | kwaak | kwaai | kwes | klim |
| klip | klas | kleur | klok | | |

Leerders behoort die volgende sigwoorde te kan lees.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| skildery | pouse | verf | kwas | verfkwas | mielies |
| berge | priesters | tevrede | miertjie | baadjie | dief |
| eendag | mooiste | antwoord | prut | kerrie | geure |
| rasper | tamaties | hartseer | rasse | kultuur | moskee |
| trem | voorvaders | boodksap | insek | pyle | boë |
| naald | siekte | pokke | koeie | beskerm | sorg |
| plante | water | sonlig | grond | | |

Leerders behoort 'n teks te kan lees soos aangedui in die voorbeeld wat volg.

| |
|---|
| Op die mat is 'n dun swart slang. Ek is bang hy gaan my pik. Hy gaan dalk my toon pik. Miskien as ek hom kielie met 'n veer, sal hy my nie pik nie. |

**BEGRIP**

1 Leerders behoort n voorspelling van die teks te kan maak deur na die prente te kyk.
2 Leerders behoort detail oor ’n teks te kan herroep.
3 Leerders behoort die teks te kan hervertel.
4 Leerders behoort die teks in volgorde te kan hervertel.
5 Leerders behoort te verstaan wat dit beteken om ’n teks die visualiseer en koneksies en voorspellings te maak.
6 Leerders behoort  oor die teks te kan gesels deur die besprekings-raamwerk te gebruik.
7 Leerders behoort begripsvrae oor die teks te kan beantwoord.

**SKRYFWERK**

1 Leerders behoort  ’n prentjie te kan teken wat n boodskap oordra.
2 Leerders behoort  om een of twee byskrifte by die prentjie te kan voeg.
3 Leerders behoorts ’n kort skryfraamwerk te kan gebruik.

**GROEPBEGELEIDE LEES**

1 Leerders behoort hardop, in ’n vaardigheidsgebaseerde groep, saam met die juffrou te kan lees.
2 Leerders behoort hulle woordeskat kennis, kontekstuele leidrade en hulle sigwoorde te kan gebruik as hulle lees.
3 Leerders behoort hulself te kan monitor aangaande woord herkenning en begrip.

## Materiaal en Hulpbronne Voorsien

**Let asseblief daarop dat alle hulpbronne die eiendom van die skool bly. Hulpbronne sal slegs een maal uitgereik word. Hulpbronne moet dus voldoende gekontroleer en opgepas word.**

Gedurende Termyn 4 word onderwysers van die volgende hulpbronne voorsien:

1 **Gekleurde vertoonborde × 4**
Gebruik hierdie borde om jou werk vir die week uit te stal. Elke week, vertoon jou: fonetiese klanke en woorde; hoë frekwensie woorde; tema woordeskat; illustrasies en skryfraamwerk.

2 **Handskrifkaarte**
Vertoon hierdie kaarte voor in die klaskamer, sodat hul duidelik vir leerders sigbaar is. Daar sal drukskrifkaarte aan Graad 1 en 2 onderwysers voorsien word. Daar sal drukskrif – en lopendeskrifkaarte aan Graad 2 en 3 onderwysers voorsien word.

3 **Termyn 4 Onderrigplan**
Gebruik die onderrigplan om te bepaal wat op ’n daaglikse basis aangeleer moet word. Die kernmetodologieë sal verduidelik hoe elke les aangebied moet word. Daar sal ’n oriëntasie program aangebied word vir die eerste twee weke van Termyn 4.

4 **Termyn 4 Kontrolelys**
Gebruik hierdie dokument om jou (ATP) / (Gevorderde Onderwysplan – GOP) en Termynbeplanning te voltooi. Merk af en dateer elke les en assesseringsaktiwiteite soos dit voltooi is. Besin oor jou onderrig.

5 **Termyn 4 Grootboek**
Gebruik die Grootboek stories gedurende gedeelde lees lesse. Daar is agt stories vir die termyn – een storie vir elke week.

6 **Termyn 4 Hulpbronpakket**
Die Hulpbronpakket sluit die volgende items in:

- **Flitskaarte** word vir tema woordeskat; hoë frekwensie woorde; klanke en woorde voorsien. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Tema Woordeskat Illustrasies** word voorsien waar van toepassing. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Kreatiewe storieblaaie** word voorsien vir elke tema. Dit is ’n reeks van 3 of 4 prentjies wat ’n storie uitbeeld. Daar is 10 kopieë van elke werksblad – een per klein groepie. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.
- **Assesseringsrekordblaaie** word voorsien om leerders se resultate en kommentaar vir die termyn aan te teken.

7 **Termyn 4 Leeswerksblaaie × 8**
Agt leeswerksblaaie word voorsien vir die termyn – een vir elke week van Week 3 tot 10. Gebruik hierdie werksblaaie vir die hele klas gedurende Groepbegeleide Lees. Daar is 20 kopieë van elke leeswerksblad. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.

## Weeklikse roetine: 7 ure

1. Die gestruktureerde leerprogram volg dieselfde roetine elke week.
2. Dit maak dit makliker vir onderwysers en leerders om te volg.
3. Leerders kan voorberei vir die volgende aktiwiteit sodra hul die roetine ken.
4. Hierdie roetine is gebaseer op die KAVB minimum tyd vir Huistaal: 7 ure per week.
5. Hierdie roetine is ontwerp as deel van 'n tweetalige program, tesame met die PSRIP (Inisiëring program vir openbare sektor) EFAL (AEAT Afrikaans Eerste addisionele taal) gestruktureerde onderwysprogramme.
6. Stal asseblief hierdie roetine in jou klaskamer uit en probeer om dit uit jou kop te leer!

| **MAANDAG** | | **DINSDAG** | | **WOENSDAG** | | **DONDERDAG** | | **VRYDAG** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 |
| | | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 |
| Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | | | | |
| Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | | | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 |
| Handskrif | 30 | | | Handskrif | 30 | | | | |
| Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 |
| **1.45** | | **1.15** | | **1.45** | | **1.00** | | **1.15** | |

## Weeklikse voorbereiding

Dit is belangrik om te onthou dat die Huistaal program die volume BEPLANNING vir onderwysers verminder het, maar dat VOORBEREIDING steeds vereis word! Kies een middag per week, tesame met jou kollegas (al die Grondslagfase Onderwysers), en doen jul voorbereiding saam.

**Wanneer jou voorbereiding gedoen word, onthou die volgende:**

1. Lees deur die lesplan vir die week.
2. Maak seker dat jy die metodologieë wat gebruik gaan word ken en verstaan. Indien nie, gaan na die afdeling getitel "Kernmetodologieë, en hersien dienooreenkomstig.
3. Volgende, maak seker watter flitskaarte en illustrasies nodig is vir die tema woordeskat, hoë frekwensie woorde, klank en die skryfraamwerk. Kry hierdie flitskaarte en illustrasies as volg gereed:
4. Knip die flitskaarte en illustrasie uit.
5. Probeer om hul op 'n karton of papier te plak.
6. Indien moontlik, lamineer of trek dit met plastiek oor.

7 Bêre die flitskaarte en les saam in 'n koevert, of hou dit bymekaar met 'n rekkie.
8 Kry enige ander hulpbronne wat jy mag benodig bymekaar, insluitend prentjies en werklike voorwerpe.
9 Maak seker dat jou Grootboek in orde is.
10 Lees deur enige aktiwiteite in die Departement van Onderwys Werkboek wat jy moet voltooi.
11 Oefen die skryfwerk lesse.
12 Maak seker dat jou Kontrolelys op datum is van die vorige week en besin oor jou vordering.

## Temas en Leesskedule

| WEEK NOMMER | TEMA | GEDEELDE LEES TEKS | LEES WERKSKAART |
|---|---|---|---|
| 1 | Probleem Oplossing | Die verfkwas | 1 |
| 2 | Probleem Oplossing | Die legende van die mielie | 2 |
| 3 | Ons groei en verander | Die baadjie is myne! | 3 |
| 4 | Ons groei en verander | Wayde maak kerrie | 4 |
| 5 | Ons lewende geskiedenis | My oupa se storie | 5 |
| 6 | Ons lewende geskiedenis | 'n Goddelike boodskapper | 6 |
| 7 | Wetenskap is pret | Die eerste inenting | 7 |
| 8 | Wetenskap is pret | Limani se eksperiment | 8 |

## Termyn 4 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwerp in lyn met die Verkorte Afdeling 4 van die CAPS dokument. Dit kan agter in die **/TRACKER/** van elke kwartaal gevind word.

# Klaskamer Uitstallings

## VERTOONBORDE

1. As deel van die program sal jy van vier groot vertoonborde van verskillende kleure voorsien word.
2. Elke gekleurde bord sal gebruik word om ’n verskillende stel woorde van die week uit te stal.
3. Gebruik hierdie borde as volg:
   a. **Groen bord** – vertoon die tema woordeskat woorde en illustrasies van die week.
   b. **Blou bord** – vertoon die hoë frekwensie woorde vir die week.
   c. **Geel bord** –vertoon die klanke en woorde vir die week.
   d. **Pienk bord** – vertoon die skryfraamwerk vir die week.
4. Die woorde op die bord moet elke week opgedateer word.
5. Moet asseblief nie al die temawoordeskat en illustrasies vir die jaar oplos nie. Hierdie uitstalling moet verband hou met die tema waarmee jy besig is. As die hele klas vol woorde in illustrasies is raak dit oorweldigend en sal die leerders dit nie meer raaksien nie.
6. Haal woorde en illustrasies af en bêre dit op ’n geordende wyse.
7. Pas hierdie woorde op sodat jy hul weer kan gebruik in die volgende jaar.

## TEMATAFEL

1. Probeer om ’n tematafel in jou klas te skep.
2. Gebruik hierdie spasie om prentjies en voorwerpe wat betrekking het op die tema uit te stal.
3. Merk hierdie items, sodat leerders die woordeskat kan leer.

# Kernmetodologieë

## Klaskamer Bestuur

Sommige fundamentele klaskamer bestuursstrategieë is ingesluit as ’kern metodologieë’. Hierdie is strategieë wat regdeur die program gebruik word. Dit is dus belangrik om hul te bemeester.

***Doel:*** *Om tyd per taak, leerder gedrag en samewerking tussen leerders te verbeter. Om onderbrekings aan leerders te verminder. Om ’n element van speel om te leer in te stel.*

### SITPLEK EN KLEINGROEPIES

**1** Dit is baie belangrik om tyd en noukeurige aandag te gee aan waar jy leerders laat sit in jou klaskamer.

**2** Oorweeg die volgend belangrike punte wanneer jy dit doen:

- **a** **Plaas leerders met gemengde vermoëns saam**– jy wil nie leerders wat sukkel bymekaar laat sit nie, of sterk leerders saam te laat sit nie. Meng die leerders sodat die hele klaskamer ’n gemengde vermoë spasie is.
- **b** **Plaas leerders strategies om konflik of lawaai te voorkom**. Moet nie leerders wat mekaar pla bymekaar laat sit nie. Moenie leerders wat nie kan ophou praat bymekaar laat sit nie. Verhoed probleme deur sulke leerders te skei.

**3** In die leerprogram is daar ’n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders in kleingroepies moet werk.

**4** Sulke groepies, bestaande uit 3–4 leerders, sit naby aan mekaar. Deur dit te doen kan leerders, wanneer jy vra dat hulle in hul ’kleingroepies’ moet werk, die groepie vinnig en effektief vorm, sonder om te veel rond te beweeg.

**5** Indien leerders in rye sit, is ’n maklike manier om klein groepies te vorm deur twee leerders in die voorste ry te laat omdraai na die twee leerders reg agter hulle in die tweede ry. So kan hulle ’n kleingroepie vinnig en effektief vorm.

**6** Moenie dit aan die leerders oorlaat nie. Besluit hoe die klein groepies in jou klaskamer gevorm gaan word en leer die leerders om die groepe vinnig en rustig te vorm.

**7** Maak veranderinge aan die groep indien jy sien dat die dinamiek in ’n groep nie werk nie – moet leerders nie forseer om saam te werk nie.

### BESTUUR VAN GROEPBESPREKINGS

**1** In die leerprogram is daar ’n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders groepbesprekings hou.

**2** Leer leerders om dit as volg te doen:

- **a** Eerstens moet leerders in hul kleingroepe kom.
- **b** Tweedens moet die leerders oplet wat die besprekingsvrae of raamwerk is.

- **c** Dan moet elke leerder die kans gegun word om elke vraag te beantwoord, bv.:
  - Leerder 1 antwoord Vraag 1
  - Leerder 2 antwoord Vraag 1
  - Leerder 3 antwoord Vraag 1
  - Leerder 4 antwoord Vraag 1
  - Leerder 1 antwoord Vraag 2
  - Leerder 2 antwoord Vraag 2
  - Leerder 3 antwoord Vraag 2
  - Leerder 4 antwoord Vraag 2
  - Ensovoorts

**3** Dit mag 'n goeie idee wees om gebruik te maak van 'n 'praatstok /klip/ item' om dit te beheer.
- **a** Gee aan elke groep 'n kleurvolle item soos 'n gekleurde stok of klip.
- **b** Die persoon wat die stok vashou, mag dan praat en almal anders in die groep moet luister.
- **c** Sodra die eerste leerder klaar gepraat het moet hy of sy die item aangee aan die volgende leerder, ensovoorts.

**4** Indien die groep moet terug rapporteer, kan hulle sodra almal geantwoord het, stem vir die beste antwoord vir elke vraag.

## LEES OORGANGSAKTIWITEITE

**1** Gedurende alle groepbegeleide lees les, moet onderwysers met twee groepe werk.

**2** Tussen groepe is dit belangrik om "aktiewe breuk" te neem, voordat leerders gereed is om aan die volgende Leeswerkkaart te werk.

**3** Doen dit as volg:
- **a** Wanneer jy klaar met Groep 1 gewerk het, stuur hulle terug na hulle tafels.
- **b** Roep die klas tot aandag.
- **c** Doen 'n Lees oorgangsaktiwiteit met die hele klas.
- **d** Laat die klas rustig word met die volgende Leeswerkkaart.
- **e** Verduidelik die volgende aktiwiteit op die Leeswerkkaart.
- **f** Herinner leerders dat hulle elke aktiwiteit waaraan hulle werk moet voltooi voordat hulle mag aanbeweeg na die volgende aktiwiteit – hulle moet teen hul eie tempo werk.
- **g** Roep Groep 2 om saam met jou te kom werk.

**4** Gedurende Termyn 4 stel ons voor dat jy die volgende 4 Lees oorgangsaktiwiteite gebruik:

### Aktiwiteit 1: Juffrou sê

1. Sê aan leerders om op te staan.
2. Verduidelik dat julle verskillende bewegings gaan doen, soos: vat aan jou kop; vlieg ʼn vlieër; wikkel jou neus; spring drie keer; ens.
3. Indien jy sê, "Juffrou sê" moet die leerders die aksie uitvoer.
4. Indien jy nie sê "Juffrou sê" nie, moet die leerders stil staan.
5. Wanneer ʼn leerder die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het "Juffrou sê" nie, is die leerder uit en moet gaan sit.
6. Die wenner is die laaste leerder wat bly staan.

### Aktiwiteit 2: Dans Partytjie

1. Sê aan leerders om op te staan.
2. Verduidelik dat jy musiek op jou foon gaan speel.
3. Sodra die leerders die musiek hoor, moet hulle dans.
4. Sodra jy die musiek afsit moet hulle vries.
5. Skakel die musiek ʼn paar keer aan en af, sodat die leerders ʼn paar keer kan dans en vries!

### Aktiwiteit 3: Wikkel, wikkel, vries

1. Sê aan die leerders om op te staan.
2. Sê: wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, vries!
3. Leerders moet dit saam met jou sê en hul lyfies wikkel wanneer hulle sê ʼwikkelʼ.
4. Wanneer hulle ʼvriesʼ moet hulle doodstil staan en doodstil wees!
5. Herhaal dit ʼn paar keer.

### Aktiwiteit 4: Ek en my stoel

1. Sê aan die leerders om langs hul stoele te staan. Daar moet ʼn bietjie spasie rondom hulle wees.
2. Gee aan die leerders instruksies om te volg – hulle moet dit vinnig en stil doen.
3. Hierdie instruksies hou almal verband met die stoel en hul oefen so die gebruik van voorsetsels.
4. Gee instruksies soos:
   - staan agter jou stoel
   - tel jou stoel op
   - klim op jou stoel
   - klim bo-oor jou stoel
   - ens.

## Mondelinge Aktiwiteite

Aan die begin van die Huistaal lesse op Maandae, Woensdae en Vrydae sal julle mondelinge aktiwiteite doen. Hierdie is die luister – en praat aktiwiteite van die program. Dit is met oorleg ontwerp om aan die leerders geleentheid te gee om individueel te praat.

### Onderrig van Tema Woordeskat

***Doelwit:*** *Leerders se kognitiewe – konseptuele en akademiese woordeskat word uitgebrei, om sodoende leesbegrip en algemene kennis te verbeter. Leerders word beter toegerus met die taal wat vereis word om effektief in die Intermediêre fase te funksioneer.*

1. Leer 3 nuwe tema woordeskat woorde vir leerders.
2. Gebruik die metodiek 'PATS' om nuwe woordeskat aan te leer.
3. PATS is 'n akroniem vir Wys, Spel, Vertel en Sê.
4. Dit is nie altyd moontlik om aI vier aksies vir elke temawoord te doen nie – doen slegs wat van toepassing is:
   - a WYS na 'n prent of werklike item, indien moontlik.
   - b Die temawoord word deur AKSIES uitgespeel.
   - c VERTEL die leerders wat die temawoord is en die betekenis daarvan.
   - d Sê die woord in 'n sin, en laat die leerders die woord na jou herhaal.
5. Wanneer jy die tema woordeskat vir die leerders geleer het, vertoon die woorde op die vertoonbord, tesame met die temawoord illustrasie.
6. Nie elke leerder sal die nuwe tema woordeskat onmiddellik ken nie. Onderwysers hoef nie hieroor bekommerd te wees nie, en moenie leerders die woorde te veel kere laat herhaal nie!
7. Leerders sal na herhaalde kere die nuwe woordeskat teëkom gedurende die tema, en sal die geleentheid gegee word om hulle eie woordeskat te bou.

### Liedjie of Rympie

***Doelwit:*** *Leerders se kennis van die nuwe woordeskat word gekonsolideer. Leerders leer deur middel van spel.*

1. Die spesifieke liedjie of rympie wat jy met die leerders doen, is in die lesplan gelys.
2. Die leerders sal oor 'n gegewe tyd hierdie liedjies en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
3. Alhoewel, wanneer dit aanvanklik bekend gestel word, is dit nodig dat jy die woorde, aksies en wysie (as daar een is), aan die leerders moet leer.
4. Leer die liedjie of rympie reël-vir-reël soos volg vir die leerders aan:

   **a** Sing of sê die hele liedjie of rympie vir die klas. Verduidelik die betekenis daarvan aan die leerders, indien nodig.
   **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
   **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
   **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit na jou herhaal.

**5** Gaan op hierdie wyse voort totdat jy die hele liedjie of rympie aan die leerders geleer het.
**6** Gepaste aksies moet altyd by die Knip en rympie ingesluit word.
**7** Laat leerders toe om hulle geliefkoosde liedjie aan die einde van die dag te sing – hierdie is ŉ prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Sing of rym

***Doelwit:** Konsolideer leerders se kennis van die nuwe woordeskat. Leerders leer deur spel.*

**1** Die spesifieke liedjie of rympie wat jy met die leerders moet doen, is in die lesplan gelys
**2** Leerders sal oor ’n tyd hierdie liedjies en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
**3** Aanvanklik as dit aan die leerders bekendgestel word sal aksies en wysie aangeleer moet word.
**4** Die lied en rympies moet reël-vir-reël aan die leerders geleer word, soos hieronder uiteengesit.
   **a** Sing of sê die hele liedjie vir die klas. Indien nodig verduidelik die doel daarvan, aan die leerders.
   **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   **e** Hou op hierdie manier aan, totdat jy die leerders die hele liedjie of rympie aangeleer het


**5** Gepaste aksies moet altyd met die liedjie of rympie ingesluit word.
**6** Laat leerders toe om aan die einde van die dag hulle geliefkoosde liedjies of rympies te kies – dit is ’n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Stel die Tema bekend: Assessering Vorige Kennis.

***Doelwit:** Stel die vooraf kennis van leerders oor ŉ onderwerp vas, en bou op wat reeds oor daardie onderwerp bekend is. Die grafiese organisasie erken die kennis van die leerders en bou op wat reeds bekend oor die onderwerp en organisasie is. Gebruik geheuekaarte om die grafiese organisasie van kennis te ontwerp.*

**1** In hierdie aktiwiteit, begin die onderwyser deur ’n vinnige geheuekaart op die bord te skryf.
**2** Die onderwyser trek ŉ sirkel op die bord met die naam van die tema in die middel.
**3** Die onderwyser vra nou aan die leerders: Wat weet julle reeds van hierdie tema?

4 Die onderwyser skryf die leerders se idees rondom die geheuekaart. Die onderwyser moet probeer om soortgelyke idees saam te groepeer byvoorbeeld, as die tema 'Vriendskap' is, mag jy dalk ŉ geheuekaart hê wat soos hierdie lyk.




5 In die tweede week van die siklus, sal die onderwyser die geheuekaart gebruik om leerders te help met hersiening en te reflekteer wat hulle in die eerste week van die siklus geleer het.

6 Die onderwyser sal aan die leerders vra: Watter nuwe en interessante dinge het ons sover van hierdie tema geleer?

## Kreatiewe Storievertel Week 1

***Doelwit**: Gee leerders die geleentheid om ŉ nuwe taal te gebruik, en om hulle kennis van 'n onderwerp en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Brei leerders se volgorde vaardighede uit. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede – samewerkend – in 'n klein groep te werk.*

1 Hierdie aktiwiteit gee leerders die geleentheid om hulle verbeelding en kreatiwiteit te gebruik; hulle nuwe tema woordeskat en hulle volgorde vaardighede aan te wend om 'n nuwe storie te op te maak.

2 Sê aan leerders om na hulle klein groepe te gaan.
3 Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy vir die tema. Jy sal dit in die hulpbronpakket vind
4 Hierdie bladsye het ’n serie van 3–4 prente wat gebruik kan word om ’n storie te bou wat met die tema verband hou.
5 Sê aan die leerders om aan ’n storie te dink wat by die prente pas.
6 Gee aan leerders ’n minuut of twee om oor hulle idees te dink.
7 Elke leerder in die groep moet ’n beurt kry om hulle weergawe van die storie te vertel.
8 Stap rond en luister na verskillende leerders soos hulle hulle stories vertel.
9 Neem die bladsye in en bêre dit sorgvuldig vir die volgende week.
10 Moedig leerders aan om hulle stories aan iemand anders by die huis te vertel.

## Kreatiewe storievertel week 2

***Doelwit**: Gee leerders die geleentheid om ’n nuwe taal te gebruik, en hulle kennis en kreatiwiteit te gebruik om ’n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede-samewerkend in ’n klein groep te werk.*

1. Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
2. Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy van die tema.
3. Herinner leerders daaraan dat hulle die vorige week, hulle eie stories rondom die prente opgemaak het.
4. Gedurende hierdie week moet die leerders in ’n groep werk om op ’n groepstorie te besluit.
5. Herinner leerders daaraan dat hulle stories kreatief moet wees, maar dat dit by die prente moet pas!
6. Maak seker jy het die hele klas se aandag.
7. Vra 1–2 verskillende groepe om hulle groepstories te deel.
8. Bedank leerders dat hulle hulle stories gedeel het.

## Bespreking van Gedeelde Lees Teks

***Doelwit:** Leer leerders kritiese denke en opsommingsvaardighede aan en gee hul die geleentheid om hierdie vaardighede te oefen en te ontwikkel. Bou leerders se selfvertroue op deur oorspronklike geleenthede te gee om te formuleer en aan opinies uitdrukking te gee, te evalueer, konneksies te maak en tot ’n gevolgtrekking te kom.*
*Gee aan leerders die geleentheid om gesamentlik en mede-gesamentlik in ’n klein groep te werk.*

1. Bespreking van die Gedeelde Lees Teks word op Vrydae gedoen.
2. Begin by die skryf van die besprekingsraamwerk op die bord.
3. Vervolgens lees en verduidelik die besprekingsraamwerk aan die leerders.

4 Leerders moet verstaan dat daar geen foute met antwoorde van oop en geslote vrae is nie – alle antwoorde en opinies word verwelkom.
5 Kry die klas se aandag aan die einde van die les.
6 In die laaste paar minute, vra verskillende leerders of ŉ spesifieke groep om hulle antwoorde te deel.
7 Bedank leerders vir hulle antwoorde en bydraes.
8 As antwoorde nie korrek is nie, of uitbreiding daarop benodig word, korrigeer die leerders of vra vinnige vrae.

## Fonetiese Bewustheid & Klanke/Handskrif

**Graad 1 & 2 (totdat die fonetiese programme voltooi is)**

Fonetiese Bewustheid & Klanke en Handskrif werk saam in hierdie programme.

### Konsolidasie: Maandae

***Doelwit:** Leerders se fonetiese bewustheid word informeel geassesseer en die herroeping van geleerde klanke en handskrif. Klanke en handskrif word geremidieër of konsolideer deur self-regstelling. Gebruik assesserings waarneming vir formele doeleindes.*

1 Op Maandae gedurende Handskrif, sal leerders hulle drukskrif oefen deur klanke, lettergrepe en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
2 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak. Leerders moet die datum skryf, sodra hulle daartoe in staat is.
3 Vervolgens sê aan leerders om hulle bladsy in die helfte te vou, en nommer van 1–5 in die kantlyn, en 6–10 in die middel van die bladsy. (Die aantal klanke, lettergrepe en woorde sal van les tot les verskil).
4 Sê aan leerders om die klank, lettergreep of woord neer te skryf soos jy dit sê – hulle moet langs die korrekte nommer skryf. Indien hulle nie die woord of klank kan skryf nie, moet hulle ’n koppelteken skryf –.
5 Herinner leerders daaraan dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle kan onthou om die klanke, lettergrepe en woorde wat hulle alreeds geleer het kan skryf.
6 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif kontroleer.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om ’n klank, lettergreep of woord korrek te skryf.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om die letters behoorlik te vorm.
7 Vra die klanke, lettergrepe en woorde in die lesplan.
8 Die leerders neem ’n kleurpotlood om hulle eie werk te korrigeer.
9 Skryf die antwoorde korrek op die bord, sê die klanke terwyl jy die skryfproses verduidelik.

**10** Indien leerders sukkel om 'n klank te onthou of 'n letter te skryf, moet hulle in die week hieraan werk.
**11** Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota wie addisionele hulp benodig.

## Leer nuwe Klanke en Woorde aan: Dinsdae en Woensdae.

***Doelwit:*** *Leerders se fonemiese bewustheid word sistematies ontwikkel. Om duidelik en sistematies huistaal foneme en lettergrepe aan leerders te leer, en om die identifikasie en gebruik van geleerde foneme en lettergrepe in woorde te oefen.*

### Bekendstelling van die nuwe klank

1. Sê die klank en wys die flitskaart, byvoorbeeld: **/p/**
2. Sê die klank die leerders herhaal die klank 3x.
3. Bespreek hoe die **/p/** klank <u>dieselfde</u> in Afrikaans en Engels is.
4. Vir enkelklanke wys leerders die klanke op die Alfabetkaart.
5. Vra aan leerders: Kan jy aan woorde dink wat die klank **/p/** gebruik?
6. Dinkskrum woorde met leerders, soos: **pote, pere, krap, prys**

### Bekendstelling van nuwe woorde

1. Sê elke woord hard en duidelik terwyl jy die flitskaart aan leerders wys: **pote, pere, krap, prys**
2. Vra die leerders om die woorde na jou te herhaal terwyl klem gelê word op die teikenklank.
3. Plak die flitskaarte van die woorde op die Klanke Vertoonbord.

## Skryf nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies die Leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme wat ooreenstem met die aangeleerde foneme te kan beskryf.*

1. Leer die leerders om die drukskrifletter(s) korrek te vorm van die aangeleerde klanke.
2. Wys hoe om die klank op die bord te skryf – beskryf die vormingsproses soos jy skryf.
3. Sê aan linkshandige skrywers om met hulle koppe op die lessenaar te lê.
4. Staan dan met jou rug na die klas en lig jou regterhand op.
5. Sê aan die regshandige leerders om in die lug te volg soos jy die letter(s) skryf.
6. Vervolgens herhaal die proses met die linkshandiges.
7. Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk en die klank om die beurt op mekaar se rug met hulle vingers te skryf.
8. Sê hierna aan die leerders om die klank met hulle vingers op hul lessenaars te skryf.

9 Heel laaste wys leerders nog eenkeer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.
10 Leerders moet hierna die klank /woorde/ sinne in hulle boeke skryf.
11 Leerders moet die nuut geleerde klank in enige woord/sin wat geskryf is onderstreep.

## Segmentering en vermenging: Donderdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid te ontwikkel,* en *hulle vaardigheid om alle aangeleerde foneme en lettergrepe te vermeng en segmenteer om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Deur die herkenning van foneme en lettergrepe kan outomatisme verbeter word.*

### Ek:

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord:
3 Segmenteer die woord in individuele klanke:: **/p/ – /e/ – /r/ – /e/**
4 Sê die eerste enkelklank van die woord: **/p/**
5 Sê die tweede enkelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die derde enkelklank van die woord: **/r/**
7 Sê die laaste enkelklank van die woord: **/e/**
8 Skryf die woord op die bord: **pere**
9 Deur jou voorbeeld, wys na die bord om klanke te vermeng om 'n woord te maak: **/p/ – /e/ – /r/ – /e/ = pere**
10 Vervolgens sê die eerste lettergreep van die woord: **/pe/**
11 Sê die tweede lettergreep van die woord: **/re/**
12 Deur jou voorbeeld wys, na die swartbord om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te maak: **/pe/ – /re/**
13 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

### Ons ...

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **pote**
3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste enkelklank in die woord? **/p/**
4 Vra aan die leerders: Wat is die tweede enkelklank in die woord? **/o/**
5 Vra aan die leerders wat is die derde enkelklank in die woord? **/t/**
6 Vra aan die leerders wat is die laaste enkelklank in die woord? **/e/**
7 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/ – /o/ – /t/ – e/**
8 Skryf die woord op die bord: **pote**
9 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord te segmenteer: **/p/ – /o – /t/ – /e/**
10 Vra aan die leerders wat is die eerste lettergreep van die woord? **/po/**
11 Vra aan die leerders wat is die laaste lettergreep van die woord? **/te/**

12 Sê aan die leerders om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te vorm:
**/po/ – /te/ = pote**

13 Herhaal hierdie proses met 'n woord uit die Woensdag les.

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Gee aan leerders die geleentheid om hulle kennis van geleerde foneme te konsolideer. Die leerders kry geleentheid om die vaardigheid van vermenging te oefen om woorde te bou. Die herkenning van foneme word deur outomatisme herken.*

Skryf die tabel op die bord wat vorige geleerde klanke sowel as klanke aangeleer op Dinsdag en Woensdag insluit.

| | | |
|---|---|---|
| **y** | **i** | **p** |
| **kr** | **d** | **a** |
| **pr** | **e** | **m** |

### Model:

1 Herinner leerders aan die klanke van die week byvoorbeeld: **/kr/** en **/pr/.**

2 Hersien alle klanke en vermengings op die bord.

3 Verduidelik dat leerders drie minute sal hê om soveel woorde as moontlik te kan skryf deur van die klanke en vermengings hierbo te gebruik.

4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik:
**/kl/ – /i/ – /m/**

5 Herinner leerders daaraan dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie **/kr/ of /y/** te gebruik nie.

6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak: **/kr/ – /a/ – /p/**

7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklanke te gebruik, soos **/kl – /i/ –/p**, of woorde sonder die teikenklank soos **dink.**

### Leerders doen:

1 Sê aan die leerders om hulle boeke uit te haal en die opskrif te skryf: **kl, y**

2 Gee die instruksie dat die leerders moet begin skryf.

3 Gee leerders 3 minute om soveel as wat hulle kan nuwe woord te vind en te bou.

4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou ( en nog ander): **klink, klank, klap, pad, dam, mank, dink, klep, demp, prys**

# Fonemiese Bewustheid & Fonetiek/Handskrif

**Graad 2 & 3 (sodra die fonetiekprogramme voltooi is)**

Fonemiese Bewustheid & Fonetiek en Handskrif werk saam in hierdie programme.

## GRAAD 2 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Verander Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en veranderinge in woorde en sinne te identifiseer, wat die betekenis van die woorde of sinne verander*

***Nota:*** *Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra die leerders genoeg kursiewe skrif ken, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

1. Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur klanke en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
2. Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum te skryf.
3. Vervolgens sê aan die leerders om van 1–5 in die kantlyn te skryf, en tussen elke nommer ’n lyn oor te slaan.
4. Skryf die sin wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord langs die nommer 1, bv.:
   1. Ek wil my boek hê.
5. Sê aan leerders om die sin in hulle boeke te kopieër.
6. Vervolgens sê aan leerders om verskillende voornaamwoorde langs die nommers te skryf, bv.:
   - Hy
   - Sy
   - Hulle
   - Ons
7. Sê aan die leerders om die sin oor te skryf, deur elkeen van hierdie voornaamwoorde te gebruik.
8. Herinner leerders dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle alreeds geleer het, te kan skryf.
9. Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
10. Aan die einde van die les skryf die sinne korrek op die bord, sê die klanke en verduidelik die kursiewe skryfproses terwyl jy dit doen.
11. Vra die leerders daarna om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, bv.: waar die sinne verander.
12. Onderstreep enige patroon, soos:

- Hy wil sy boek hê.
- Sy wil haar boek hê.
- Hulle wil hul boek hê.
- Ons wil ons boek hê.

13 Sê aan die leerders om 'n kleurpotlood te neem om hulle eie werk te korrigeer.

14 Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of om 'n letter in kursief te skryf, moet hulle in die week daaraan werk.

15 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag met klanke sukkel, terwyl ander sukkel om kursief te skryf!

## GRAAD 3 TERMYN 1–2

### HANDSKRIF

### Enkelvoud tot Meervoud Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur self korreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te sien en fokus op die patrone van verandering in 'n sin, afhangende van die selfstandige naamwoord voorvoegsel.*

***Nota****: In die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF doen. So gou as wat leerders genoeg kursief ken, gee asseblief opdrag dat hulle die aktiwiteit in KURSIEF moet voltooi.*

1 Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe handskrif deur hersiening van klanke en woorde wat in die vorige weke geleer is

2 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en opskrif te skryf **Enkelvoud na Meervoudwoorde**.

3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf en om lyne tussen die nommers oor te slaan

4 Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle reeds geleer het, te skryf.

5 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.

6 Roep die enkelvoudwoorde in die lesplan uit. Leerders moet hierdie woorde soos volg langs die nommers skryf.

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

- bak
- hek
- sak
- gans
- kind

7 Vervolgens sê aan leerders om die woorde oor te skryf as meervoude.

8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, terwyl jy die klanke sê en beskryf die kursiewe skryfwyse proses soos jy dit doen.

9 Vra dan aan die leerders om enige patrone wat hulle kan sien, uit te wys, soos waar die woorde verander.

10 Onderstreep hierdie patrone, soos:

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

- bak
- bakke
- hek
- hekke
- sak
- sakke
- gans
- ganse
- kind
- kinders

11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.

12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

13 Sê aan leerders dat indien hulle sukkel om 'n klank te onthou, of om 'n letter in kursief te skryf, hulle daaraan gedurende die week moet werk.

14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

## GRAAD 3 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Enkelvoud na Meervoud Sinne: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid by leerders te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op – en verandering van patrone in 'n sin afhangende van die voornaam voorvoegsel.*

***Nota****: Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra leerders genoeg weet van Kursiewe skrif, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

1 Op Maandae gedurende Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur woorde wat in vorige weke geleer is, te hersien.

2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf met die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne**.

3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf, maar laat 'n lyn tussen elke nommer oop.

4 Herinner leerders daaraan dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die woorde te skryf wat hulle reeds geleer het.

5 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif nagaan.
6 Roep die enkelvoudige sinne in die lesplan uit. Leerders moet hierdie sinne langs die nommers skryf, soos volg:
**<u>Enkelvoud na Meervoud Sinne</u>**
a Die bak is op die tafel.
b Die hek is toe.
c Die sak is swaar.
d Die gans eet.
e Die kind speel
7 Vervolgens sê aan die leerders om die sinne in die meervoud te skryf.
8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die sinne korrek op die swartbord, terwyl jy die klank sê en die kursiewe skryfproses verduidelik soos jy skryf.
9 Vra dan aan die leerders om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, soos: waar woorde verander.
10 Onderstreep hierdie patrone, soos:
**<u>Enkelvoud na Meervoud Sinne</u>**
a Die bak is op die tafel.
b Die bak<u>ke</u> is op die tafel.
c Die hek is toe.
d Die hek<u>ke</u> is toe.
e Die sak is swaar.
f Die sak<u>ke</u> is swaar.
g Die gans eet.
h Die gans<u>e</u> eet.
i Die kind speel.
j Die kinders speel.
11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
12 Sê aan leerders om ’n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
13 Indien leerders gesukkel het om ’n klank te onthou of ’n letter in kursief te skryf, moet hulle dit gedurende die week oefen.
14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak ’n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

**FONETIEK**

## Hersiening van klanke deur verdeling en vermenging: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid en vermoë om aangeleerde foneme en lettergrepe saam te voeg en te verdeel te ontwikkel, om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Om herkenning van foneme deur outomatisme te vermeerder*

**Ek ...**

1. Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2. Sê die woord: klank
3. Breek die woord op in klanke: **/kl/ – /a/ – /nk/**
4. Sê die eerste klank van die woord: **/kl/**
5. Sê die middelste klank van die woord: **/a/**
6. Sê die laaste klank van die woord: **/nk/**
7. Skryf die woord op die bord: **klank**
8. Wys na die klanke en voeg hulle saam om 'n woord te vorm: **/kl/ – /a/ – /nk/ = klank**
9. Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

**Ons ...**

1. Begin met 'n woord uit die Dinsdag les.
2. Sê die woord: **krank**
3. Vra aan die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4. Vra aan die leerders: Wat is die middelste klank van die woord? **/a/**
5. Vra aan die leerders: Wat is die laaste klank van die woord? **/nk/**
6. Skryf die woord op die bord: **krank**
7. Sê aan die leerders om saam met jou die klanke in die woord saam te voeg: **krank**
8. Herhaal hierdie met 'n woord van die Woensdag les.

**Jy...**

1. Sê aan leerders om hulle boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kl woorde**.
2. Vervolgens sê aan leerders om van 1–5 in die kantlyn te nommer.
3. Roep die **vyf** woorde van die lesplan uit.
4. Leerders moet hierdie woorde langs die korrekte nommer skryf. Hulle behoort hulle verdeling – en vermengingsvaardighede te gebruik om hierdie woorde te spel.
5. Leerders moet die teikenklanke in elke woord onderstreep.
6. In die laaste twee minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, en onderstreep die teikenklank.
7. Sê aan die leerders om met 'n kleurpotlood hulle eie werk te korrigeer.
8. Verduidelik aan leerders dat hulle sal leer om hierdie klank in KURSIEF in die volgende les te skryf.
9. Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Donderdae.

### HANDSKRIF

## Skryf Nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies die leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme te skryf wat korrespondeer met die aangeleerde foneme.*

1. Leer die leerders om korrek die kursiewe letter(s) te vorm vir die klank wat geleer is.
2. Leer die kleinletters sowel as die hoofletters vir elke letter.
3. Wys deur jou voorbeeld van die klank op die swartbord te skryf – verduidelik die lettervormingsproses soos jy skryf.
4. Sê aan linkshandige leerders om met hulle koppe op die lessenaar te lê.
5. Staan dan met jou rug na die leerders en lig jou regterhand op.
6. Sê aan die regshandige leerders om jou te volg soos jy die letter(s) in die lug skryf.
7. Herhaal daarna hierdie proses met die linkshandige leerders.
8. Sê dan aan die leerders om saam met ’n maat te werk deur die klanke met hulle vingers op mekaar se rûe te skryf.
9. Vertel leerders hierna om die klank met hulle vingers op hulle lessenaars te skryf.
10. Laastens, wys leerders nog ’n keer hoe om die letter(s) en woorde op die swartbord te vorm.
11. Leerders moet dan die klanke /woorde/ sinne in hulle boeke skryf. .
12. Wanneer voorbeelde van woorde gewys word, lê klem op hoe die kursiewe letters bymekaar kom of aanmekaar geskryf word.
13. Leerders moet die klank in enige woorde/sinne wat geskryf word, onderstreep.
14. Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.

### FONETIEK

## Letters Omruil: Donderdae

***Doelwit:*** *Om fonetiese kennis te remedieër of konsolideer. Om leesvaardighede te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en ’n enkele verandering in ’n woord te identifiseer wat die betekenis van die woord verander*

**Ek...**

1. Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om na klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2. Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorkom op die bord, soos b**ank, mank**
3. Verduidelik dat ons vandag gaan probeer om uit te vind watter klank verskillend is in die twee woorde.
4. Wys aan die leerders hoe om die verskil te vind, soos: **<u>b</u>ank, <u>m</u>ank**
5. Verduidelik die verskil, soos: die **/b/** en **/m/** klank is verskillend, maar alles verder in die woord is dieselfde!

**Ons ...**

**Deel 1**

1 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord, soos: **vrug, vlug**
2 Vra die aan die leerders: wat is die verskil tussen hierdie twee woorde?
3 Roep 'n leerder om na vore te kom en die verskil tussen die twee woorde te onderstreep, byvoorbeeld: **<u>vr</u>ug, <u>vl</u>ug**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**Deel 2**

1 Vervolgens, skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord, soos **klank**
2 Vra aan die leerders: **Wat is die een klank wat jy in hierdie woord kan omruil om dit te verander na 'n verskillende woord?**
3 Skryf 'n lys van die leerders se idees op die bord, soos: **slank, flank, plank, blank, sak, pak**

**Julle ...**

1 Skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die swartbord: **klank**
2 Vra die leerders: **Wat is een klank wat jy in hierdie woord kan vervang om sodoende 'n ander woord te maak?**
3 Sê aan die leerders om soveel as moontlik ander woorde te maak as wat hulle kan, deur net een klank in die woord te vervang.
4 Aan die einde van die les, roep die leerders saam terug.
5 Roep die leerders om vorentoe na die bord te kom en een van hulle woorde te skryf.
6 Gaan deur die woorde en verduidelik watter klank is omgeruil.
7 **Vlug, vrug, slank, klank, bank, mank**

**FONETIEK**

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met outomatisme te verbeter.*

Skryf die tabel op die swartbord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. <u>Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ank-** | **i** | **p** | **-s** |
| **d** | **t** | **a** | **-ge** |
| **l** | **e** | **kr** | **o** |

**Wys deur jou voorbeeld.**

1. Herinner leerders oor die klanke van die week: **/ank/** en **/kr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
4. Wys aan die leerders hoe om ’n woord te maak deur ’n teikenklank te gebruik, soos: /kl/ **– /a/ – /nk/ = klank**
5. Herinner leerders dat hulle ’n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke **/kl/** of **/rk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, soos: **/t/ – /a/ – /s/ = tas**
7. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

**Leerders**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl**, **kr**.
2. Sê dat leerders moet begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

**Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.**

## Gedeelde Lees met begripsstrategieë

’n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

| | |
|---|---|
| Maandag: | Pre-lees |
| Dinsdag: | Eerste lees |
| Donderdag: | Tweede lees |
| Vrydag: | Nalees |

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met ’n handgebaar om hul lippe te seel)

***Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:***

**1** *Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.*

**2** *Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n leser wat vlot lees dophou.*

**3** *Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis vas deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.*

**4** *Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*

**5** *Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*

- *Voorspel*
- *Visualiseer*
- *Soek die teks*
- *Opsomming*
- *Dink oor die teks (wonder)*
- *Maak konneksies*
- *Maak afleidings*
- *Evalueer*

## BEGRIPSSTRATEGIEË

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

| **Strategie 1: Voorspel** | |
|---|---|
| Verduideliking | Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle dink gaan gebeur in die storie.<br>Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig. |
| *Doel* | *Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.* |

| | |
|---|---|
| Stappe<br><br>*(Om te voorspel met prente)* | **1** Kyk na die prent.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag.<br>**5** Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou. |
| Voorbeelde<br><br>*(Om met prente te voorspel)* | **1** Wat dink julle gebeur hier?<br>**2** Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom?<br>**3** Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien? |
| Stappe<br><br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Lees 'n bladsy van die teks.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag. |
| Voorbeelde<br><br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**2** Wat dink julle gaan die karakter volgende doen?<br>**3** Hoe dink julle gaan die storie eindig? |
| **Strategie 2: Visualiseer** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos 'n toneel in 'n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien. |
| *Doel* | *Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos 'n toneel uit 'n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as 'n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na 'n fliek kyk.<br>**3** Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet 'n fliek in hulle gedagtes maak.<br>**4** Lees weer die teks.<br>**5** Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.)<br>**6** Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?)<br>**7** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het. |
| Voorbeelde | **1** Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het.<br>**2** Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur? |
| **Strategie 3: Soek die teks** | |
| Verduideliking | Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripsvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep. |
| *Doel* | *Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy.*<br><br>*Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na 'n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op 'n vraag te kry.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen?<br>**3** Laat leerders die vraag antwoord.<br>**4** NOTA: Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord. |
| Voorbeelde | **1** **<u>Wie</u>** wou Joe in die resies wen?<br>**2** **<u>Wat</u>** het Joe gedoen voor die resies?<br>**3** **<u>Wanneer</u>** het Joe geoefen vir die resies?<br>**4** **<u>Waar</u>** is die resies gehou? |
| **Strategie 4: Opsomming** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het. |
| *Doel* | *'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het.<br>**3** Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie.<br>**4** Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel.<br>**5** Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help. |
| Voorbeeld | Storie: Joe wen die resies.<br><u>Leerders kan die storie as volg opsom</u>:<br>**Hierdie storie gaan oor** 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.<br>**Ek het van die deel gehou** waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.<br>**Ek het geleer** dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees. |
| **Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)** | |
| Verduideliking | Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks. |
| *Doel* | *Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.*<br>*Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.*<br>*Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.*<br>*Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.)<br>**3** Sê: Ek sien/Ek let op …<br>**4** Sê: Ek wonder …?<br>**5** Leerders hoef **nie** die vraag te antwoord nie. |
| Voorbeeld | **Ek sien** hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. **Ek wonder** of dit vir Joe gaan ontstel? |
| **Strategie 6: Maak konneksies** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders *konneksies maak*, vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld). |
| *Doel* | *Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hul reeds ken van die wêreld.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe?<br>**3** Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees. |
| **Strategie 7: Maak afleidings** | |
| Verduideliking | Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie.<br><br>Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur. |
| *Doel* | *Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks?<br>**3** Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie?<br>**4** Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen?<br>**5** Luister en **bespreek** leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**6** As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op … Ek dink … |
| Voorbeeld | **Teks:**<br><br>My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk. |

| | |
|---|---|
| | Afleiding:<br><br>Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy ’n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was. |
| **Strategie 8: Evalueer** | |
| Verduideliking | Wanneer ons ’n teks evalueer, maak ons ’n besluit oor ’n aspek van die teks. |
| *Doel* | *Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik. Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie?<br>**3** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**4** Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: **Ek dink** x het die regte ding gedoen **want** x |
| Voorbeeld | **Sommige evaluasie vrae kan begin met:**<br><br>**1** Dink jy …<br>**2** Stem jy saam met …<br>**3** Volgens jou opinie …<br>**4** Het jy gehou van … |

Hier onder is ’n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om ’n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

## GEDEELDE LEES: PRE-LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: VOORSPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor ’n storie voor hulle dit lees.

1. Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
2. Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle ’n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waaroor die storie gaan.
3. Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as ’n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waaroor die storie gaan.
4. Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
5. Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
6. Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
   a. Wat sien jy in hierdie prent?
   b. Wat dink jy gebeur hier?
   c. Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

### GEDEELDE LEES: EERSTE LEES

#### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n fliek van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
5 Sodra jy 'n bladsy aan die leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.

### GEDEELDE LEES: TWEEDE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan die leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos*: 'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

**1** Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
**2** Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
**3** Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
**4** Sodra jy 'n bladsy aan die leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
**5** Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
**6** Vra verskillende leerders om te antwoord.
**7** Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
  - **a** Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
  - **b** Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
  - **c** Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
  - **d** Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
  - **e** Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

### GEDEELDE LEES: NALEES

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:
**1** Illustreer die teks.
**2** Voer die storie op.
**3** 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
**4** 'n Geskrewe begripstoets.

### ILLUSTREER DIE TEKS

1 Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of ’n skoon vel papier, potlode en kryte.
2 Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, ’n gebeurtenis of ’n item in die teks.
3 Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
4 Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
5 Dan moet leerders die aanvang van ’n sin/sinne gebruik om ’n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
6 Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

### VOER DIE STORIE OP

1 Laat die leerders rustig op die mat, of op ’n stil plek buite sit.
2 Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
3 Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
4 Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
5 Voer die instruksies saam met die leerders uit.
6 Herhaal elke bladsy.
7 Leer leerders om te reageer op ’n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy ’n bladsy tussen aksies lees.


### ’N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.

1 Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
2 Volg die stappe in die lesplan om ’n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
3 Eerstens demonstreer jy ’n herhaling van iets uit die storie.
4 Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
5 Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
6 Laastens vra jy ’n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
7 Indien die les ’n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

### ’N GESKREWE BEGRIPSTOETS

1 Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
2 Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
3 Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



## Groepbegeleide Lees

***Doelwit:** Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.*

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

**WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:**

1 Voordat jy met 'n groep met die groepbegeleide lees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en werkkaarte.
2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
3 Herhaal die roetine van Huistaal groepbegeleide lees soos volg:
   a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
   b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   c Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
   d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
   e Gee opdrag aan die klas om 'n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkel, wikkel, vries; of My stoel en ek.
      - *Nota: 30 minute is 'n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om 'n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om 'n breuk te hê en iets prettig en fisies te doen.*
   f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
   g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   h Roep 'n ander groep om vir jou te kom lees.
4 Dit is 'n goeie plan om 'n swak leser langs 'n sterker leser te laat sit, soos leerders dan die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur 'n eweknie kan plaasvind.

## STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1 Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 groepbegeleide lees sessies per week. Derhalwe, kry elke groep 'n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.
2 Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:
   a Die mond herinner leerders om woorde te klank.
   b Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.
   c Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.
   d Die twee kinders herinner leerders om saam met 'n maat te lees.
   e Die hand wat 'n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.
3 'n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

## DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR GROEPBEGELEIDE LEES

1 Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.
2 Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.
3 Deel leerders in dieselfde bekwaamheids groepe.
4 In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk.
5 In jou Kontrolelys sal jy 'n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en 'n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.
6 **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.
7 Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as 'n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.
8 **In 'n klas van 40 leerders, mag daar:**
   - Geen vol groep op vlak 1 wees nie, slegs 'n paar individuele leerders.
   - 1 groep op vlak 2
   - 2 of 3 groepe op vlak 3
   - 2 of 3 groepe op vlak 4
   - 1 of 2 groepe op vlak 5

| Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 1 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 2 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 3 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 4 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 5 |
|---|---|---|---|---|
| • Hierdie leerder ken geen of baie min woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie. | • Hierdie leerder ken slegs 'n paar gewone woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige ongesiene woorde te lees. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende, ongesiene woorde te ontsyfer.<br>• Hierdie leser lees redelik vlot. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder lees vlot en met intonasie.<br>• Hierdie is een van die beste lesers in die klas. |

## WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS GROEPBEGELEIDE LEES:

**1** Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
- **a** Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
- **b** Plaas die groep in 'n sirkel.
- **c** Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
- **d** Gee hierna 'n paar minute aan die leerders om 'n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
- **e** Vra dan aan elke leerder om 'n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.

**2** Gedurende groepbegeleide lees, is dit belangrik om te onthou:
- **a** **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
- **b** **Bou van ontsyferingsvaardighede.** As 'n leerder 'n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
- **c** **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van groepbegeleide lees 'n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

**d** **Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat. Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.

**e** **Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waaroor hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees, indien hulle die spoor verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om 'n fliek in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

### VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1. Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
2. Pas hierdie werkkaarte op en bêre dit behoorlik na gebruik.
3. Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

### ALTERNATIEF TOT GROEPBEGELEIDE LEES

Onthou dat die doel van Groepbegeleide Lees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na 'n groepslees luister, is daar 'n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende Groepbegeleide Lees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

1. Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
2. Roep daarna individuele leerders een op 'n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
3. Luister na elke leerder wat van 'n toepaslike teks lees.
4. Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
5. Gee na 15 minute opdrag aan die klas om 'n oorgangsaktiwiteit te doen.
6. Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
7. Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
8. Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sal luister.

## Prosesskryf

***Doel:** Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry".*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

### BEPLAN SKRYFWERK

1. In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
   - **a** 'n Lys
   - **b** 'n Breinkaart
2. Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
3. Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
4. Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
5. Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
6. Laat leerders toe om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
7. Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

### SKRYF VAN ROFWERK

1. Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
2. Verduidelik kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
3. Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
4. Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

### REDIGERING VAN SKRYFWERK

1. Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die bord.
2. Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
3. Jy mag dalk vir die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
4. Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

### BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROOR

1. Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
2. Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
3. Gee aan verkillende leerder die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
4. Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op ’n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
5. Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
6. Onthou weereens dat selfvertroue ’n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.

## Skryfstrategieë

***Doel:*** *Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

1. Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
2. Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
3. Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
4. Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
5. Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar ’n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

**STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK**

- **a** Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
- **b** Die leerders kry ’n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.

**STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF**

- **a** Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
- **b** Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
- **c** Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
- **d** Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

**STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD**

- **a** Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
- **b** Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
- **c** Lyne moet van links na regs en van bo na onder op die bladsy getrek word.
- **d** Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
- **e** Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
- **f** Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
- **g** Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
- **h** Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

**STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF**

- **a** Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
- Woorde op die muur
- Ander boeke
- Spellyste
- Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

**STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF**

- **a** Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

**STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG**

1. Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
2. Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
3. Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is ’n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

**STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF**

- **a** Leerders lees hul sin hardop aan hulself of ’n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan ’n klasmaat te lees.
- **b** Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
- **c** Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
- **d** Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

**STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS**

- **a** Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na ’n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
- **b** Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
- **c** Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

**STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES**

- **a** Dit is ’n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
- **b** Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat ’n leerder sukkel.
- **c** Hou mini konferensies met daardie leerder.
- **d** Gaan die leerder se werk na, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
- **e** Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

# Graad 1

## TERMYN 4

# Week

# 1

# TEMA:

## Probleem Oplossing

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring 'n verfkwas, voorbeelde van verskillende probleme, prente van mense wat 'n probleem op los.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor stratgië wat gebruik kan word om probleme op te los.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 50–51, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 52, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 53–54, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van 'n probleem wat jy graag sal wil op los.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Die verfkwas
2. Vertel aan leerders dat ons ’n nuwe tema begin: Probleem Oplossing
3. Teken ’n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat is ’n probleem?
   - **b** Watter probleme het jy ervaar?
   - **c** Hoe los jy ’n probleem op?
   - **d** Wat kan ’n probleem vererger (eerder as om dit op te los)?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - probleem
   - oplos
   - oplossing
   - kreatief

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy ’n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar ’n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **muur**
   b **boek**
   c **dier**
   d **neus**
   e **mooi**
   f **twaalf**
   g **roei**
   h **haai**
   i **huis**
   j **koud**
3 Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Die verfkwas</u>
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n problem opgelos het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf sinne daarby. Begin om huidige en verledetyd korrek te gebruik in skryfwerk.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Een keer ....**

**Ek het ... gevoel.**

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor 'n probleem moet dink wat hulle ervaar het.
2. Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek het 'n probleem gehad. Ek kon nie my potlood vind toe ek by die skool aangekom het nie. Ek was baie ontsteld want ek het nie geweet waar dit was nie! Ek het nie geweet hoe ek my skoolwerk sonder 'n potlood sou kon voltooi nie.
5. **Demonstreer** deur 'n prent van jouself wat in jou sak vir 'n potlood soek te teken.
6. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: **Een keer kon ek nie my potlood vind nie. Ek het ontsteld gevoel.**
7. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor algemene probleme.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: verlore, kwaad, baklei ens.
3. Vra aan leerders: Watter probleem het jy al ervaar?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van hulle probleem en hoe hulle daaroor gevoel het.
6. Hulle moet sê: Een keer ... / Ek het...gevoel.
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op* ***leerder*** *ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/kr/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/kr/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **krom, krag, kreef**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **krap, kryt, krom, krag, kreef**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **kr**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

kr kr kr kr

krap krap

kryt kryt

krom krom

krag krag

kreef kreef

Die krap knyp met krag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees:

15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die verfkwas**<br>Bohlale stap die klaskamer binne, daar is 'n nuwe plakkaat teen die muur. Dit is van 'n helderkleurige skildery. Bohlale staar na die skildery. Sy is in vervoering.<br>Gewoonlik geniet Bohlale dit om na die gedeelde lees te luister, maar vandag kyk sy eerder na die skildery.<br>Gewoonlik hou Bohlale daarvan om te tel, maar tydens Wiskunde, tel sy nie saam met die ander nie.<br>Al waaraan Bohlale kan dink, is die nuwe skildery teen die muur. | Ek kan **aflei** dat Bohlale regtig van die skildery teen die muur hou, want sy kan nie ophou om daaraan te dink nie! Ek **wonder** of dit die eerste maal is dat Bohlale so 'n skildery sien? |
| Toe die klok lui, laat Juffrou Mahao die kinders uitgaan vir pouse.<br>"Bohlale, kom sien my gou asseblief!" roep sy.<br>"Ek sien jy hou van die skildery," sê sy. "Miskien sal jy hiervan hou!" Juffrou Mahao gee vir Bohlale 'n boek. | Ek **wonder** waaroor hierdie boek gaan? |
| Siya wag buite vir Bohlale.<br>"Kyk!" sê Bohlale.<br>Bohlale maak die boek oop. Op elke bladsy is daar 'n skildery, wat selfs mooier is as die vorige een. Bohlale is in veroering.<br>Koki roep Bohlale om te kom touspring.<br>"Nie vandag nie!" roep se terug. | Ek kan **aflei** dat Juffrou Mahao gesien het dat Bohlale na die skildery staar, want Juffrou Mahao gee vir haar 'n spesiale boek oor skilderye om na te kyk! |
| Toe Bohlale by die huis kom, gaan haal sy haar ou verfstel. Toe sy dit oopmaak, is daar geen verfkwas in nie! Sy kyk by haar lessenaar. Sy kyk in die speelgoedmandjie. Sy kan die verfkwas nêrens vind nie. | Bohlale is mal oor die nuwe skildery teen die muur. Sy is mal oor die skilderye in Juffrou Mahao se boek. Bohlale wil nou verf. Ek kan **aflei** dat sy prente wil verf soos die een wat sy op die plakkaat en in die boek gesien het. |
| Bohlale gaan buitentoe om te speel. Sy kry 'n rooi blaar. Sy kry 'n blink botteldoppie.<br>Bohlale se pa kom buitentoe.<br>"Kyk wat het ek gekry!" sê sy.<br>"Sjoe!" sê pappa. "Kom in vir ete." | Bohlale kan nie 'n verfkwas kry nie, so sy moet iets anders kry om te doen. Ek **wonder** of Bohlale van die skildery vergeet het? |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Na aandete, staar Bohlale na die verf. Sy staar na die papier. Dan kry Bohlale 'n idee. Sy druk haar vinger in die verf. Sy begin om met haar vinger te verf. Toe verf sy met die rooi blaar. Alles word 'n verfkwas! | Ek kan **aflei** dat dit die eerste keer is dat Bohlale iets anders as 'n verfkwas gebruik om mee te verf. |
| Bohlale verf en verf, totdat haar pa haar kamer binnekom.<br>"Dit is slaaptyd," sê hy.<br>"Kyk!" sê sy.<br>"Sjoe! Jy is 'n regte kunstenaar," sê hy, terwyl hy na haar prente kyk. | **-** |
| Die volgende oggend kies Bohlale haar gunsteling prent en sit dit in haar skooltas.<br>"Ek loop vroeg," sê sy vir haar ma.<br>Bohlale maak die klaskamer se deur oop. Juffrou Mahao is besig om reg te maak vir die dag.<br>Bohlale neem die prent uit haar skooltas.<br>"Dit is vir Juffrou," sê sy.<br>"Sjoe!" sê Juffrou. "Miskien gaan jou prente ook eendag in 'n boek wees." | Ek **wonder** hoekom Bohlale vir Juffrou Mahao 'n prent gee? Ek kan **aflei** dat dit is omdat Juffrou Mahao Bohlale geleer het van skilderye deur 'n plakkaat op te plak en vir haar 'n boek oor skilderye te gee! Ek kan **aflei** dat Bohlale vir Juffrou Mahao wil wys dat sy ook 'n kunstenaar is! |
| Toe die klok lui, stap Bohlale in die klaskamer in. Die ander kinders staar na iets teen die muur. Bohlale kyk van nader – dit is haar prent!<br>"Ek wil so verf!" hoor sy een van die kinders sê.<br>Bohlale kan nie wag om buitentoe te gaan en nuwe dinge te kry om te verf nie. | Ek kan **aflei** dat Juffrou Mahao mal was oor Bohlale se prent, want sy het dit opgehang sodat almal dit kan sien! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het Bohlale op die muur gesien? | Bohlale sien 'n plakkaat / skildery teen die muur. |
| Waarna het Bohlale by haar huis gesoek? | Sy het 'n verfkwas gesoek. |
| Wat het Bohlale in plaas van 'n verfkwas gebruk? | Haar vingers, 'n blaar en 'n botteldoppie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Bohlale 'n prent vir Juffrou Mahao gegee? | • Omdat sy dankie wou sê vir Juffrou Mahao dat sy die boek vir haar gegee het.<br>• Juffrou Mahao was so gaaf met Bohlale dat sy vir haar 'n geskenk wou gee.<br>• Bohlale wou vir Juffrou Mahao wys dat sy ook 'n skildery kan verf. |

## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - staar
   - kuns
   - kunstenaar

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy 'n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar 'n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/st/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat waarin **/st/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: stout, stop, stap**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **stok, stap, stam, stop, stout**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **st**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



stok stok

stap stap

stam stam

stop stop

stout stout

Stout Jan stap in die pad.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n probleem opgelos het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf sinne daarby. Begin om huidige en verledetyd korrek te gebruik in skryfwerk.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Een keer ....**

**Ek het ... gevoel.**

**Ek het die probleem opgelos deur .....**

### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag ’n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor hoe hulle die probleem opgelos het gaan skryf.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk hardop aan die leerders.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het my probleem opgelos deur ’n kollega te vra om ’n potlood by hulle te leen.
6 **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg soos: jouself wat ’n ander onderwyser vir ’n potlood vra.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: Ek het my probleem opgelos deur ’n kollega om hulp te vra.
8 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum oor woorde oor probleem oplossing met die leerders.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: vra, vind, soek, help, praat ens.
3 Vra aan leerders: Hoe het jy jou probleem opgelos?
4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van hoe hulle, hulle probleem opgelos het.
6 Hulle moet sê: Ek het my probleem opgelos deur ...........
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken.


### SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


### DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




Eenkeer het ek my potlood by die huis vergeet.



Ek het die probleem opgelos deur my onderwyser te vertel.

Sy het my een gegee om die dag te gebruik.



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **krom**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/kr/-/o/-/m/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kr/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/o/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/m/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **krom**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/kr/-/o/-/m/** = **krom**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **stok**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **krag**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/g/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/kr/-/a/-/g/**
7 Skryf die woord: **krag**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/kr/-/a/-/g/** = **krag**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **stam**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die verfkwas**<br>Bohlale stap die klaskamer binne, daar is 'n nuwe plakkaat teen die muur. Dit is van 'n helderkleurige skildery. Bohlale staar na die skildery. Sy is in vervoering.<br>Gewoonlik geniet Bohlale dit om na die gedeelde lees te luister, maar vandag kyk sy eerder na die skildery.<br>Gewoonlik hou Bohlale daarvan om te tel, maar tydens Wiskunde, tel sy nie saam met die ander nie.<br>Al waaraan Bohlale kan dink, is die nuwe skildery teen die muur. | Ek onthou dat Bohlale haar eie verfstel het. Ek kan **aflei** dat Bohlale dalk mag dink wat sy na skool gaan verf! |
| Toe die klok lui, laat Juffrou Mahao die kinders uitgaan vir pouse.<br>"Bohlale, kom sien my gou asseblief!" roep sy.<br>"Ek sien jy hou van die skildery," sê sy. "Miskien sal jy hiervan hou!" Juffrou Mahao gee vir Bohlale 'n boek. | Ek kan **aflei** dat Juffrou Mahao 'n vriendelik juffrou is, want toe sy sien dat Bohlale van die skildery teen die muur hou, gee sy vir haar 'n hele boek wat gaan oor skilderye! |
| Toe die klok lui, laat Juffrou Mahao die kinders uitgaan vir pouse.<br>"Bohlale, kom sien my gou asseblief!" roep sy.<br>"Ek sien jy hou van die skildery," sê sy. "Miskien sal jy hiervan hou!" Juffrou Mahao gee vir Bohlale 'n boek. | Ek kan **aflei** dat Juffrou Mahao 'n vriendelik juffrou is, want toe sy sien dat Bohlale van die skildery teen die muur hou, gee sy vir haar 'n hele boek wat gaan oor skilderye! |
| Siya wag buite vir Bohlale.<br>"Kyk!" sê Bohlale.<br>Bohlale maak die boek oop. Op elke bladsy is daar 'n skildery, wat selfs mooier is as die vorige een. Bohlale is in veroering.<br>Koki roep Bohlale om te kom touspring.<br>"Nie vandag nie!" roep se terug. | Ek kan **aflei** dat Bohlale baie geinteresseerd is in al die verskillende skilderye wat sy in die boek sien! |
| Toe Bohlale by die huis kom, gaan haal sy haar ou verfstel. Toe sy dit oopmaak, is daar geen verfkwas in nie! Sy kyk by haar lessenaar. Sy kyk in die speelgoedmandjie. Sy kan die verfkwas nêrens vind nie. | Ek kan **aflei** dat Bohlale vir 'n lang ruk nie haar verfstel gebruik het nie, want sy weet nie eers waar haar verfkwas is nie! Ek kan **aflei** dat sy wil verf nadat sy die skilderye in die klas en in die boek gesien het. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Bohlale gaan buitentoe om te speel. Sy kry 'n rooi blaar. Sy kry 'n blink botteldoppie.<br>Bohlale se pa kom buitentoe.<br>"Kyk wat het ek gekry!" sê sy.<br>"Sjoe!" sê pappa. "Kom in vir ete." | Ek kan **aflei** dat Bohlale gedink het dat sy kan nie verf nie omdat sy nie haar verfkwas kon kry nie. |
| Na aandete, staar Bohlale na die verf. Sy staar na die papier. Dan kry Bohlale 'n idee. Sy druk haar vinger in die verf. Sy begin om met haar vinger te verf. Toe verf sy met die rooi blaar. Alles word 'n verfkwas! | Ek kan **aflei** dat Bohlale kreatief is, want sy besef sy kan ander goed gebruik om mee te verf – sy het op die ou einde nie regtig 'n verfkwas nodig nie! |
| Bohlale verf en verf, totdat haar pa haar kamer binnekom.<br>"Dit is slaaptyd," sê hy.<br>"Kyk!" sê sy.<br>"Sjoe! Jy is 'n regte kunstenaar," sê hy, terwyl hy na haar prente kyk. | Ek kan **aflei** dat Bohlale baie trots voel op haar kreatiewe skilderye, veral nadat haar pa sê sy is 'n regte kunstenaar! |
| Die volgende oggend kies Bohlale haar gunsteling prent en sit dit in haar skooltas.<br>"Ek loop vroeg," sê sy vir haar ma.<br>Bohlale maak die klaskamer se deur oop. Juffrou Mahao is besig om reg te maak vir die dag.<br>Bohlale neem die prent uit haar skooltas.<br>"Dit is vir Juffrou," sê sy.<br>"Sjoe!" sê Juffrou. "Miskien gaan jou prente ook eendag in 'n boek wees." | Ek kan **aflei** dat Bohlale opgewonde is om vir Juffrou Mahao haar prent te wys, want sy gaan vroeg skool toe! Wanneer ek opgewonde is om iewers heen te gaan, gaan ek ook altyd vroeg, net soos Bohlale! |
| Toe die klok lui, stap Bohlale in die klaskamer in. Die ander kinders staar na iets teen die muur. Bohlale kyk van nader – dit is haar prent!<br>"Ek wil so verf!" hoor sy een van die kinders sê.<br>Bohlale kan nie wag om buitentoe te gaan en nuwe dinge te kry om te verf nie. | Ek kan **aflei** dat Bohlale trots voel op haar prent. Ek kan **aflei** dat Bohlale gaan aanhou om te verf met nuwe, interessante voorwerpe! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Bohlale kan nie die verfkwas waarna sy soek opspoor nie. Hoe voel jy wanneer jy nie iets kan opspoor waarna jy soek? | Ope antwoord. Leerders voel ontsteld, geirriteerd, kwaad, teleurgesteld, gefrustreerd. |
| Hoe voel Bohlale wanneer Juffrou Mahao haar prent opplak? | Sy voel trots. |
| Hoekom wil Bohlale verf? | Omdat sy die plakkaat teen die muur en die skilderye in Juffrou Mahao se boek sien. Sy wil prente verf soos die wat sy sien. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is Bohlale opgewonde om buitentoe te gaan en nuwe goed te kry waarmee sy kan verf? | • Omdat sy nuwe goed wil kry om mee te verf.<br>• Omdat sy trots voel op haar skilderye/prente. Sy is opgewonde om nuwe skilderye/prente te maak.<br>• Omdat dit soveel pret is om met verskillende voorwerpe te verf.<br>• Sy wil probeer om met nuwe en verskillende voorwerpe te verf.<br>• Sy het soveel pret wanneer sy verf. Sy wil meer verf.<br>• Sy hou daarvan om kreatief te wees en om te verf met nuwe en verskillende goed.<br>• Miskien wil sy vir Juffrou Mahao 'n nuwe skildery/prent verf om teen die muur te hang. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- inspireer
- verf
- skep

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy 'n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar 'n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Bohlale was geinspireer om te verf want...
Ek het daarvan gehou toe...
Die storie hou verband met ons tema *'Probleem Oplossing'* want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Vra aan die leerders om elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **st** | **p** |
| **o** | **a** | **m** |
| **g** | **k** | **u** |
| **t** | **y** | **e** |

**EK DOEN…**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kr/** en **/st/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/st/-/o/-/k/ = stok**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/kr/ of /st/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/k/-/a/-/t/ = kat**

**LEERDERS DOEN…**

1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kr, st**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **krap, kryt, krom, krag, stok, stap, stam, stop, stout, kat, mat, kam, gom, maat, koek**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
2. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle afleidings gaan maak en prente gaan teken oor wat hulle dink dalk volgende in die storie kan gebeur.
3. **Demonstreer** hoe jy **’n afleiding maak** oor wat dalk volgende in die storie kan gebeur, soos: <u>Ek dink dat Bohlale en haar klasmaats gedurende pouse verskillende voorwerpe gaan soek om mee te verf.</u>
4. Teken ’n prent op die swartbord van <u>Bohlale en haar klasmaats wat op die speelgrond staan met blare, doppies, klippe in hulle hande.</u>
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou <u>’n afleiding gaan maak oor wat hulle dink dalk volgende in die storie kan gebeur.</u>
6. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
7. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
8. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1
## TERMYN 4
# Week 2
# TEMA:
## Probleem Oplossing

## Voorbereiding Van Klaskamer

1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring 'n bak mielies of prente van mielies
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor kreatiewe maniere om probleme op te los.
6 Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 55, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 56, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 57–58, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van 'n keer toe jy kreatief was.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders 'n prent van die Asteke priesters bo – op die tempel in die Grootboek storie: Die legende van die mielies
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Probleem oplossing
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a Wat is goeie maniere om probleme op te los?
   - b Wat maak dit moeilik om probleme op te los?
   - c Hoe voel dit om 'n probleem te hê?
   - d Hoe voel dit om 'n probleem op te los?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - mielies
   - antieke
   - legende

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy 'n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar 'n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **krap**
   b **krom**
   c **kryt**
   d **krag**
   e **kreef**
   f **stout**
   g **stop**
   h **stam**
   i **stap**
   j **stok**
3 Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die legende van die mielies
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf jou eie legende oor hoe om die mielies te kry.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby. Dit sal deel word van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

**As ek 'n antieke Asteekse god / godin was, sou ek ....**

**Dan sou ek ...**

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor 'n ander manier gaan skryf hoe om die mielies van agter die berg te kry.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders jou idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek dink as ek 'n antieke Asteekse godin was sou ek oor die berg gevlieg het om die mielies te kry. Ek dink dit sou werk want party van die antieke gode en godinne lyk asof hulle kon vlieg.
4 **Demonstreer** deur 'n prent van jouself as 'n antieke Asteekse god/godin wat oor berge vlieg te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: As ek 'n asteekse godin was, sou ek gevlieg het. Dan sou ek oor die berge kon vlieg.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende strategië.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: loop, hardloop, vlieg, transformeer, ens.
3 Vra aan leerders: Hoe sou jy die mielie van agter die berg kry?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle idee.
6 Vra 2–3 leerders om jou te vertel hoe hulle die mieles sou kry.
7 Hulle moet sê: As ek 'n antieke Asteekse god / godin was, sou ek ....
8 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

#### SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**


**3** Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
**4** Help leerders om ’n sin te skryf.
**5** Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

**1** Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
**2** Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
**3** **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/sw/**
2. Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/sw/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **swem, swaan, swak**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **swak, swerm, swem, swaan, swoeg**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **sw**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

sw sw sw sw

swak swak

swerm swerm

swem swem

swaan swaan

swoeg swoeg

Die swaan swem in die dam.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Die legende van die mielie</u>**<br>*Het jy geweet dat mielies nie natuurlik in die wildernis voorkom nie? Mielies moet deur mense geplant en versorg word. Mielies is tussen 7,000 en 10,000 jaar gelede vir die eerste maal in Mexiko geplant, dit is steeds 'n belangrike deel van die Mexikaanse koskultuur. Die Asteke is die inheemse mense van Mexiko. Hierdie storie is gebasseer op 'n antieke Asteekse storie oor die oorsprong van Mielies.*<br>***In hierdie storie sal ons te doen kry met die volgende Asteekse gode:***<br>***Tlaloc*** *die reëngod (uitgespreek Tlah-lock)*<br>***Tonatiuh*** *die songod (uitgespreek Toh-nah-tee-uh)*<br>***Tlaltechutli*** *die godin van die aarde (uitgespreek Tlal-teh-koo-tlee)*<br>***Quetzalcoatl*** *die god van geleerdheid (uitgespreek Keh-tzal-coh-atl)* | Ek kan **aflei** dat ons vandag 'n storie oor Asteekse gode en godinne gaan lees, oor al die feite wat ons hier leer! |
| Ver weg en lank gelede het die Asteke van Mexiko gewoon in 'n plek omring deur massiewe berge. Hulle het wortelgroente bymekaar gemaak en wild gejag om te eet. Hulle mae was vol, maar hulle was nie tevrede nie. Hulle was so lus vir mielies – maar die mielies het agter die berge gegroei, ver buite die bereik van mense. | Die Asteke was die eerste mense op aarde wat mielies geplant het. Ek **lei af** hierdie is 'n legende oor hoe hulle begin het om mielies te plant |
| Die Asteekse priesters het die uitroepe van die mense, wat heerlike mielies wou hê, gehoor. So, vroeg een oggend, het die drie magtigste priesters bo na die grootste en mooiste tempel gegaan. Daar het hulle vir die gode om hulp gesmeek. | Ek **lei af** dat die antieke Asteke in meer as een god geglo het, want dit sê die priesters het die gode gesmeek. |
| Eerste het die priesters vir Tlaloc, die reëngod, gevra.<br>"Asseblief magtige Tlaloc, ons mense is lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br>"Ek sal julle help!" het Tlaloc geantwoord met sy bulderende stem. "Ek sal hierdie berge skei. Dan sal julle mielies hê!"<br>Tlaloc het probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar hy was nie sterk genoeg nie. | – |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Volgende vra die priesters vir Tonatiuh, die songod. "Asseblief, magtige Tonatiuh, ons mense is baie lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br><br>"Ek kan julle help om soveel mielies as wat julle begeer te kry!" sê Tonatiuh met 'n breë glimlag. "Net ek is sterk genoeg vir so 'n werk," sê hy.<br><br>Tonatiuh gebruik sy krag en probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar hy was nie sterk genoeg nie. | Ek sien hoe hierdie karakter na die ander gode kyk. Ek **lei af** dat hierdie karakter 'n ander god of godin is. |
| Toe draai die priesters na Tlaltechutli, die godin van die aarde.<br><br>"Asseblief, grote Tlaltechutli, ons mense is baie lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br><br>"Ek kan julle help om soveel mielies as wat julle begeer te kry!" sê Tlaltechutli in haar bulderende stem. "Ek is baie sterker as Tlaloc en Tonatiuh. Ek drink die reën en verslind die son elke dag. Dit moet ek wees wat hierdie berge skei en julle help om julle mielies te kry!" sê sy.<br><br>Tlaltechutli probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar selfs sy was nie sterk genoeg nie. | Ek **wonder** hoekom hierdie karakter die ander gode en godinne dophou? Ek **wonder** of hierdie karakter volgende gaan help? |
| Die priesters begin om die tempel te verlaat toe hulle die geritsel van vere hoor. Hulle kyk op en sien Quetzalcoatl, die god van geleerdheid.<br><br>"Hoekom smeek julle nie by my nie?" vra Quetzalcoatl, in 'n sagte stem.<br><br>"Hoe sal jy die berge kan skei as ons sterk gode en godinne dit nie kan doen nie?" vra die priesters, terwyl hulle hulle koppe skud. "Ons sal nooit mielies hê nie!"<br><br>"Ek mag dalk nie magtig en sterk wees nie, maar ek het iets belangriker as krag. Ek het kreatiwiteit en intelligensie," sê Quetzalcoatl. | O! Ek het al vantevore vir Quetzalcoatl in die storie gesien! Hy het gekyk hoe die ander probeer om die berge te skei. Ek **lei af** dat hy geleer het van wat hulle gedoen het. Ek dink hy het 'n ander manier om die mielies te kry! |
| Die priesters kyk hoe Quetzalcoatl homself verander in 'n klein swart miertjie en koers kry na die massiewe berge. | O! Ek **lei af** dat Quetzalcoatl geleer het uit wat die ander gode en godinne gedoen het. Ek sien dat hy iets anders wil probeer! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Daar was allerhande probleme op sy pad, maar Quetzacoatl was vasbeslote om die Asteke te help om hulle kosbare mielies te kry. Na baie dae, het hy uiteindelik die ander kant van die berg bereik – dit was oortrek met pragtige, goue mielies. Hy het een mieliepit tussen sy klein miertandjies vasgebyt en begin met sy terugtog na die Asteke. | Ek **lei af** dat daar baie gevare is om die berge oor te steek. Miskien, omdat miere baie klein is, word hulle nie raakgesien nie. Ek het ook al opgelet dat miere op en oor enige iets kan klim! |
| Toe Quetzacoatl terugkom, sit hy die klein mieliepit in een van die priesters se hande.<br>"Sien julle nou – nie elke probleem kan opgelos word met krag en mag nie. Kreatiwiteit en intelligensie kan selfs meer magtig wees!"sê hy.<br>Die priesters kon hulle oë nie glo nie. Hulle was sprakeloos. Hulle sou uiteindelik versadig en tevrede wees! | Ek **onthou** dat die priesters gedink het Quetzacoatl sal nie kan help nie, want hy is nie so sterk soos die ander gode en godinne nie. Hy het hulle egter gewys dat krag nie die enigste manier is om 'n probleem op te los nie! |
| Van daardie dag af was die Asteke toegewyd om mielies te plant en te oes en heerlike disse van die mielies te maak. | – |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat wou die Asteke hê? | Hulle wou van die mielies agter die berge hê. |
| Waarna het Quetzalcoatl gekyk toe die ander gode en godinne probeer het om mielies te kry? | Hy het gekyk hoe hulle almal hul krag gebruik om die berge te skei. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Quetzalcoatl nie probeer om die berge te skei nie? | • Omdat hy gekyk het hoe die ander gode en godinne dit probeer en gesien het dit werk nie.<br>• Omdat hy 'n beter idee gehad het.<br>• Omdat hy geleer het van die foute van die ander gode en godinne voor hom en hy besluit het om iets anders te doen. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- intelligensie
- sterkte
- kreatiwiteit

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy 'n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar 'n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe
**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
**4** Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
**5** Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/sm/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat waarin **/sm/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: smal, smeer, smoor**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **smaak, smeer, smoor, smal, smelt**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **sm**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.



smaak smaak

smeer smeer

smoor smoor

smal smal

smelt smelt

Mamma smeer room aan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf jou eie legende oor hoe om die mielies kry.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby. Dit sal deel word van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

**As ek 'n antieke Asteekse god / godin was, sou ek ....**

**Dan sou ek ...**

**Ek sou ... kry.**

## DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag sinne by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor hoe hulle die mielies gaan kry en hoe hulle dit terug by die Asteekse mense sou kry.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek sou ’n hele mieliestronk kry sodat baie mense ’n mieliepit kon kry om te plant. Dan sou al die Asteke hulle eie mielies kon groei.
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: ’n vol
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: **Ek** **sou** ’n mieliestronk kry sodat elke persoon ’n mieliepit kon **kry.**
8. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou ’n dinkskrum oor mielie woorde met die leerders.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: mieliestronk, veld, mieliepit, wortels ens.
3. Vra aan leerders: Hoeveel mielies sou jy kry? Wat sou jy daarmee maak?
4. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
5. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hulle idees.
6. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel wat hulle met hulle mielies sou doen.
7. Hulle moet sê: Ek sou ... kry.
8. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken!

## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



As ek 'n ou Asteekse god was, sou ek sterk wees.



Ek sou die mielies kry en dit met almal deel.



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **swak**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/sw/-/a/-/k/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/sw/**
5. Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6. Sê die eindklank van die woord: **/k/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **swak**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/sw/-/a/-/k/ = swak**
9. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **smaak**

**ONS DOEN...**

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **swem**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sw/**
4. Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/e/**
5. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/m/**
6. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/sw/-/e/-/m/**
7. Skryf die woord: **swem**
8. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/sw/-/e/-/m/ = swem**
9. Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **smoor**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS




| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Die legende van die mielie</u>**<br>*Het jy geweet dat mielies nie natuurlik in die wildernis voorkom nie? Mielies moet deur mense geplant en versorg word. Mielies is tussen 7,000 en 10,000 jaar gelede vir die eerste maal in Mexiko geplant, dit is steeds 'n belangrike deel van die Mexikaanse koskultuur. Die Asteke is die inheemse mense van Mexiko. Hierdie storie is gebasseer op 'n antieke Asteekse storie oor die oorsprong van Mielies.*<br>***In hierdie storie sal ons te doen kry met die volgende Asteekse gode:***<br>***Tlaloc** die reëngod (uitgespreek Tlah-lock)*<br>***Tonatiuh** die songod (uitgespreek Toh-nah-tee-uh)*<br>***Tlaltechutli** die godin van die aarde (uitgespreek Tlal-teh-koo-tlee)*<br>***Quetzalcoatl** die god van geleerdheid (uitgespreek Keh-tzal-coh-atl)* | Dit maak vir my sin dat Quetzalcoatl die god van geleerdheid is, want ek **onthou** dat hy in hierdie storie sy intelligensie en kreatiwiteit gebruik om die probleem op te los. |
| Ver weg en lank gelede het die Asteke van Mexiko gewoon in 'n plek omring deur massiewe berge. Hulle het wortelgroente bymekaar gemaak en wild gejag om te eet. Hulle mae was vol, maar hulle was nie tevrede nie. Hulle was so lus vir mielies – maar die mielies het agter die berge gegroei, ver buite die bereik van mense. | Ek **stel** myself **voor** hoe die mielies agter die berge gegroei het. Buite bereik van die Asteke. |
| Die Asteekse priesters het die uitroepe van die mense, wat heerlike mielies wou hê, gehoor. So, vroeg een oggend, het die drie magtigste priesters bo na die grootste en mooiste tempel gegaan. Daar het hulle vir die gode om hulp gesmeek. | – |
| Eerste het die priesters vir Tlaloc, die reëngod, gevra.<br>"Asseblief magtige Tlaloc, ons mense is lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br>"Ek sal julle help!" het Tlaloc geantwoord met sy bulderende stem. "Ek sal hierdie berge skei. Dan sal julle mielies hê!"<br>Tlaloc het probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar hy was nie sterk genoeg nie. | Ek **onthou** dat krag nie werk om die berge te skei nie. Ek **stel** myself **voor** hoe Quetzalcoatl kyk hoe Tlaloc probeer om die berge te skei. Ek verbeel my hoe hy wonder hoe hy die Asteke kan help om mielies te kry. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Volgende vra die priesters vir Tonatiuh, die songod. "Asseblief, magtige Tonatiuh, ons mense is baie lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br>"Ek kan julle help om soveel mielies as wat julle begeer te kry!" sê Tonatiuh met 'n breë glimlag. "Net ek is sterk genoeg vir so 'n werk," sê hy.<br>Tonatiuh gebruik sy krag en probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar hy was nie sterk genoeg nie. | Ek **stel** myself **voor** hoe Quetzalcoatl sy kop skud en dink hoe laf dit is dat Tonatiuh presies dieselfde ding as Tlaloc doen. |
| Toe draai die priesters na Tlaltechutli, die godin van die aarde.<br>"Asseblief, grote Tlaltechutli, ons mense is baie lus vir mielies. Ons is versadig, maar nooit tevrede nie! Help ons asseblief!" het die priesters gesmeek.<br>"Ek kan julle help om soveel mielies as wat julle begeer te kry!" sê Tlaltechutli in haar bulderende stem. "Ek is baie sterker as Tlaloc en Tonatiuh. Ek drink die reën en verslind die son elke dag. Dit moet ek wees wat hierdie berge skei en julle help om julle mielies te kry!" sê sy.<br>Tlaltechutli probeer en probeer om die massiewe berge te skei, maar selfs sy was nie sterk genoeg nie. | Ek **stel** myself **voor** hoe Quetzalcoatl lag terwyl hy kyk hoe Tlaltechutli probeer om presies dieselfde as die ander twee te doen. Ek **lei af** dat hy besig is om te dink hoe hy die probleem op 'n ander manier kan oplos. |
| Die priesters begin om die tempel te verlaat toe hulle die geritsel van vere hoor. Hulle kyk op en sien Quetzalcoatl, die god van geleerdheid.<br>"Hoekom smeek julle nie by my nie?" vra Quetzalcoatl, in 'n sagte stem.<br>"Hoe sal jy die berge kan skei as ons sterk gode en godinne dit nie kan doen nie?" vra die priesters, terwyl hulle hulle koppe skud. "Ons sal nooit mielies hê nie!"<br>"Ek mag dalk nie magtig en sterk wees nie, maar ek het iets belangriker as krag. Ek het kreatiwiteit en intelligensie," sê Quetzalcoatl. | Quetzalcoatl is die god van geleerdheid. Ek kan **aflei** dat hy die Asteke wil help terwyl hy hulle wys hoe belangrik dit is om dinge te leer en nuwe goed te probeer. |
| Die priesters kyk hoe Quetzalcoatl homself verander in 'n klein swart miertjie en koers kry na die massiewe berge. | Ek **lei af** dat Quetzalcoatl besluit het om homself te verander in 'n klein insek wat oor alles kan klim en ver ente kan loop. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Daar was allerhande probleme op sy pad, maar Quetzacoatl was vasbeslote om die Asteke te help om hulle kosbare mielies te kry. Na baie dae, het hy uiteindelik die ander kant van die berg bereik – dit was oortrek met pragtige, goue mielies. Hy het een mieliepit tussen sy klein miertandjies vasgebyt en begin met sy terugtog na die Asteke. | Ek wonder wat die Asteke gaan dink van Quetzacoatl wanneer hy met die mieliepit terugkom? Ek dink hulle sal besef hoe belangrik dit is om intelligensie en kreatiwiteit te gebruik om probleme op te los! |
| Toe Quetzacoatl terugkom, sit hy die klein mieliepit in een van die priesters se hande.<br>"Sien julle nou – nie elke probleem kan opgelos word met krag en mag nie. Kreatiwiteit en intelligensie kan selfs meer magtig wees!"sê hy.<br>Die priesters kon hulle oë nie glo nie. Hulle was sprakeloos. Hulle sou uiteindelik versadig en tevrede wees! | Ek lei af dat die Asteke daardie dag iets belangriks van die god van geleerdheid geleer het! Hulle het geleer dit verg kreatiwiteit intelligensie om probleme op te los! |
| Van daardie dag af was die Asteke toegewyd om mielies te plant en te oes en heerlike disse van die mielies te maak. | Ek dink dat nadat Quetzalcoatl die Asteke gehelp het om mielies te kry, hy 'n belangrike god vir hulle moes wees! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| In watter dier het Quetzalcoatl homself in verander? | Quetzalcoatl het homselg in 'n mier verander. |
| **Hoe kan ons aflei** dat Quetzalcoatl geleer het van die ander gode en godinne? | • Omdat hy toegekyk het hoe hulle almal probeer het om die berge te skei.<br>• Omdat hy nie dieselfde idees as hulle probeer het nie.<br>• Omdat hy homself in 'n mier verander het – wat baie anders is as om te probeer om die berge te skei! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Quetzalcoatl homself verander in 'n mier? | • Omdat hy gesien het die ander gode en godinne is nie suksesvol om die berge te skei nie.<br>• Omdat hy 'n beter manier gehad het om die probleem op te los.<br>• Omdat hy sy kreatiwiteit en intelligensie gebruik het om die probleem op te los.<br>• Omdat 'n mier vir dae kan loop – dit het 'n ander tipe krag.<br>• Omdat miere kan gaan waar hy wil, sonder dat hul gesien word en so gevare kan vermy.<br>• Omdat 'n mier op en oor alles kan klim. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- transformeer
- suksesvol
- fout

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Het jy 'n probleem? | *Steek jou wysvinger in die lug* |
| Wees nie bevrees, want vir elke probleem | *Wikkel jou wysvinger* |
| Sal daar 'n oplossing wees. | *Skud jou kop en af* |
| Geen probleem is te groot, | *Trek jou skouers op* |
| Om weggeneem te word! | *Wys hoe jy die probleem weg waai* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie........
Een ding wat ek van die storie geleer het is....
Die storie hou verband met die tema *'Probleem Oplossing'* want...
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **sw** | **sm** | **k** |
| **e** | **a** | **m** |
| **r** | **n** | **o** |
| **g** | **l** | **t** |

**EK DOEN...**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/sw/** en **/sm/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/sw/-/e/-/m/ = swem**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/sw/ of /sm/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/k/-/a/-/t/ = kat**

**LEERDERS DOEN...**


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **sw, sm**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **swak, swerm, swem, swaan, swoeg, smaak, smeer, smoor, smal, smelt, kat, rot, nat, raak, meer**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

_______________________________________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets in die storie, Die legende van die mielies waarvan hulle gehou het gaan praat.
2. Hulle gaan ook praat oor waarom hulle van die gedeelte van die storie hou.
3. **Demonstreer** deur in 1 tot 2 sinne van **iets wat jy van die storie gehou het te vertel**, soos: Ek het daarvan gehou toe Quetzacoatl vir die ander gode en godinne gekyk het. Ek het van die gedeelte van die storie gehou want hy het van die ander gode en godinne geleer.
4. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
5. Vertel die leerders om te dink oor wat hulle van die storie *Die legend van die mielies* gehou het.
6. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
7. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
8. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met ’n maat en **in hulle eie woorde te vertel wat hulle geleer het.**
9. (Die leerders moet hulle eie idees gee en nie ’n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2.**
2. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 4

# Week

# 3

# TEMA:

## Ons groei en verander

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Kledingstukke wat te groot of te klein is.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe ons met tyd groei/ontwikkel.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 59, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 60, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 61–62, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van hoe jy oor ’n tydperk verander het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Die baadjie is myne!
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Ons groei en verander.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Hoe groei ons?
   b. Hoe verander ons?



### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - seisoen
   - winter
   - lente
   - somer
   - herfs

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want 'n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2. Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   - **a** **swak**
   - **b** **swerm**
   - **c** **swem**
   - **d** **swaan**
   - **e** **swoeg**
   - **f** **smaak**
   - **g** **smeer**
   - **h** **smoor**
   - **i** **smal**
   - **j** **smelt**
3. Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

________________________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Die baadjie is myne!</u>
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n keer toe jy ’n kledingstuk ontgroei het.

**OPDRAG:** Teken ’n prent en skryf sinne daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek het ’n … gehad.**

**Ek het daarvan gehou want…**



#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor ’n kledingstuk wat hulle ontgroei het moet dink.
2. Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Toe ek klein was, het ek ’n sagte, wollerige trui gehad waarvan ek baie gehou het.
5. **Demonstreer** deur ’n prent van jouself wat die sagte, wolerige trui dra te teken.
6. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek ’n lyn vir elke woord, bv.: **Ek het** ’n sagte, wollerige trui gehad. **Ek het daarvan gehou want** dit was baie sag en warm.
7. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou ’n dinkskrum met die leerders oor algemene kledingstuk woorde.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: warm, sag, helder, kleurvol, gemaklik, trui, T-hemp.
3. Vra aan leerders: Watter kledingstuk het jy ontgroei? Waarom het jy van die kledingstuk gehou?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van hulle kledingstuk.
6. Hulle moet sê: Ek het ’n ...gehad / Ek het daarvan gehou want ....
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

#### SKRYFWERK


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.

4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het vroeër 'n pienk rok gehad.
Ek het daarvan gehou, want dit het blomme op gehad
en dit was mooi.



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/sk/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/sk/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **skool, skop, skaap**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **skaap, skip, skop, skyn, skoen**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **sk**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

sk sk sk sk

skaap skaap

skip skip

skop skop

skyn skyn

skoen skoen

As die son skyn warm.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees:

15 Minute


## Aanvangslees

### BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die baadjie is myne!**<br>Matshepo word Sondagoggend bibberend wakker. “Sjoe! Dit is nou winter!” dink sy “Ten minste kan ek my gunsteling baadjie dra!” Matshepo glimlag wanneer sy aan haar pragtige baadjie dink. Dit is geel en het pienk en rooi blomme op . Dit het groot pers knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo op die bed lê en glimlag terwyl sy dink aan haar pragtige baadjie! |
| Matshepo klim uit die bed uit. Sy trek haar langbroek aan. Sy trek haar hemp en trui aan. Sy trek haar sokkies en skoene aan. Sy sit haar wollerige hoed op. | |
| Toe, gaan sy na die kas waar haar ma die winterbaadjies bêre. Haar gunsteling baadjie is nie daar nie!<br>“Mamma!” roep Matshepo. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie. | Ek kan myself voorstel hoe Matshepo deur al die goed in die kas gaan, op soek na haar baadjie! |
| Matshepo gaan buitentoe. Daar is ryp oral op die gras en dit kraak onder haar voete. “Mamma!” roep Matshepo. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo buite rondloop, sy bibber meer en meer, want sy het nie ’n baadjie nie! |
| Matshepo maak die kombuisdeur oop. “Mamma!” fluister Matshepo. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie. | – |
| “Miskien is mamma by Tannie Tsiki,” dink Matshepo, maar voor sy by Tannie Tsiki se huis aankom, sien sy haar klein sussie Felleng buite rondhardloop. Felleng het ’n pragtige geel baadjie, met pienk en rooi blomme en groot pers knope, aan. “Haai! Dit is my baadjie!” dink Matsepo. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo verras en dan kwaad moet lyk, wanneer sy sien Felleng het haar pragtige baadjie aan! |
| Matshepo is yskoud. Sy wil nie buite in die koue met haar sussie baklei nie. Sy hardloop huis toe. “Felleng is ’n dief! Ek wonder wat het sy nog van my gesteel,” dink Matshepo kwaad. | – |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Sy gaan na die slaapkamer en maak Felleng se boonste laai oop. Matshepo kry haar ou groen en rooi gestreepte rok. “Haai!” dink Matshepo, “dit is my rok!” Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit voel nogal knap!<br><br>Matshepo maak die tweede laai oop. Sy kry haar pienk trui. “Haai!” dink Matshepo, “dit is my trui!” Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit is baie kort! | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo elke stuk van haar klere uit die laai ruk.<br><br>Ek kan **myself voorstel** hoe sy al hoe kwater word, soos sy elke stuk klere kry! |
| Sy maak die derde laai oop. Sy kry haar potblou broek. “Haai!” dink Matshepo, “dit is my broek!” Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit voel baie styf! Sy kan nie die knoop toekry nie. | – |
| Matshepo probeer om die onderste laai oop te maak, maar sy kan nie buk met al die stywe klere nie. Op daardie oomblik stap haar ma die kamer binne. Haar ma begin lag. “Matshepo, wat maak jy in daardie ou klere?” vra haar ma. “Hulle pas jou nie meer nie!” | Ek kan **myself voorstel** hoe laf die klein, stywe klere aan Matshepo lyk! |
| “Felleng het al my klere gesteel!” sê Matshepo, “selfs my gunsteling baadjie!”<br><br>“O! Matshepo,” antwoord haar ma, “ek het dit vir haar gegee! Jy is besig om te groei!” Matshepo se ma maak die kas oop en haal ’n plastieksak uit. Sy gee dit vir Matshepo. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo afkyk na die klere en besef Felleng is nie ’n dief nie – sy dra net Matshepo se ou klere, want dit pas haar nie meer nie! |
| Matshepo maak die sak oop en haal ’n splinternuwe baadjie uit. Dit is groen met geel en pers sterre. Dit het groot rooi knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant. Dit was die mooiste baadjie wat Matshepo nog ooit gesien het! Sy trek dit aan. Dit pas haar perfek. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo haar nuwe baadjie bewonder. Dit pas perfek. Nie soos al die simpel klere wat heeltemal te klein is vir haar nie! |
| Die volgende oggend trek Matshepo aan vir kerk. Sy trek haar splinternuwe baadjie aan en stap buitentoe. Felleng kyk na haar. “Ek wil daardie baadjie hê!” sê Felleng, “dit is die mooiste baadjie wat ek nog ooit gesien het!”<br><br>Matshepo sit haar arm om haar suster. “Moenie bekommerd wees nie, Felleng. Eendag sal dit jou baadjie wees!” | – |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe het Matshepo se ou baadjie gelyk? | • Dit was geel en het pienk en rooi blomme op.<br>• Dit het groot pers knope gehad. |
| Hoe het Matshepo se nuwe baadjie gelyk? | • Dit was groen met geel en pers sterre.<br>• Dit het groot rooi knope gehad. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Matshepo haar suster 'n "dief" genoem? | • Omdat haar suster haar ou baadjie gedra het.<br>• Omdat sy nie besef het haar ma het die baadjie vir Felleng gegee het nie.<br>• Omdat sy gedink het dat Felleng haar gunsteling baadjie gesteel het.<br>• Omdat sy nie besef het die baadjie is nou te klein vir haar nie.<br>• Omdat sy nie geweet het dat haar ma vir haar 'n nuwe baadjie gekoop het nie. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute




### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - wollerig
   - pas
   - grootte
   - styf

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want 'n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/sp/**
2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord wat waarin **/sp/** voorkom?
4 Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv. **: speel, span, spuit**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **speel, spek, spuit, span, spoel**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **sp**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



speel speel

spek spek

spuit spuit

span span

spoel spoel

My boetie speel op die swaai.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n kledingstuk ontgroei het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf sinne daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek het 'n … gehad.**

**Ek het daarvan gehou want…**

**Toe ek dit ontgroei het….**

## DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor wat gebeur het toe hulle die kledingstuk ontgroei het gaan skryf.
3. Lees die nuwe skryfraamwerk hardop aan die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Toe ek my trui ontgroei het, het my ma dit vir my niggie gegee. Ek was onsteld dat die trui my nie meer gepas het nie.
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent te voeg soos: jou ma wat jou trui vir jou niggie gee.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: **Toe ek dit ontgroei het**, het ek ontsteld gevoel.
8. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum oor woorde oor ontgroei met die leerders.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: klein, styf, pas, skenk, gee ens
3. Vra aan leerders: Wat het gebeur toe jy jou kledingstuk ontgroei het?
4. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
5. Gee leerders die instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hulle idee.
6. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van wat gebeur het, toe hulle hul kledingstukke ontgroei het
7. Hulle moet sê: Toe ek dit ontgroei het ....
8. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken.


## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om 'n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het vroeër 'n pienk rok gehad.
Ek het daarvan gehou, want dit het blomme op gehad en dit was mooi.



Toe ek my rok ontgroei het, het ek dit vir my kleinsus gegee. Sy was ook mal daaroor!



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **skop**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/sk/-/o/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sk/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/o/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **skop**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/sk/-/o/-/p/** = **skop**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **speel**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **skaap**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sk/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/aa/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/p/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/sk/-/aa/-/p/**
7 Skryf die woord: **skaap**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/sk/-/aa/-/p/** = **skaap**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **spoel**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 3

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die baadjie is myne!**<br>Matshepo word Sondagoggend bibberend wakker. "Sjoe! Dit is nou winter!" dink sy "Ten minste kan ek my gunsteling baadjie dra!" Matshepo glimlag wanneer sy aan haar pragtige baadjie dink. Dit is geel en het pienk en rooi blomme op . Dit het groot pers knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant. | – |
| Matshepo klim uit die bed uit. Sy trek haar langbroek aan. Sy trek haar hemp en trui aan. Sy trek haar sokkies en skoene aan. Sy sit haar wollerige hoed op. | |
| Toe, gaan sy na die kas waar haar ma die winterbaadjies bêre. Haar gunsteling baadjie is nie daar nie!<br>"Mamma!" roep Matshepo. "Waar is my baadjie?" Daar is geen antwoord nie. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo bekommerd voel wanneer sy deur die kas gaan en nie haar gunsteling baadjie kan kry nie! |
| Matshepo gaan buitentoe. Daar is ryp oral op die gras en dit kraak onder haar voete. "Mamma!" roep Matshepo. "Waar is my baadjie?" Daar is geen antwoord nie. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo meer en meer bekommerd raak as sy aan haar baadjie dink wat weg is! |
| Matshepo maak die kombuisdeur oop. "Mamma!" fluister Matshepo. "Waar is my baadjie?" Daar is geen antwoord nie. | – |
| "Miskien is mamma by Tannie Tsiki," dink Matshepo, maar voor sy by Tannie Tsiki se huis aankom, sien sy haar klein sussie Felleng buite rondhardloop. Felleng het 'n pragtige geel baadjie, met pienk en rooi blomme en groot pers knope, aan. "Haai! Dit is my baadjie!" dink Matsepo. | |
| Matshepo is yskoud. Sy wil nie buite in die koue met haar sussie baklei nie. Sy hardloop huis toe. "Felleng is 'n dief! Ek wonder wat het sy nog van my gesteel," dink Matshepo kwaad. | Matshepo moet regtig kwaad wees om haar klein sussie 'n dief te noem! Ek dink Matshepo stel haarself voorstel hoe sy die baadjie van haar sussie gaan afruk, maar dan besluit sy daarteen. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Sy gaan na die slaapkamer en maak Felleng se boonste laai oop. Matshepo kry haar ou groen en rooi gestreepte rok. "Haai!" dink Matshepo, "dit is my rok!" Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit voel nogal knap!<br><br>Matshepo maak die tweede laai oop. Sy kry haar pienk trui. "Haai!" dink Matshepo, "dit is my trui!" Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit is baie kort! | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo elke stuk klere aantrek. Dit moet vir haar moeilik wees om dit aan te trek, want dit sit so knap en is so kort! |
| Sy maak die derde laai oop. Sy kry haar potblou broek. "Haai!" dink Matshepo, "dit is my broek!" Sy haal dit uit die laai en trek dit aan. Dit voel baie styf! Sy kan nie die knoop toekry nie. | – |
| Matshepo probeer om die onderste laai oop te maak, maar sy kan nie buk met al die stywe klere nie. Op daardie oomblik stap haar ma die kamer binne. Haar ma begin lag. "Matshepo, wat maak jy in daardie ou klere?" vra haar ma. "Hulle pas jou nie meer nie!" | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo se ma hard lag wanneer sy Matshepo in al daardie klein klere sien! Sy lag, want Matshepo kan skaars beweeg! |
| "Felleng het al my klere gesteel!" sê Matshepo, "selfs my gunsteling baadjie!"<br><br>"O! Matshepo," antwoord haar ma, "ek het dit vir haar gegee! Jy is besig om te groei!" Matshepo se ma maak die kas oop en haal 'n plastieksak uit. Sy gee dit vir Matshepo. | Ek kan **myself voorstel** hoe skaam Matshepo moet lyk, wanneer sy besef sy het 'n fout gemaak. |
| Matshepo maak die sak oop en haal 'n splinternuwe baadjie uit. Dit is groen met geel en pers sterre. Dit het groot rooi knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant. Dit was die mooiste baadjie wat Matshepo nog ooit gesien het! Sy trek dit aan. Dit pas haar perfek. | Ek kan **myself voorstel** hoe Matshepo lag soos wat sy probeer om die klere wat te klein is uit te trek! |
| Die volgende oggend trek Matshepo aan vir kerk. Sy trek haar splinternuwe baadjie aan en stap buitentoe. Felleng kyk na haar. "Ek wil daardie baadjie hê!" sê Felleng, "dit is die mooiste baadjie wat ek nog ooit gesien het!"<br><br>Matshepo sit haar arm om haar suster. "Moenie bekommerd wees nie, Felleng. Eendag sal dit jou baadjie wees!" | Matshepo besef al haar klere gaan te klein word en eendag aan Felleng behoort. Ek kan dink hoe sy **haarself voorstel** hoe sy gaan groot word en die nuwe baadjie te klein! Dit moet wees hoekom sy vir Felleng sê dat die baadjie eendag aan haar gaan behoort! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Matshepo in Felleng se laaie gekry? | Sy het haar groen en rooi gestreepte rok, haar pienk trui en haar helderblou broek gekry. |
| Wat het gebeur toe Matshepo se ma sien sy dra al haar ou klere? | Sy het begin lag. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Matshepo vir haar suster gesê dat die nuwe baadjie eendag aan haar gaan behoort? | • Omdat sy besef het Felleng kry al haar klere wat te klein is vir haar.<br>• Omdat sy besef het haar ma gee haar ou klere vir Felleng.<br>• Omdat sy besef het sy groei en al haar klere gaan eendag te klein wees!<br>• Omdat sy weet eendag gaan selfs haar nuwe baadjie te klein wees. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - ontgroei
   - ruk
   - verward

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want ’n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ...
Ons kan aflei dat Matshepo gegroei het want...
Die storie hou verband met ons tema *‘Ons groei en verander’* want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Vra aan die leerders om elkeen ’n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of ’n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **sk** | **sp** | **p** |
| **a** | **i** | **o** |
| **e** | **n** | **l** |
| **k** | **u** | **t** |

**EK DOEN...**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/sk/** en **/sp/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/sp/-/e/-/k/** = **spek**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/sk/ of /sp/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/p/-/o/-/t/** = **pot**

**LEERDERS DOEN...**


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **sk, sp**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **skaap, skip, skop, skoen, speel, spek, spuit, span, spoel, pot, kap, lip, keel, laai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
2. **Demonstreer** hoe jy ’n aspek van die storie wat jy onthou **visualiseer en teken**, soos: Ek onthou dat Matshepo baie kwaad was. Sy het tot haar suster ’n dief genoem omdat sy haar ou baadjie aangetrek het!
3. Teken ’n prent op die swartbord van Matshepo wat vir haar baadjie soek en kwaad lyk.
4. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou ’n aspek van die storie gaan visualiseer.
5. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
6. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
7. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1
## TERMYN 4
# Week 4
# TEMA:
## Ons groei en verander

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring ’n prent van jouself toe jy klein was, of vra leerders om fotos van hulself as babas te bring.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe ons groei en verander oor tyd.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 68, Ons lees en bladsy 69, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 70–71, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 72–73, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iets wat van jou verander het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders 'n prent van Wayde wat sy ma help in die Grootboek storie: Wayde maak kerrie.
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Ons groei en verander
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Hoe het Matshepo gegroei of verander?
   b Wat het van jou verander?
   c Wat is 'n paar goed wat in ons skool of gemeenskap verander het?
   d Hoe voel jy as goed verander?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - kerrie
   - bestandele
   - speserye

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want 'n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |

WEEK 4

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **skaap**
   b **skip**
   c **skop**
   d **skyn**
   e **skoen**
   f **speel**
   g **spek**
   h **spuit**
   i **span**
   j **spoel**
3 Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Wayde maak kerrie
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n keer toe jy jou mening oor iets verander het.

**OPDRAG:** Teken ’n prent en skryf ’n sin daarby. Dit sal deel word van ’n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK: Ek het gedink dat.... maar toe...**

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor ’n keer gaan skryf toe hulle, hul mening oor iets verander het.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders jou idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het nie van hardloop gehou nie, maar toe het ek saam met my suster gaan hardloop. Ek het toe besef dat ek van hardloop gehou het. Ek het my mening verander.
4 **Demonstreer** deur ’n prent van jouself wat hardloop te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: Ek het gedink dat ek nie van hardloop gehou het nie, maar toe het ek dit probeer en ek het my mening verander.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum met die leerders oor verskillende idees.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: spinasie, sport speel, kook, tande te borsel, ens.
3 Vra aan leerders: Wat is iets waaroor jy jou mening verander het?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle idee.
6 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iets waaroor hulle, hul mening verander het.
7 Hulle moet sê: Ek het gedink dat...maar toe...
8 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

#### SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


**DRAAI EN PRAAT**

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3. **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het vroeër gedink dat lees vervelig was.
Maar toe lees my juffrou vir ons 'n opwindende
boek in die klas.



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/pl/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord waarin **/pl/** voorkom?
4 Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv.: **plaas, plek, plak**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **plan, plak, plas, plek, plooi**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **pl**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

pl pl pl pl

plan plan

plak plak

plas plas

plek plek

plooi plooi

Die slim man maak n plan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Wayde maak kerrie**<br><br>Wayde het dit altyd gehaat om tamaties te eet. "Ek sal nooit tamaties eet nie!" het hy aangekondig terwyl sy ma 'n blikkie tamaties van die rak afhaal en in die trollie sit. | Ek **wonder** of tamaties belangrik sal wees in hierdie storie? |
| "Sal jy daarvan hou om my te help om kerrie te maak?" vra Wayde se ma terwyl sy die inkopies uitpak. "O, ja! Ek is mal oor kerrie!" antwoord Wayde. Dit was die eerste maal wat hy sy ma gaan help om kerrie te maak. | Ek **wonder** watter bestanddele kom in kerrie? Wayde gaan uitvind watter bestanddele gebruik word terwyl hy sy ma help. |
| "Eers moet ons al die droë speserye saam rooster in 'n pan," verduidelik Wayde se ma. "Speserye is wat ons kerrie so heerlik laat smaak! Tel vyf van hierdie kardemonpeule uit," sê sy vir Wayde. Wayde neem vyf kardemonpeule uit die houer en sit dit op die toonbank neer. Sy ma druk dit fyn en sit dit in die warm pan, saam met die koljander – en komynsaad. Heerlike geure vul die kombuis. | Wayde lyk gelukkig! Ek maak 'n verbinding! Toe ek jonk was, was ek mal daaroor om my pa te help kook. |
| Wayde se ma sit die geroosterde speserye in die vysel en laat Wayde die stamper gebruik om die speserye tot 'n poeier te maal. | – |
| Volgende sit Wayde se ma olie in die pan. Toe die olie warm genoeg is, sit sy stukkies hoender in die olie.<br><br>"Sal jy vir my gemmer rasper?" vra sy en gee vir Wayde die rasper en 'n stuk vars gemmer. Wayde rasper terwyl sy ma knoffel en uie kap.<br><br>Gou gou is die hoender klaar gebraai. Die velletjie is bros en bruin. Wayde se maag begin grom. Wayde se ma sit die hoender op 'n bord. "Ons sal hierdie aan die einde terug sit in die kerrie," verduidelik sy. | My maag grom wanneer ek honger is en iets so lekker ruik – **net soos** Wayde! |
| Toe sit Wayde se ma die uie en knoffel in die warm pan. Sy laat Wayde die uie en knoffel met 'n lang houtlepel roer. Na 'n paar minute, voeg sy die speserye, gemmer en 'n bietjie water in die pan. Die kombuis ruik selfs lekkerder as vroeër. Wayde se mond begin water. | Dit **herinner** my ook! My mond water ook wanneer ek honger voel en binnekort gaan eet – **net soos** Wayde! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Wayde se ma haal die pan van die stoof af en krap die speserymengsel in die versapper. Toe laat sy Wayde die knoppie op die versapper druk totdat die mengsel ’n dik pasta gevorm het.<br><br>Wayde se ma sit die hoender terug in die pan. Toe voeg sy die pasta uit die versapper by. “Ek is so honger!” sê Wayde en lek sy lippe. “Ek kan nie wag om ons heerlike kerrie te eet nie!” | – |
| Volgende maak Wayde se ma die blikkie tamaties oop. “Waarvoor is dit?” vra Wayde. “Ek haat tamaties! Ons kan nie tamaties in die kerrie sit nie!” snak Wayde na sy asem.<br><br>Wayde se ma begin lag. “Wayde jy was nog altyd mal oor kerrie – en kerrie het altyd tamaties in,” sê sy. Wayde kyk met afgryse hoe sy die tamaties in die pan sit. | Ek **onthou** dat die storie begin het met tamaties! Ek het gewonder of tamaties belangrik gaan wees in die storie, nou sien ek dat dit is! |
| Uiteindelik maak Wayde se ma ’n blikkie klappermelk oop. “Wil jy dit ingooi?” vra sy. Wayde gooi versigtig die klappermelk in. Hy kyk hoe die melkerige wit vloeistof die tamaties bedek.<br><br>“Geen wonder ek het nie geweet nie – hulle lyk nie soos tamaties wanneer hulle in kerrie is nie!” dink hy.<br><br>Wayde se ma sit die deksel op die pan en draai die hitte stadiger. “Dit moet nou ’n bietjie prut. Ek sal jou roep wanneer dit gereed is,” sê sy. | Ek **wonder** of Wayde die kerrie gaan eet noudat hy weet daar is tamaties in? |
| Terwyl Wayde sy huiswerk doen, grom sy maag en sy mond water. “Kerrie het tamaties in! Hoe gaan ek dit kan eet? Ek haat tamaties!” dink Wayde verward. | Wayde is ***verward***, want hy haat tamaties maar is mal oor kerrie. Ek **wonder** wat hy gaan doen? |
| “Wayde, kom proe die kerrie!” roep sy ma uiteindelik en hou ’n bakkie na hom uit. Wayde probeer dit langtand. Toe die kerrie sy tong tref helder sy oë op. Dit was heerlik. “Miskien haat ek nie regtig tamaties nie,” sê Wayde, soos wat hy nog ’n hap skep. | Ek **wonder** of Wayde sy gedagtes gaan verander oor tamaties eet, nou dat hy weet dit is ’n bestanddeel in kerrie – ’n dis waaroor hy mal is! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter kos het Wayde aan die begin van die storie gehaat? | Wayde het tamaties gehaat. |
| Watter bestanddeel het Wayde in die pan gegooi na die tamaties? | Hy het klappermelk in die pan gegooi. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe het Wayde gedurende die storie verander? | • Hy het gedink hy haat tamaties, maar later het hy besef dit is nie so sleg nie.<br>• Hy het gesê hy sal nooit tamaties eet nie, maar toe het hy die kerrie met die tamaties in geëet.<br>• Hy was nie van plan om die kerrie te eet nie, maar toe het hy besluit om dit wel te eet.<br>• Hy het sy opinie oor tamaties verander. |



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gedreun
- gooi
- rasper
- kap

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want 'n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/vl/**
2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat waarin **/vl/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: vlooi, vlieg, vloot**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **vlooi, vlak, vlieg, vlerk, vloot**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________


Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **vl**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



_vl_ooi _vl_ooi

_vl_ak _vl_ak

_vl_ieg _vl_ieg

_vl_erk _vl_erk

_vl_oot _vl_oot

’n _Vl_ooi kan nie _vl_ieg nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n keer toe jy, jou mening oor iets verander het.

**OPDRAG:** Teken ’n prent en skryf ’n sin daarby. Dit sal deel word van ’n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek het gedink dat.... maar toe...**

**Dit is belangrik om ons menings te verander sodat...**

## DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag sinne by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor waarom dit belangrik is om ons menings te kan verander.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek dink dit is belangrik om ons menings te kan verander, want mense verander met tyd. As ons nie ons menings kan verander nie sal ons nie nuwe goed kan vind waarvan ons hou nie.
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: ’n glimlag op jou gesig terwyl jy hardloop.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: **Dit is belangrik om ons menings te kan verander sodat** ons kan leer om van nuwe goed toe hou.
8. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Waarom dink jy is dit belangrik om jou mening te kan verander?
2. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
3. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hulle idees.
4. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel waarom hulle dink dit is belangrik om hul menings te kan verander.
5. Hulle moet sê: Dit is belangrik om ons menings te verander sodat...
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken!

## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het vroeër gedink dat lees vervelig was.
Maar toe lees my juffrou vir ons 'n opwindende
boek in die klas.



Dit is belangrik om ons opinies te kan verander
sodat ons nuwe dinge kan leer



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Segmentasie En Vermenging

15 minute

### EK DOEN...

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **plan**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/pl/-/a/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/pl/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **plan**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/pl/-/a/-/n/ = plan**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **vlooi**

### ONS DOEN...

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **plek**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/e/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/pl/-/e/-/k/**
7 Skryf die woord: **plek**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/pl/-/e/-/k/ = plek**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **vlieg**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 4

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


### LEESSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK VERBINDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Wayde maak kerrie**<br><br>Wayde het dit altyd gehaat om tamaties te eet. "Ek sal nooit tamaties eet nie!" het hy aangekondig terwyl sy ma 'n blikkie tamaties van die rak afhaal en in die trollie sit. | Ek **onthou** dat tamaties 'n belangrike deel van hierdie storie is! Die storie gaan oor Wayde wat sy opinie oor tamaties verander. |
| "Sal jy daarvan hou om my te help om kerrie te maak?" vra Wayde se ma terwyl sy die inkopies uitpak. "O, ja! Ek is mal oor kerrie!" antwoord Wayde. Dit was die eerste maal wat hy sy ma gaan help om kerrie te maak. | Ek **wonder** of Wayde se ma hom vra om te help sodat hy kan sien watter bestanddele in kerrie gebruik word? Hy gaan sien dat tamaties ook 'n bestanddeel is in die kerrie waaroor hy so mal is! |
| "Eers moet ons al die droë speserye saam rooster in 'n pan," verduidelik Wayde se ma. "Speserye is wat ons kerrie so heerlik laat smaak! Tel vyf van hierdie kardemonpeule uit," sê sy vir Wayde. Wayde neem vyf kardemonpeule uit die houer en sit dit op die toonbank neer. Sy ma druk dit fyn en sit dit in die warm pan, saam met die koljander – en komynsaad. Heerlike geure vul die kombuis. | – |
| Wayde se ma sit die geroosterde speserye in die vysel en laat Wayde die stamper gebruik om die speserye tot 'n poeier te maal. | – |
| Volgende sit Wayde se ma olie in die pan. Toe die olie warm genoeg is, sit sy stukkies hoender in die olie.<br><br>"Sal jy vir my gemmer rasper?" vra sy en gee vir Wayde die rasper en 'n stuk vars gemmer. Wayde rasper terwyl sy ma knoffel en uie kap.<br><br>Gou gou is die hoender klaar gebraai. Die velletjie is bros en bruin. Wayde se maag begin grom. Wayde se ma sit die hoender op 'n bord. "Ons sal hierdie aan die einde terug sit in die kerrie," verduidelik sy. | **Ek onthou** dat Wayde help met al die bestanddele vir die kerrie, hy sien uit daarna om dit te eet! Hy weet nog nie dat daar aan die einde tamaties in die pan gaan ingaan nie! |
| Toe sit Wayde se ma die uie en knoffel in die warm pan. Sy laat Wayde die uie en knoffel met 'n lang houtlepel roer. Na 'n paar minute, voeg sy die speserye, gemmer en 'n bietjie water in die pan. Die kombuis ruik selfs lekkerder as vroeër. Wayde se mond begin water. | – |

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Wayde se ma haal die pan van die stoof af en krap die speserymengsel in die versapper. Toe laat sy Wayde die knoppie op die versapper druk totdat die mengsel 'n dik pasta gevorm het.<br><br>Wayde se ma sit die hoender terug in die pan. Toe voeg sy die pasta uit die versapper by. "Ek is so honger!" sê Wayde en lek sy lippe. "Ek kan nie wag om ons heerlike kerrie te eet nie!" | Ek **wonder** of tamaties altyd een van die laaste bestanddele is om in kerrrie in te gaan en of Wayde se ma wag tot die einde om dit by te voeg? |
| Volgende maak Wayde se ma die blikkie tamaties oop. "Waarvoor is dit?" vra Wayde. "Ek haat tamaties! Ons kan nie tamaties in die kerrie sit nie!" snak Wayde na sy asem.<br><br>Wayde se ma begin lag. "Wayde jy was nog altyd mal oor kerrie – en kerrie het altyd tamaties in," sê sy. Wayde kyk met afgryse hoe sy die tamaties in die pan sit. | Ek **wonder** hoekom Wayde se ma lag wanneer sy Wayde se reaksie oor die tamaties sien? Miskien is dit omdat sy geweet het dat daar nog altyd tamaties in kerrie is, maar Wayde vind dit nou eers uit! |
| Uiteindelik maak Wayde se ma 'n blikkie klappermelk oop. "Wil jy dit ingooi?" vra sy. Wayde gooi versigtig die klappermelk in. Hy kyk hoe die melkerige wit vloeistof die tamaties bedek.<br><br>"Geen wonder ek het nie geweet nie – hulle lyk nie soos tamaties wanneer hulle in kerrie is nie!" dink hy.<br><br>Wayde se ma sit die deksel op die pan en draai die hitte stadiger. "Dit moet nou 'n bietjie prut. Ek sal jou roep wanneer dit gereed is," sê sy. | O! Wayde besef dat die klappermelk die tamaties vermom, want dit verander dit in 'n heeltemal ander kleur! Ek **wonder** of daar tamaties is in ander disse waaroor Wayde mal is? |
| Terwyl Wayde sy huiswerk doen, grom sy maag en sy mond water. "Kerrie het tamaties in! Hoe gaan ek dit kan eet? Ek haat tamaties!" dink Wayde verward. | Dit **herinner** my! Toe ek jonk was, het ek gedink ek haat uie. Toe vind ek uit my ma sit uie in my gunsteling bredie. Ek was ***verward*** of ek van die bredie gaan hou of nie, want ek was oortuig dat ek uie haat! |
| "Wayde, kom proe die kerrie!" roep sy ma uiteindelik en hou 'n bakkie na hom uit. Wayde probeer dit langtand. Toe die kerrie sy tong tref helder sy oë op. Dit was heerlik. "Miskien haat ek nie regtig tamaties nie," sê Wayde, soos wat hy nog 'n hap skep. | Dit **herinner** my! Ek het besluit om aan te hou om die bredie te eet, want dit het so lekker gesmaak. Ek het besef dat my opinie oor uie dalk verander het. Ek het besef ek kan maar my opinie oor uie verander. |

WEEK 4

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Waaroor het Wayde sy opinie verander? | Hy het sy opinie verander of hy tamaties gaan eet. |
| Kan jy onthou? Wanneer was daar 'n tyd wat jy jou opinie oor iets verander het – net soos Wayde? | *Ek het my opinie verander net soos Wayde toe ek ...* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy het Wayde se ma hom gevra om haar te help om die kerrie te maak? | • Miskien wou sy hulp hê om te kook.<br>• Miskien wou sy hê Wayde moet weet watter bestanddele kom in kerrie.<br>• Miskien omdat Wayde mal daaroor is om kerrie te eet, so sy wou hê hy moet weet hoe om kerrie te maak.<br>• Miskien het sy gedink Wayde sal sy opinie oor tamaties verander as hy weet dit is in die kerrie waaroor hy so mal is.<br>• Miskien het sy gedink dit sal snaaks wees as Wayde besef dat tamaties een van die bestanddele is in een van sy gunsteling disse – selfs al haat hy tamaties! |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- kook
- verander jou mening
- mening

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Mamma sê ek is besig om te rek, | *Staan op jou tone en rek na bo* |
| Pappa sê ek staan my skoene vol | *Kyk na jou voete* |
| Wat my vandag pas, | *Maak of jy klere aantrek* |
| Pas my môre nie meer nie, | *Kyk af asof die klere te klein is* |
| Want 'n lyfie wat groei, | *Swaai jou wysvinger* |
| Kan jy nie keer nie! | - |



### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie........
Ek kan 'n vebinding met Wayde maak toe ...
Die storie hou verband met die tema *'Ons groei en verander'* want...
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **pl** | **vl** | **k** |
| **a** | **n** | **s** |
| **e** | **o** | **i** |
| **g** | **r** | **t** |

**EK DOEN...**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/pl/** en **/vl/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/pl/-/e/-/k/ = plek**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/pl/ of /vl/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/r/-/o/-/t/ = rot**

**LEERDERS DOEN...**


1. Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **pl, vl**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **plan, plak, plas, plek, plooi, vlooi, vlak, vlieg, vlerk, vloot, rot, sog, son, tier, koei, snaaks**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

__________________________________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets in die storie, Wayde maak kerrie waarvan hulle gehou het, gaan praat.
2. Hulle gaan ook praat oor 'n verbinding wat hulle met die storie kan maak.
3. **Demonstreer** deur in 1 tot 2 sinne van **iets wat jy van die storie gehou het en 'n verbinding wat jy kan maak te vertel**, soos: **Ek het daarvan gehou toe** Wayde aan die einde van die storie, van kerrie gehou het. **Ek kan 'n verbinding** met die storie maak want ek het ook al my mening oor seker kosse verander.
4. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
5. Vertel die leerders om te dink oor wat hulle van die storie *Wayde maak kerrie* gehou het en watter verbindings hulle met die storie kan maak.
6. Vra 2–3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
7. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
8. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met 'n maat en **in hulle eie woorde te vertel wat hulle geleer het.**
9. (Die leerders moet hulle eie idees gee en nie 'n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4.**
2. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 4

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1
## TERMYN 4
# Week 5

# TEMA:
## Ons lewende geskiedenis

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld:
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld:
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 74–75, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 76, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 77–78, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van jou familie.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: My oupa se storie
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Ons lewende geskiedenis.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is 'n geskiedenis?
   b. Wat weet jy van jou familiegeskiedenis?
   c. Wat weet jy van Suid Afrikaanse geskiedenis?



### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - geskiedenis
   - verlede
   - huidig

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2. Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   a. **plan**
   b. **plak**
   c. **plas**
   d. **plek**

- **e** **plooi**
- **f** **vlooi**
- **g** **vlak**
- **h** **vlieg**
- **i** **vlerk**
- **j** **vloot**

**3** Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
**4** Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
**5** Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

_______________________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

#### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

**1** Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
**2** Maak die Grootboek oop by die storie: <u>My oupa se storie</u>
**3** Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
**4** Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
**5** Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
**6** Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor jou familiegeskiedenis.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en maak 'n lys met opskrifte.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Goed wat ek van my familiegeskiedenis weet:**

**1.**

**2.**

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iets wat hulle van hulle familiegeskiedenis ken gaan skryf.
2. Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders.
3. Wys aan die leerders die **opskrif** *(Goed wat ek van my familie geskiedenis weet*). Verduidelik dat 'n opskrif jou vertel waaroor 'n lys handel**.**
4. Verduidelik dat ons vandag 'n **lys** gaan maak. Dit beteken dat ons twee goed gaan kies wat ons van ons familiegeskiedenis weet en dit gaan neer skryf.
5. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
6. Vertel leerders van 'n paar idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi , soos: ek weet dat my familie van Oos London na Johannesburg verhuis het. Ek weet dat my oupa in Botswana gebore is.
7. **Demonstreer** deur 'n prent van jouself wat oor die twee goed dink deur **denk borrels** te teken.
8. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord.**
9. **Demonstreer** deur die eerste item van die lys te voltooi: My familie het van Oos Londen na Johannesburg toe verhuis.
10. **Demonstreer** deur die tweede item van die lys te voltooi: My oupa is in Botswana gebore.
11. **Sê woorde stadig soos 'n skilpad en skryf die klanke wat jy ken neer.**
12. Gebruik **hulpbronne** soos sigwoorde en tema woordeskat.
13. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor woorde oor familiegeskiedenis.
2. Skryf die woorde op die swartbord, b.v.: verhuis, woon, praat, kook, eet, glo ens.

3 Vra aan leerders: Wat weet jy van jou familiegeskiedenis.
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iets wat hulle van hulle familiegeskiedenis weet.
6 Hulle moet sê: Ek weet dat ...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/fr/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/fr/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **fraai, fris, frommel**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **fraai, frons, fris, frommel**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________


## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne


1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **fr**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.




fr fr fr fr




fraai fraai




frons frons



fris fris



frommel frommel



Tumi het ’n fraai rokkie aan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 Minute

## Aanvangslees


### BEGRIPSTRATEGIE: DEURSOEK DIE TEKS

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>My oupa se storie</u>**<br>My naam is Aziz. Ek woon op die Kaapse Vlakte, 'n gemeenskap op die buitewyke van Kaapstad, maar my familie het nie altyd hier gewoon nie. My oupa het my een maal die storie vertel van hoe ons familie hier opgeëindig het.<br>Toe my oupa klein was, het hulle in plek met die naam Distrik Ses gewoon, reg in die middel van Kaapstad. Distrik Ses was eens op 'n tyd 'n plek waar mense van verskillende rasse, godsdienste en kulture saamgewoon het.<br>Die Apartheidsregering het nie daarvan gehou dat verskillende mense saamwoon nie. Hulle wou mense skei volgens hulle ras. Omdat Distrik Ses reg in die middel van Kaapstad was, het hulle gevoel dit moet net vir witmense wees.<br>In 1966 het die regering Distriks Ses verklaar as 'n "Slegs Blanke" area en almal anders is geforseer om te trek. Distrik Ses is omtrent heeltemal verwoes. | **Waar** woon Aziz? O! **Ek lees** hier dat sy familie op die Kaapse Vlakte woon. |
| | **Hoekom** het Aziz se oupa na die Kaapse Vlakte getrek? O! **Ek lees** dat hulle nie 'n keuse gehad het nie – hulle is geforseer om Distrik Ses te verlaat. |
| My oupa het my een maal op 'n uitstappie geneem na dit wat oor is van Distrik Ses. "Ek wil hê jy moet onthou wat hier gebeur het, sodat jy dit eendag vir jou kinders kan vertel. Ons moet nooit ons geskiedenis vergeet nie" het hy vir my gesê.<br>Eerste het my oupa vir my De Villiersstraat gewys, waar sy familie gewoon het. "My oupa was die beste kleremaker in die buurt! Sy winkel was vas aan ons huis gebou, so hy kon enige tyd werk – dag of nag!" het hy my vertel. | **Wat** het Aziz se oupa hom eerste op hul uitstappie gewys? **Ek lees** dat hy hom eerste gewys het waar sy familie gewoon het. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Ons het paar blokke geloop. "Kyk! Dit is waar die skool was waarheen ek as klein kindjie gegaan het – net twee minute van die huis af! Hier het ons geleer om te lees en somme te doen en alles oor ons Islamitiese tradisies. Ek was mal oor skool! Toe ons geforseer is om na die Kaapse Vlakte te trek, was daarw nie 'n Islamitiese skool nie – net 'n Christen skool. Ek het elke dag se Islamitiese rituele gemis," sê hy hartseer. | **Wat** was verskillend van Aziz se oupa se skool in Distrik Ses en die Kaapse Vlakte? O, **ek lees** dat hy by sy nuwe skool, nie van sy Islamitiese rituele geleer het soos by sy skool in Distrik Ses nie. |
| Toe, wys hy my die hoek waar daar eens op 'n tyd 'n mans haarkapper was met die naam "Ster Haarkapper".<br><br>"Dit is waarheen my ma my geneem het om my hare te laat sny! Die barbier het altyd vir my 'n lekkertjie gegee omdat ek stil gesit het," sê hy en glimlag. | – |
| Ons loop op in die straat. "Hierdie straat is voorheen Hanoverstraat genoem," sê hy. "Dit was 'n lang smal straat met allerhande tipes winkels! Daar was 'n trem wat in die middel van die straat afgeloop het, dit het mense geneem waarheen hulle wou gaan!" | **Waar** is Aziz en sy oupa nou? **Ek lees** dat hulle in 'n straat loop wat voorheen Hanoverstraat genoem is, voor Distrik Ses verwoes is! |
| Ons hou aan met loop. "Dit is waarheen my familie gekom het om te bid," sê hy en wys na 'n pragtige ou moskee. Dit was die eerste moskee in Distrik Ses! | **Waar** het Aziz se oupa gebid? **Ek lees** dat hy gebid het in die eerste moskee wat in Distrik Ses gebou is! |
| Toe, wys hy my waar daar eers 'n sinagoge was. "Dit is eers Konstitusiestraat genoem. Ek het 'n Joodse vriend gehad wat daar saam met sy familie gebid het," verduidelik hy. | **Waar** het Aziz se oupa se vriend gebid? O! **Ek lees** dat sy vriend in 'n sinagoge gebid het. **Ek lees** dat hy vriende gehad het met verskillende gelowe as hy. |
| Uiteindelik, gaan wys my oupa my die Ou Metodiste Kerk, dit is nou die Distrik Ses museum. "Daar was eens op 'n tyd kerke, moskees en sinagoges hier! Die meeste van hulle is verwoes toe ons geforseer is om te trek," sê hy hartseer. | **Wat** is verwoes? O! **Ek lees** dat moskees, sinagoges en kerke verwoes is! |
| Aan die einde van ons uitstappie, gaan sit ons saam op die rand van 'n groot veld. "Hier het so baie mense gewoon. Ek onthou hoe al die kinders saam in die straat gespeel het. Ek onthou hoe musikante op straathoeke geoefen het. Ek onthou groot geverfde muurskilderye. Ek onthou die dag wat die stootskrapers alles kom verwoes het," sê hy, met trane in sy oë. | **Hoekom** het Aziz en sy oupa op 'n groot oop stuk veld gesit? O! **Ek dink** dit is omdat so baie dinge in Distrik Ses verwoes is. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Die regering het nie vir my familie 'n stuk grond in Distrik Ses aangebied nie. Hulle het eerder vir ons geld aangebied, maar niks kan die gemeenskap terugbring wat my oupa in 1966 verloor het nie.<br><br>My oupa sê dat ons moet werk dat hierdie hartseer herinneringe lewendig bly. Ek hoop hierdie herinneringe sal beteken dat niemand in Suid-Afrika ooit weer uit hul huise geforseer sal word nie. | – |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
| --- | --- |
| Waar het Aziz se familie eens op 'n tyd gewoon? | Hulle het in Distrik Ses, in Kaapstad gewoon. |
| Wat het Aziz se oupa gemis van sy gemeenskap in Distrik Ses? | • Hy het sy ou huis in De Villiersstraat gemis.<br>• Hy het sy oupa se kleremakerwinkel gemis.<br>• Hy het sy ou skool, wat hom Moslem rituele geleer he,t gemis.<br>• Hy het Hanoverstraat gemis.<br>• Hy het die trem in Hanoverstraat gemis.<br>• Hy het al die moskees, sinagoges en kerke gemis.<br>• Hy het sy ou gemeenskap gemis. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom woon Aziz se familie nou op die Kaapse Vlakte? | • Omdat hulle nie wit is nie en hulle familie geforseer is om Distrik Ses te verlaat.<br>• Omdat Distrik Ses omtrent heeltemal verwoes is.<br>• Omdat die regering nie hulle grond vir hulle teruggee het nie. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT


1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- haarsalon
- trem
- moskee
- sinagoge

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |



### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: **/fl/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord wat waarin **/fl/** voorkom?
4. Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv. **: fliek, flou, flap**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **fliek, fles, flou, flap**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________


Woorde: ____________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **fl**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.



fliek fliek

fles fles

flou flou

flap flap

Pa drink tee uit sy fles.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor jou familiegeskiedenis.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en maak 'n lys met opskrifte.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Goed wat ek oor my familiegeskiedenis weet:**

**1.**

**2.**

**Vrae wat ek oor my familiegeskiedenis het:**

**1.**

**2.**

## DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag sinne by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag twee items by die lys wat hulle Maandag geskryf het gaan voeg.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk hardop aan die leerders.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5 Vertel leerders van 'n paar idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek wonder waarom het my oupa na Suid Afrika toe gereis.
6 **Demonstreer** deur goed by jou prent te voeg, soos: jouself wat oor die vraag dink.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord.**
8 **Demonstreer** deur die eerste item van die tweede deel van die lys te voltooi: Waarom het my oupa Botswana verlaat?
9 **Demonstreer** deur die tweede item van die tweede deel van die lys te voltooi: Waarom het my familie van Oos London na Johannesburg toe verhuis?
10 **Sê woorde stadig soos 'n skilpad en skryf die klanke wat jy ken neer.**
11 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Watter vrae het julle oor julle familiegeskiedenis?
2 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle skryf.**
3 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul idees.
4 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van hulle vrae.
5 Hulle moet sê: Ek will weet ...........
6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken.


## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT


1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




Dinge wat ek van my familiegeskiedenis weet:

1. My grootouers kom van Hebron.
2. My familie kom uit die Bastwand-stam.



Vrae oor my familiegeskiedenis:

1. Hoeveel broers en susters het my grootouers gehad?
2. Waar kom my ouma vandaan?



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **fris**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/fr/-/i/-/s/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/fr/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **fris**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/fr/-/i/-/s/** = **fris**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **fliek**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **fraai**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/fr/**
4 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/aai/**
5 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/fr/-/aai/**
6 Skryf die woord: **fraai**
7 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/fr/-/aai/** = **fraai**
8 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **flou**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

WEEK 5

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


### LEESSTRATEGIE: BESOEK DIE TEKS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **My oupa se storie**<br>My naam is Aziz. Ek woon op die Kaapse Vlakte, 'n gemeenskap op die buitewyke van Kaapstad, maar my familie het nie altyd hier gewoon nie. My oupa het my een maal die storie vertel van hoe ons familie hier opgeëindig het.<br>Toe my oupa klein was, het hulle in plek met die naam Distrik Ses gewoon, reg in die middel van Kaapstad. Distrik Ses was eens op 'n tyd 'n plek waar mense van verskillende rasse, godsdienste en kulture saamgewoon het.<br>Die Apartheidsregering het nie daarvan gehou dat verskillende mense saamwoon nie. Hulle wou mense skei volgens hulle ras. Omdat Distrik Ses reg in die middel van Kaapstad was, het hulle gevoel dit moet net vir witmense wees.<br>In 1966 het die regering Distriks Ses verklaar as 'n "Slegs Blanke" area en almal anders is geforseer om te trek. Distrik Ses is omtrent heeltemal verwoes. | **Waar** het Aziz se Oupa gewoon voor hulle Kaapse Vlakte toe getrek het? **Ek lees** dat sy oupa eers in 'n plek met die naam Distrik Ses gewoon het. |
| My oupa het my een maal op 'n uitstappie geneem na dit wat oor is van Distrik Ses. "Ek wil hê jy moet onthou wat hier gebeur het, sodat jy dit eendag vir jou kinders kan vertel. Ons moet nooit ons geskiedenis vergeet nie" het hy vir my gesê.<br>Eerste het my oupa vir my De Villiersstraat gewys, waar sy familie gewoon het. "My oupa was die beste kleremaker in die buurt! Sy winkel was vas aan ons huis gebou, so hy kon enige tyd werk – dag of nag!" het hy my vertel. | **Hoekom** het Aziz se oupa hom vir 'n uitstappie na Distrik Ses geneem? **Ek lees** dat hy vir Aziz wil leer van hulle familie se geskiedenis! |
| Ons het paar blokke geloop. "Kyk! Dit is waar die skool was waarheen ek as klein kindjie gegaan het – net twee minute van die huis af! Hier het ons geleer om te lees en somme te doen en alles oor ons Islamitiese tradisies. Ek was mal oor skool! Toe ons geforseer is om na die Kaapse Vlakte te trek, was daar nie 'n Islamitiese skool nie – net 'n Christen skool. Ek het elke dag se Islamitiese rituele gemis," sê hy hartseer. | **Hoekom** het Aziz se oupa hartseer gelyk? O, hy is hartseer wanneer hy dink hoe sy nuwe skool nie vir hom die Islamitiese rituele geleer het waarvoor hy so lief is nie! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe, wys hy my die hoek waar daar eens op ’n tyd ’n mans haarkapper was met die naam “Ster Haarkapper”.<br><br>“Dit is waarheen my ma my geneem het om my hare te laat sny! Die barbier het altyd vir my ’n lekkertjie gegee omdat ek stil gesit het,” sê hy en glimlag. | – |
| Ons loop op in die straat. “Hierdie straat is voorheen Hanoverstraat genoem,” sê hy. “Dit was ’n lang smal straat met allerhande tipes winkels! Daar was ’n trem wat in die middel van die straat afgeloop het, dit het mense geneem waarheen hulle wou gaan!” | **Hoekom** wil Aziz se oupa hom soveel dinge wys wat nie meer bestaan nie? **Ek lei af** hy wil hê Aziz moet weet van al die dinge waarvoor hy lief was in sy gemeenskap in Distrik Ses. |
| Ons hou aan met loop. “Dit is waarheen my familie gekom het om te bid,” sê hy en wys na ’n pragtige ou moskee. Dit was die eerste moskee in Distrik Ses! | **Hoe** weet ons dat Aziz se familie Moslem is? O! Ek **onthou** dat hy lief was om te leer van Moslem rituele en nou lees ek dat sy familie in ’n moskee gebid het. |
| Toe, wys hy my waar daar eers ’n sinagoge was. “Dit is eers Konstitusiestraat genoem. Ek het ’n Joodse vriend gehad wat daar saam met sy familie gebid het,” verduidelik hy. | – |
| Uiteindelik, gaan wys my oupa my die Ou Metodiste Kerk, dit is nou die Distrik Ses museum. “Daar was eens op ’n tyd kerke, moskees en sinagoges hier! Die meeste van hulle is verwoes toe ons geforseer is om te trek,” sê hy hartseer. | **Hoekom** het Aziz se oupa hartseer gevoel? **Ek lees** dat baie geboue verwoes is. Ek dink hy voel hartseer omdat sy gemeenskap verwoes is. |
| Aan die einde van ons uitstappie, gaan sit ons saam op die rand van ’n groot veld. “Hier het so baie mense gewoon. Ek onthou hoe al die kinders saam in die straat gespeel het. Ek onthou hoe musikante op straathoeke geoefen het. Ek onthou groot geverfde muurskilderye. Ek onthou die dag wat die stootskrapers alles kom verwoes het,” sê hy, met trane in sy oë. | **Hoe** voel Aziz se oupa aan die einde van hulle uitstappie? Hy het trane in sy oë, so **ek lei af** hy voel hartseer oor alles wat verwoes is. |
| Die regering het nie vir my familie ’n stuk grond in Distrik Ses aangebied nie. Hulle het eerder vir ons geld aangebied, maar niks kan die gemeenskap terugbring wat my oupa in 1966 verloor het nie.<br><br>My oupa sê dat ons moet werk dat hierdie hartseer herinneringe lewendig bly. Ek hoop hierdie herinneringe sal beteken dat niemand in Suid-Afrika ooit weer uit hul huise geforseer sal word nie. | **Hoekom** wou Aziz se oupa soveel hartseer herinneringe met hom deel? O! **Ek lees** dat hy wil hê Aziz moet onthou, sodat dieselfde ding nooit weer kan gebeur nie! |

WEEK 5

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het gebeur met Distrik Ses? | • Dit het 'n area geword waar daar slegs witmense mag gewoon het.<br>• Almal wat nie wit was nie, is geforseer om Distrik Ses te verlaat.<br>• Distrik Ses is omtrent heeltemal verwoes. |
| Hoekom voel Aziz se oupa hartseer in die storie? | • Omdat sy gemeenskap verwoes is.<br>• Omdat hy sy gemeenskap mis. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Aziz se oupa hom vir 'n uitstappie geneem in Distrik Ses? | • Omdat hy vir Aziz alles wou vertel wat hy onthou.<br>• Omdat hy vir Aziz wou vertel van hulle familie se geskiedenis.<br>• Omdat hy wil hê Aziz moet hul geskiedenis lewendig hou.<br>• Omdat hy sy ou gemeenskap mis.<br>• Omdat hy nie wil hê dieselfde ding moet ooit weer gebeur nie! |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vernietig
- stootskraper
- geheue / herinnering

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |



### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
Die storie vertel ons oor Suid Afrikaanse geskiedenis want...
Die storie het my .... laat voel want....
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Vra aan die leerders om elkeen ’n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of ’n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **fr** | **fl** | **a** |
| **s** | **i** | **o** |
| **n** | **m** | **e** |
| **l** | **k** | **u** |

**EK DOEN...**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/fr/** en **/fl/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/fr/-/i/-/s/ = fris**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/fr/ of /fl/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/k/-/u/-/s/ = kus**

**LEERDERS DOEN...**


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **fr, fl**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **fraai, frons, fris, frommel, fliek, fles, flou, kus, keel, koek, laai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute


### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets wat hulle in die storie, <u>My oupa se storie,</u> geleer het gaan praat.
2. D**emonstreer** deur in 1 tot 2 sinne van **iets wat jy van die storie geleer het te vertel**, soos: Ek het geleer dat daar op 'n tyd 'n woonbuurt in Kaapstad met die naam Distrik 6 was.
3. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
4. Vertel die leerders om te dink oor wat hulle van die storie, *My oupa se storie,* geleer het.
5. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
6. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
7. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met 'n maat en <u>**in hulle eie woorde te vertel**</u> <u>**wat hulle geleer het.**</u>
8. (Die leerders moet hulle eie idees gee en nie 'n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)





## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 4

# Week 6

# TEMA:

## Ons lewende geskiedenis

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring 'n prent van 'n hotnotsgot, prente van jou familie, vra leerders om prente van hulle families saam te bring ens.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor feite van die Suid Afrikaanse geskiedenis.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 79, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 80, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 81–83, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van iets wat jy van jou voorouers weet.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders 'n prent van Dantag wat die hotnotsgot vas hou in die Grootboek storie: 'n Goddelike boodskapper.
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Ons lewende geskiedenis
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat het jy nuut geleer oor Suid Afrikaanse geskiedenis?
   b. Waarvan sal jy graag wil weet oor Suid Afrikaanse geskiedenis?
   c. Waarvan sal jy graag wil weet oor jou familie se geskiedenis?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - voorouers
   - boodskapper
   - boodskap
   - interpreteer

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2. Sê die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   - a **fraai**
   - b **frons**
   - c **fris**
   - d **frommel**
   - e **fliek**
   - f **fles**
   - g **flou**
   - h **flap**
3. Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: ’n Goddelike boodskapper
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n bedankingskaartjie vir iemand wat jou van jou geskiedenis geleer het.

**OPDRAG:** Skryf 'n bedankingskaartjie.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Liewe ....**

**Dankie dat ....**

**Ek het geleer dat ....**

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n bedankingskaartjie gaan skryf vir iemand wat hulle van hul geskiedenis geleer het.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle, hulle eie kaartjies gaan maak. Neem 'n skoon vel papier en wys leerders hoe jy die papier in die helfte vou.
3. Verduidelik aan die leerders dat hulle op die voorkant van die kaartjie 'n mooi prent moet teken en die woord 'dankie' moet skryf.
4. Teken twee reghoeke op die swartbord om die voorkant en binnekant van die kaartjie voor te stel.
5. **Demonstreer** deur 'n prent aan die voorkant van die kaartjie te teken.
6. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
7. Verduidelik aan die leerders jou idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek wil my ouma bedank omdat sy my van haar kinderjare vertel het. Ek het geleer dat toe sy klein was moes sy skool toe loop want haar gesin het nie 'n motor gehad nie en daar was ook nie 'n bus nie.
8. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Liewe Ouma. Baie dankie dat Ouma my van Ouma se kinderjare vertel het. Ek het geleer dat Ouma skool toe geloop het want Ouma se gesin het nie 'n motor gehad nie.
9. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende mense vir wie leerders kan skryf.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: ouma, oupa, tannie, oom, ens.
3. Vra aan leerders: Wat het jy geleer?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle idee.

6 Vra 2–3 leerders om jou te vertel wat hulle geleer het.
7 Hulle moet sê: Dankie dat... / Ek het geleer dat...
8 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


### SKRYFWERK


1 Deel skoon velle papier uit.
2 Gee leerders die instruksie om hulle vel papier in die helfte te vou soos ’n kaartjie.
3 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
4 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
5 Help leerders om ’n sin te skryf.
6 Moedig leerders aan.


### DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad** 6 het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 6

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/kw/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/kw/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **kwaad, kwaai, kwaak**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **kweek, kwas, kwaak, kwaai, kwes**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **kw**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

kw kw kw kw

kweek kweek

kwas kwas

kwaak kwaak

kwaai kwaai

kwes kwes

Sy verf met 'n kwas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

WEEK 6

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **'n Goddelike boodskapper**<br><br>"Kyk!" roep ek my ouma een middag, ek hou 'n bidsprinkaan in die palm van my hand. | – |
| My ouma glimlag. "Dantago, ek wil jou vertel van jou Nama voorvaders," sê sy, soos wat sy die bidsprinkaan in haar eie hand neem. "Hulle was deel van 'n groter groep mense wat die Khoisan genoem word, die oorspronklike mense wat in hierdie land gewoon het – die land wat ons nou Suid-Afrika noem," sê sy.<br><br>"Ons voorvaders het geglo dat die bidsprinkaan 'n goddelike boodskapper was. Wanneer ons voorvaders 'n bidsprinkaan soos hierdie een gesien het, het hulle geglo dit bring 'n belangrike boodskap van die gode," verduidelik sy. | Ek maak die **verbinding** met die storie wat ons laas gelees het. In beide die stories is die vertellers hulle grootouers, wat vir hulle stories van die verlede vertel. |
| Ek kyk mooi na die bidsprinkaan wat op my ouma se hand rus.<br><br>"As ons voorvaders in 'n moeilike situasie was en 'n bidsprinkaan gesien sit het op 'n klip of die grond, het hulle gebuk en vir die bidsprinkaan die vraag gevra wat op hul hart was," sê sy, soos wat sy die bidsprinkaan neersit op die vensterbank.<br><br>Ek stel myself voor hoe my voorvaders gebuk het en die boodskap van die klein insek vertolk het. | **Beide** Dantago en Aziz leer oor hulle familiegeskiedenis deur hulle grootouers. Ek dink grootouers kan ons baie leer oor waar ons families vandaan kom. |
| "Watter tipe boodskap kan 'n bidsprinkaan dra?" vra ek my ouma.<br><br>"'n Bidsprinkaan dra verskillende boodskappe, maar hulle het veral boodskappe oor die reën gedra," verduidelik sy. "Ons voorvaders het die bidsprinkaan dopgehou om te sien of reën gou verwag kon word of nie. | Dit lyk asof beide Dantago en Aziz baie het om te leer oor hulle familiestories. |
| "Glo ons ook dat bidsprinkane boodskappe dra?" vra ek. Ek buk af en vra uit my hart of daar binnekort gaan reën kom. Ek staar na die bidsprinkaan en probeer sien of daar gaan reën kom.<br><br>"Ek dink nie ek kan die boodskappe lees nie," bieg ek. | – |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| “Wel,” sê my ouma, “soos jy weet het ons mense verskillende maniere om te praat met God en ons voorvaders. Soos wat jy ouer word, sal jy besluit wat vir jou reg voel. Maak nie saak wat jy glo nie, jy moet versigtig luister vir boodskappe – soms mag hulle deur ’n bidsprinkaan kom,” verduidelik sy. | Ek maak die **verbinding** – in beide die stories sien ons dat daar verskillende maniere is waarop mense bid en hul geloof uitoefen. |
| “Wat het gebeur met ons Nama voorvaders?” vra ek my ouma en probeer dink waarheen hul kon gegaan het.<br><br>Sy is stil vir ’n paar minute. Ek kan sien sy is diep in gedagte. | Die lewe het met die verloop van tyd vir **beide** Dantago en Aziz se families verander. Ons leer oor sommige maniere waarop die lewe verander het in beide die stories. |
| “Ons Nama voorvaders was jagter versamelaars. Dit beteken hulle het gejag vir vleis en ook kos van plante uit die veld bymekaar gemaak. Vandag, is daar nie meer wilde diere wat vry rondloop om te jag nie. Die land is van ons voorvaders geneem, so hulle kon nie meer kos bymekaar maak nie. Ons voorvaders is op baie maniere onregverdig behandel,” sê sy. | Ek maak die **verbinding**. Beide Aziz en Dantago se voorvaders se land is van hulle weggeneem. Hulle is onregverdig behandel. |
| Ek dink aan ons voorvaders met pyle en boeë, versigtig besig om die spore van ’n koedoe te volg. Ek dink aan hoe hulle wortels uitgegrawe en bessies versamel het om te eet. Ek dink aan mense wat hulle land van hulle kom steel het. | Beide Aziz en Dantago moet sekere dele van hulle voorvaders se lewens vir hulself ***verbeel***, want hulle land is van hulle gesteel. |
| “Dantago, ek wil hê jy moet altyd onthou wat belangrik is vir ons as Nama mense. Jy weet hoeveel ons omgee vir die natuur en die gemeenskap,” gaan sy aan. “Dit is hoekom ek jou alles wat ek weet leer van ons kultuur. Dit is ons plig om daardie waardes lewendig te hou en op daardie manier ons voorvaders te eer.” | **Beide** hulle grootouers wil hê hulle moet hulle voorvaders onthou en om nooit hulle familie se geskiedenis te vergeet nie. |
| Ek dink daaraan hoe my ouma elke naam en waarde van elke plant in die natuur ken. Ek wonder of daardie kennis van ons voorouers kom – van die spesiale waarde wat hul op die natuur geplaas het. | – |
| Soos wat die bidsprinkaan wegloop, dink ek aan my voorouers en die baie belangrike lesse wat ek nog van hulle kan leer. | Ek kan sien dat selfs al het van Dantago se voorouers se kennis en tradisies verlore gegaan, is daar nog baie om te leer en lewendig te hou. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Dantago haar ouma gewys? | Sy het haar ouma ʼn bidsprinkaan gewys. |
| Wie was Dantago se voorouers? | Dantago se voorouers was Nama mense, ʼn deel van die Khoisan ras. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy het Dantago se ouma haar vertel van haar voorvaders? | • Omdat sy wil hê Dantago moet leer van haar voorouers se tradisies.<br>• Omdat dit belangrik is dat Dantago haar familiegeskiendenis ken.<br>• Omdat sy wil hê Dantago moet belangrike lesse vanaf haar voorvaders leer.<br>• Omdat sy wil hê Dantago moet help om hulle waardes lewendig te hou – om dit te eer. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ʼn **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - dwaal
   - natuur
   - waarde
   - kultuur

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.




WEEK 6

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: **/kl/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat waarin **/kl/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: klim, klas, klip**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **klim, klip, klas, kleur, klok**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **kl**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

k l k l   k l k l

klim klim

klip klip

klas klas

kleur kleur

klok klok

Koos klim op die klip.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 6

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n bedankingskaartjie vir iemand wat jou van jou geskiedenis geleer het.

**OPDRAG:** Skryf 'n bedankingskaartjie.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Liewe ....**

**Dankie dat ....**

**Ek het geleer dat ....**

**Ek voel...**

**Liefde ....**

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek voel dankbaar teenoor my ouma. Ek het opgewonde gevoel om meer oor haar lewe te leer.
5. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: **Ek voel** gelukkig dat Ouma my van Ouma se lewe vertel het.
6. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor gevoels woorde.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: gelukkig, dankbaar, gemaklik ens.
3. Vra aan leerders: Hoe voel jy?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met 'n maat oor hulle idees.
6. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel hoe hulle voel.
7. Hulle moet sê: Ek voel...
8. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken!


## SKRYFWERK


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **kwaak**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/kw/-/aa/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kw/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/aa/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kwaak**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/kw/-/aa/-/k/ = kwaak**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **klip**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **kwas**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kw/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/kw/-/a/-/s/**
7 Skryf die woord: **kwas**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/kw/-/a/-/s/ = kwas**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **klas**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: EK WONDER; EK LEI AF**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **'n Goddelike boodskapper**<br>"Kyk!" roep ek my ouma een middag, ek hou 'n bidsprinkaan in die palm van my hand. | Ek onthou in hierdie storie dat Dantago se ouma haar leer oor haar Nama voorvaders. Ek wonder wie Dantago se ouma van haar voorvaders geleer het? |
| My ouma glimlag. "Dantago, ek wil jou vertel van jou Nama voorvaders," sê sy, soos wat sy die bidsprinkaan in haar eie hand neem. "Hulle was deel van 'n groter groep mense wat die Khoisan genoem word, die oorspronklike mense wat in hierdie land gewoon het – die land wat ons nou Suid-Afrika noem," sê sy.<br>"Ons voorvaders het geglo dat die bidsprinkaan 'n goddelike boodskapper was. Wanneer ons voorvaders 'n bidsprinkaan soos hierdie een gesien het, het hulle geglo dit bring 'n belangrike boodskap van die gode," verduidelik sy. | Ek **wonder** of Dantago se ouma ook glo dat 'n bidsprinkaan 'n goddelike boodskapper is? |
| Ek kyk mooi na die bidsprinkaan wat op my ouma se hand rus.<br>"As ons voorvaders in 'n moeilike situasie was en 'n bidsprinkaan gesien sit het op 'n klip of die grond, het hulle gebuk en vir die bidsprinkaan die vraag gevra wat op hul hart was," sê sy, soos wat sy die bidsprinkaan neersit op die vensterbank.<br>Ek stel myself voor hoe my voorvaders gebuk het en die boodskap van die klein insek vertolk het. | Ek **wonder** of Dantago se ouma al ooit 'n bidsprinkaan 'n vraag gevra het wat op haar hart was? Selfs of haar oumagrootjie vrae gevra het? Ek wonder hoe oud hierdie geloof is? |
| "Watter tipe boodskap kan 'n bidsprinkaan dra?" vra ek my ouma.<br>"'n Bidsprinkaan dra verskillende boodskappe, maar hulle het veral boodskappe oor die reën gedra," verduidelik sy. "Ons voorvaders het die bidsprinkaan dopgehou om te sien of reën gou verwag kon word of nie. | Ek **wonder** of Dantago se ouma weet hoe om die boodskappe vanaf die bidsprinkaan te 'lees'? |
| "Glo ons ook dat bidsprinkane boodskappe dra?" vra ek. Ek buk af en vra uit my hart of daar binnekort gaan reën kom. Ek staar na die bidsprinkaan en probeer sien of daar gaan reën kom.<br>"Ek dink nie ek kan die boodskappe lees nie," bieg ek. | Ek **wonder** of Dantago gaan leer hoe om boodskappe van die bidsprinkaan te lees, net soos haar voorouers? |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Wel," sê my ouma, "soos jy weet het ons mense verskillende maniere om te praat met God en ons voorvaders. Soos wat jy ouer word, sal jy besluit wat vir jou reg voel. Maak nie saak wat jy glo nie, jy moet versigtig luister vir boodskappe – soms mag hulle deur 'n bidsprinkaan kom," verduidelik sy. | Ek kan **aflei** dat Dantago se ouma haar wil leer van haar voorvaders se geloof – selfs al het sy 'n verskillende geloof as hulle. |
| "Wat het gebeur met ons Nama voorvaders?" vra ek my ouma en probeer dink waarheen hul kon gegaan het.<br><br>Sy is stil vir 'n paar minute. Ek kan sien sy is diep in gedagte. | – |
| "Ons Nama voorvaders was jagter versamelaars. Dit beteken hulle het gejag vir vleis en ook kos van plante uit die veld bymekaar gemaak. Vandag, is daar nie meer wilde diere wat vry rondloop om te jag nie. Die land is van ons voorvaders geneem, so hulle kon nie meer kos bymekaar maak nie. Ons voorvaders is op baie maniere onregverdig behandel," sê sy. | Ek **lei af** dat sommige van hul voorvaders se manier van lewe nou verander het, as gevolg van die onregverdige behandeling wat hulle ontvang het. |
| Ek dink aan ons voorvaders met pyle en boeë, versigtig besig om die spore van 'n koedoe te volg. Ek dink aan hoe hulle wortels uitgegrawe en bessies versamel het om te eet. Ek dink aan mense wat hulle land van hulle kom steel het. | Ek **wonder** of Dantago se familie steeds so sou lewe as haar voorvaders se land nie van hulle gesteel was nie? |
| "Dantago, ek wil hê jy moet altyd onthou wat belangrik is vir ons as Nama mense. Jy weet hoeveel ons omgee vir die natuur en die gemeenskap," gaan sy aan. "Dit is hoekom ek jou alles wat ek weet leer van ons kultuur. Dit is ons plig om daardie waardes lewendig te hou en op daardie manier ons voorvaders te eer." | Ek kan **aflei** dat Dantago se ouma wil hê sy moet van haar voorvaders se tradisies weet – sodat hierdie tradisies lewendig sal bly deur stories oor te vertel. |
| Ek dink daaraan hoe my ouma elke naam en waarde van elke plant in die natuur ken. Ek wonder of daardie kennis van ons voorouers kom – van die spesiale waarde wat hul op die natuur geplaas het. | Ek **lei af** dat Dantago se ouma spesiale kennis het, as gevolg van die lesse wat sy by haar voorouers geleer het. |
| Soos wat die bidsprinkaan wegloop, dink ek aan my voorouers en die baie belangrike lesse wat ek nog van hulle kan leer. | Ek **lei af** dat Dantago spesiale kennis sal hê as gevolg van haar voorvaders. |

WEEK 6

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat is die een ding wat Dantago oor haar voorouers geleer het? | • Sy het geleer dat haar voorouers gedink het die bidsprinkaan is 'n goddelike boodskapper.<br>• Sy het geleer dat haar voorouers jagter versamelaars was.<br>• Sy het geleer dat haar voorouers baie waarde heg aan die natuur en gemeenskap.<br>• Ens. |
| Wat is een ding wat jy van jou voorvaders weet? | *Ek weet …* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is dit belangrik dat jy van eie jou familiegeskiedenis moet leer? | • Omdat ons lesse vanaf ons voorvaders kan leer.<br>• Omdat dit belangrik is om tradisies van die verlede lewendig te hou.<br>• Omdat dit ons meer kan leer van onsself en ons identiteit. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- goddelik
- bidsprinkaan
- leer 'n les

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| As jy weet waar jy vandaan kom, | *Staan met jou hande in jou sy en trek jou skouers op* |
| Dan maak alles sin! | *Steek jou wysvinger in die lug.* |
| So vra vir oupa en ouma, pappa en mamma om jou van jou herkoms te vertel | - |
| Dan sal alles in plek val. | *Klap jou hande* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie........
Ek het geleer dat ...
Ek dink Dantago het ...gevoel want...
**2** Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
**4** Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
**5** Roep die klas tot aandag.
**6** Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **kw** | **kl** | **k** |
| **a** | **e** | **s** |
| **i** | **m** | **p** |
| **u** | **o** | **r** |

**EK DOEN...**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kw/** en **/kl/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/kl/-/o/-/k/ = klok**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/kw/ of /kl/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/k/-/u/-/s/ = kus**

**LEERDERS DOEN...**


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kw, kl**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **kweek, kwas, kwaak, kwaai, kwes, klim, klip, klas, kleur, klok, kus, ram, sop, muur, mooi, krom, skaap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute


### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets wat hulle in die storie, ’n Goddelike boodskapper geleer het gaan praat.
2. Leerders sal ook ’n **verbinding** met verlede week se storie *My oupa se storie* maak.
3. **Demonstreer** deur in 1 tot 2 sinne van **iets wat jy van die storie geleer het te vertel**, soos: **Ek het geleer dat** bidsprinkane goddelike boodskappers was. Ek kan ’n **verbinding** tussen die storie en verlede week se storie maak want beide Aziz en Dantago het nuwe goed van hulle grootouers geleer.
4. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
5. Vertel die leerders om te dink oor wat hulle geleer het en om ’n verbinding tussen die stories te maak.
6. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
7. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
8. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met ’n maat en **in hulle eie woorde te vertel wat hulle geleer het.**
9. (Die leerders moet hulle eie idees gee en nie ’n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)





## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 4

# Week 7

# TEMA:

## Wetenskap is pret

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: ’n prent van ’n kind wat hulle eerste entstof kry.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: doen navorsing oor wetenskap, wat wetenskaplikse doen ens.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 84, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 85–86, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 88–89, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n keer to jy die kliniek besoek het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Die eerste entstof
2. Vertel aan leerders dat ons ’n nuwe tema begin: Wetenskap is pret
3. Teken ’n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is wetenskap
   b. Wat studeer wetenskaplikes
   c. Hoe gebruik ons wetenskap elke dag

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - wetenskap
   - entstof
   - eksperiment

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| ’n goeie plan kan ’n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat ’n fees! | - |

## Handskrif

15 minute

1. Sê aan die leerders om hul skrifte oop te maak.
2. Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - a **kweek**
   - b **kwas**
   - c **kwaak**
   - d **kwaai**
   - e **kwes**
   - f **klim**
   - g **klip**
   - h **klas**
   - i **kleur**
   - j **klok**
3. Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die eerste entstof
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor goed in die natuur waaroor jy meer sal wil weet.

**OPDRAG:** Teken ’n prent en maak ’n lys met opskrifte.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek is nuuskierig oor:**

**1. ...**

**2. ...**

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor goed in die natuur waaroor hulle nuuskierig is gaan skryf.
2 Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders.
3 Wys aan die leerders die **opskrif** *(Ek is nuuskierig oor*). Verduidelik dat ’n opskrif jou vertel waaroor ’n lys handel**.**
4 Verduidelik dat ons vandag ’n **lys** gaan maak. Dit beteken dat ons twee goed gaan kies waaroor ons nuuskierig is en dit gaan neer skryf.
5 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
6 Vertel leerders van ’n paar idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi , soos: Ek is nuuskierig oor die oseaan. Daar is soveel van die oseaan wat ek nie weet nie. Ek is veral nuuskierig oor walvisse wat in die oseaan woon.
7 **Demonstreer** deur ’n prent van jouself wat oor die twee goed dink deur **denk borrels** te teken.
8 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord.**
9 **Demonstreer** deur die eerste item van die lys te voltooi: Ek is nuuskierig oor die oseaan.
10 **Demonstreer** deur die tweede item van die lys te voltooi: Ek is nuuskierig oor walvisse.
11 **Sê woorde stadig soos ’n skilpad en skryf die klanke wat jy ken neer.**
12 Gebruik **hulpbronne** soos sigwoorde en tema woordeskat woorde.
13 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum met die leerders oor goed waaroor leerders nuuskierig is.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: plante, natuur, ruimte, Mars, diere, klimaatsverandering, ens
3 Vra aan leerders: Waaaroor is jy nuuskierig?

4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle idees.
6 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iets waaroor hulle nuuskierig is.
7 Hulle moet sê: Ek is nuuskierig oor...
8 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

### SKRYFWERK


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op* ***leerder*** *ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad** 7 het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 7

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening Van Klanke En Woorde

**HERSIEN KLANKE**

1 Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/kr/ /st/ /sw/ /sm/ /sk/ /sp/ /pl/ /vl/ /fr/ /fl/ /kw/ /kl/**
2 Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
3 Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Stout Jan stap in die pad.

Die swaan swem in die dam.

# Gedeelde Lees:

15 Minute

## Aanvangslees


### BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die eerste inenting**<br><br>Jy is heel moontlik al vantevore ingeënt, maar het jy al ooit gewonder hoe inenting werk? Weet jy wat gebeur wanneer die naald in jou arm ingaan?<br><br>Wanneer jy 'n inenting kry, word 'n klein bietjie van 'n siekte in jou liggaam ingespuit. Dit help jou liggaam om te bou aan die nodige middels om jou liggaam te help om te veg teen hierdie siekte. Dit beteken jy sal moontlik nie in die toekoms hierdie siekte kry nie. | – |
| Pokke was 'n siekte wat eens op 'n tyd miljoene mense regoor die wêreld doodgemaak het. Deesdae bestaan hierdie siekte nie meer nie, danksy 'n man met die naam Edward Jenner. Hy het die eerste inenting ontwikkel om hierdie dodelik siekte hok te slaan. | Ek kan die **afleiding** maak dat Pokke 'n vreeslike siekte was! |
| Edward Jenner het meer as twee honderd jaar gelede in Engeland gewoon. Edward het gesien dat baie mense in sy gemeenskap siek word en doodgaan van Pokke. Hierdie siekte het enige iemand aangeval – jonk of oud, ryk of arm. Tog het almal geweet dat die melkmeisies – die vroue wat koeie gemelk het – omtrent nooit Pokke gekry het nie. Edward het gewonder hoekom. | Kom ons **evalueer** die probleem in hierdie storie: toe Edward Jenner gelewe het, was Pokke 'n aaklige siekte wat baie mens doodgemaak het! |
| Edward het besluit om die melkmeisies dop te hou. Hy het gesien dat koeie 'n soortgelyk siekte kry, dit word Koeipokke genoem. Die melkmeisies het siek geword met Koeipokke, maar hulle het altyd gesond geword. Daarna, kon hulle in dieselfde vertrek as iemand met Pokke wees, maar hulle sou nie die dodelike siekte kry nie!<br><br>Edward het besef dat Koeipokke die melkmeisies beskerm het. Hy het gedink dat Koeipokke hulle liggame help bou aan die nodige weerstand om te veg teen hierdie siekte, maar hy moes eers sy idee toets. | Edward het gedink dat Koeipokke die oplossing is vir Pokke! |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Edward het 'n melkmeisie opgespoor wat siek was met Koeipokke. Hy het toe van die vloeistof van een van haar blasies geneem. Edward het hierdie vloeistof ingespuit in die arm van 'n agtjarige seuntjie. Die seuntjie se naam was James. Edward wou sien of hierdie klein inspuiting James se liggaam kon help om die nodige weerstand op te bou om Pokke te beveg. | Kom ons **evalueer** die oplossing in die storie: Edward het gedink om James in te spuit met Koeipokke is 'n goeie idee, want dit mag hom beskerm teen die dodelike siekte Pokke! |
| Toe het Edward vir arme klein James in 'n kamer, met mense wat siek is aan Pokke, gesit. Hy het gewag om te sien of Jame siek word, maar Edward se idee was reg. Die klein bietjie Koeipokke het James se lyf gehelp om te bou aan die nodige weerstand om te veg teen Pokke. James het nooit siek geword nie! | Edward se idee het gewerk! Die Koeipokke het James beskerm teen Pokke, net soos Edward gedink het sal gebeur. |
| Edward het toe geweet sy idee was reg – deur 'n klein bietjie van 'n siekte te hê, kan jy jou liggaam regkry om te veg en jou te beskerm! Danksy die werk van Edward Jenner, het ons nou inentings om ons te beskerm teen baie dodelike siektes! | Ons het nou inentings wat dieselfde doen as wat Edward gedoen het. Ek maak die **afleiding** dat baie mense gedink het sy idee is briljant! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het Edward Jenner uitgevind? | • Hy het die eerste inenting uitgevind.<br>• Hy het die inenting vir Pokke uitgevind. |
| Wat het Edward Jenner gedink beskerm die melkmeisies teen Pokke? | Hy het gedink Koeipokke beskerm die melkmeisies teen Pokke. |

| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoekom het Edward Jenner vir James ingespuit met Koeipokke? | • Omdat hy gesien het die melkmeisies kry nie Pokke nadat hulle Koeipokke gehad het nie.<br>• Omdat hy wou sien of Koeipokke vir James kon beskerm teen Pokke.<br>• Omdat hy sy idee wou toets. |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- siekte
- inspuit
- naald

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| ’n goeie plan kan ’n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat ’n fees! | - |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening Van Klanke En Woorde

**HERSIEN WOORDE**

1 Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3 As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

_______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Mamma smeer room aan.

Die krap knyp met krag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

_______________________________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor goed in die natuur waaroor jy meer sal wil weet.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en maak 'n lys met opskrifte.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek is nuuskierig oor:**

**1. ...**

**2. ...**

**Vrae wat ek het:**

**4 ....**

**5 ....**

**DEMONSTRASIE**

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag sinne by Maandag se skryfwerk gaan voeg.

2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag aan vrae moet dink wat hulle het oor die goed wat hulle in die eerste deel van hulle lys geskryf het. Byvoorbeeld, Ek het geskryf dat ek nuuskierig oor die oseaan en walvisse is. So ek gaan oor vrae van die oseaan en walvisse dink.

3 Lees die nuwe skryfraamwerk hardop aan die leerders.

4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.

5 Vertel leerders van 'n paar idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Daar is branders in die oseaan maar ek weet nie waar hulle vandaan kom nie. Ek wonder waarom is daar branders in die oseaan is.

6 **Demonstreer** deur goed by jou prent te voeg, soos: jouself wat oor die vraag dink.

7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord.**

8 Verduidelik dat ons vandag vrae gaan skryf,leerders moet dus 'n vraagteken aan die einde van elke sin skryf.

9 **Demonstreer** deur die eerste item van die tweede deel van die lys te voltooi: Waarom is daar branders in die oseaan?

10 **Demonstreer** deur die tweede item van die tweede deel van die lys te voltooi: Wat eet walvisse?

11 **Sê woorde stadig soos 'n skilpad en skryf die klanke wat jy ken neer.**

12 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Watter vrae het julle oor die goed waaroor jy nuuskierig is?
2. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
3. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle idees.
4. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van hulle vrae.
5. Hulle moet hulle vrae vra.
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken.


## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om 'n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




Ek is nuuskieerig




Vrae wat ek het:



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN…**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **krap, stap**
2 Sê die woord: **krap**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/kr/-/a/-/p/**
4 Sê die begin klank van die woord: **/kr/**
5 Sê die middelste klank van die woord: **/a/**
6 Sê die eind klank van die woord: **/p/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **krap**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/kr/-/a/-/p/** = **krap**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **stap**

**ONS DOEN…**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **smeer, smoor**
2 Sê die woord: **smeer**
3 Vra ’n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/sm/**
4 Vra ’n maat: Wat is die middelste klank van die woord? **/ee/**
5 Vra ’n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/r/**
6 Vra ’n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/sm/-/ee/-/r/**
7 Skryf die woord: **smeer**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/sm/-/ee/-/r/** = **smeer**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **smoor**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: Herhaalde Lees


15 minute

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die eerste inenting**<br>Jy is heel moontlik al vantevore ingeënt, maar het jy al ooit gewonder hoe inenting werk? Weet jy wat gebeur wanneer die naald in jou arm ingaan?<br>Wanneer jy 'n inenting kry, word 'n klein bietjie van 'n siekte in jou liggaam ingespuit. Dit help jou liggaam om te bou aan die nodige middels om jou liggaam te help om te veg teen hierdie siekte. Dit beteken jy sal moontlik nie in die toekoms hierdie siekte kry nie. | – |
| Pokke was 'n siekte wat eens op 'n tyd miljoene mense regoor die wêreld doodgemaak het. Deesdae bestaan hierdie siekte nie meer nie, danksy 'n man met die naam Edward Jenner. Hy het die eerste inenting ontwikkel om hierdie dodelik siekte hok te slaan. | Edward Jenner het die oplossing gevind om 'n inenting te maak voor enige iemand anders. Ek maak die **afleiding** dat hy 'n baie slim mens moes wees! |
| Edward Jenner het meer as twee honderd jaar gelede in Engeland gewoon. Edward het gesien dat baie mense in sy gemeenskap siek word en doodgaan van Pokke. Hierdie siekte het enige iemand aangeval – jonk of oud, ryk of arm. Tog het almal geweet dat die melkmeisies – die vroue wat koeie gemelk het – omtrent nooit Pokke gekry het nie. Edward het gewonder hoekom. | Ek maak die **afleiding** dat Edward 'n nuuskierige mens was. Hy was nuuskierig hoekom die melkmeisies nie Pokke kry nie! |
| Edward het besluit om die melkmeisies dop te hou. Hy het gesien dat koeie 'n soortgelyk siekte kry, dit word Koeipokke genoem. Die melkmeisies het siek geword met Koeipokke, maar hulle het altyd gesond geword. Daarna, kon hulle in dieselfde vertrek as iemand met Pokke wees, maar hulle sou nie die dodelike siekte kry nie!<br>Edward het besef dat Koeipokke die melkmeisies beskerm het. Hy het gedink dat Koeipokke hulle liggame help bou aan die nodige weerstand om te veg teen hierdie siekte, maar hy moes eers sy idee toets. | Edward was het gewonder hoe hy Koeipokke kon gebruik om mense teen Pokke te beskerm. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Edward het ’n melkmeisie opgespoor wat siek was met Koeipokke. Hy het toe van die vloeistof van een van haar blasies geneem. Edward het hierdie vloeistof ingespuit in die arm van ’n agtjarige seuntjie. Die seuntjie se naam was James. Edward wou sien of hierdie klein inspuiting James se liggaam kon help om die nodige weerstand op te bou om Pokke te beveg. | Edward was so nuuskierig. Hy ’n klein seuntjie met Koeipokke ingespuit! Ek dink dit is ’n gewaagde idee! Hy kon James siek gemaak het met Koeipokke! |
| Toe het Edward vir arme klein James in ’n kamer, met mense wat siek is aan Pokke, gesit. Hy het gewag om te sien of Jame siek word, maar Edward se idee was reg. Die klein bietjie Koeipokke het James se lyf gehelp om te bou aan die nodige weerstand om te veg teen Pokke. James het nooit siek geword nie! | Hierdie is selfs ’n meer gewaagde idee! Dink net as hy verkeerd was en James het Pokke gekry! James kon doodgaan. Ek maak die afleiding dat Edward se nuuskierigheid hom groot risiko’s laat neem het! |
| Edward het toe geweet sy idee was reg – deur ’n klein bietjie van ’n siekte te hê, kan jy jou liggaam regkry om te veg en jou te beskerm! Danksy die werk van Edward Jenner, het ons nou inentings om ons te beskerm teen baie dodelike siektes! | Edward se eksperiment was baie gewaagd! Op die ou einde het sy nuuskierigheid gehelp om miljoene en miljoene mense te beskerm. Ek maak die **afleiding** dat die risko die moeite werd was! Ek wonder wat jy dink? |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat was die probleem wat Edward wou oplos? | Hy wou mense keer om siek te word met Pokke. |
| Wat was die oplossing wat hy getoets het? | • Hy het ’n toets gedoen deur James met Koeipokke in te spuit.<br>• Hy het getoets of James Pokke sal kry nadat hy ingespuit is met Koeipokke. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Kan jy ’n afleiding maak? Wat dink jy van Edward se idee om James in ’n kamer te sit met mense wat Pokke gehad het? | • Ek dink was ’n goeie idee, want …<br>• Ek dink dit was ’n slegte idee, want … |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gevaarlik
- risiko
- immuniteitstelsel
- immuniteit

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| 'n goeie plan kan 'n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat 'n fees! | - |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie
Ek dink Edward Jenner was ... want ...
Die storie hou verband met die tema '*Wetenskap is pret*' want ....
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Vra aan die leerders om elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **st** | **sw** |
| **a** | **s** | **e** |
| **sm** | **sk** | **sp** |
| **l** | **i** | **m** |
| **pl** | **vl** | **fr** |
| **o** | **k** | **u** |
| **fl** | **kw** | **kl** |
| **r** | **n** | **p** |

**EK DOEN...**

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN...**


1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die swartbord te skryf..

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets wat hulle in die storie, Die eerste entstof, geleer het gaan praat.
2. D**emonstreer** deur in 1 tot 2 sinne van **iets wat jy van die storie geleer het te vertel**, soos: Ek het geleer dat daar op ’n tyd ’n dodelike siekte met die naam Pokke was.
3. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
4. Vertel die leerders om te dink oor wat hulle van die storie, *Die eerste entstof,* geleer het.
5. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
6. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders in hulle sinne maak.
7. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met ’n maat en **in hulle eie woorde te vertel wat hulle geleer het.**
8. (Die leerders moet hulle eie idees gee en nie ’n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 4

# Week

# 8

# TEMA:

## Wetenskap is pret

## Voorbereiding Van Klaskamer

1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring prente van verskillende wetenskaplikes
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor verskillende wetenskaplike loopbane.
6 Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 90–91, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 92–93, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 94, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van jouself as ’n wetenskaplike. Watter soort wetenskap sal jy graag wil studeer?

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders 'n prent van Limani wat haar eksperiment op stel in die Grootboek storie: <u>Limani se eksperiment.</u>
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: <u>Wetenskap is pret</u>
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  a Watter nuwe goed het jy oor wetenskap geleer?
  b Hoe kan wetenskap ons help?
  c Watter soort wetenskap is vir jou interessant?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - lewendig
  - dood
  - oorleef

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| 'n goeie plan kan 'n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat 'n fees! | - |



## Handskrif 15 minute

1 Sê aan die leerders om hul skrifte oop te maak.
2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  a **krap**
  b **stam**
  c **swem**
  d **spuit**

- e **vlieg**
- f **plak**
- g **frommel**
- h **kleur**
- i **kwaak**
- j **fliek**

3 Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.

4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.

5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

#### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.

2 Maak die Grootboek oop by die storie: Limani se eksperiment

3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.

4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.

5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.

6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP: Skryf oor data wat jy versamel het.**

**OPDRAG: Versamel data en skryf daaroor.**

**SKRYFRAAMWERK: Nie van toepassing nie**

## DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag aan 'n vraag gaan dink wat hulle, hul klasmaats graag wil vra.
2 Verduidelik dat leerders 'n opname gaan doen. Hulle moet 'n vraag neer skryf met twee or drie antwoorde waarvan hulle maats kan kies. Daarna moet hulle, hul klasmaats die vraag vra en aantekening maak van hoeveel maats elke antwoord kies.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4 Verduidelik aan die leerders jou idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek wil weet of my maats meer van lees of van wiskunde hou. Ek sal hulle vra of hulle meer van lees of van wiskunde hou.
5 **Demonstreer** deur 'n opname te teken met die vraag bo en die antwoord opsies onder. Hou jy meer van lees of van wiskunde?

| | |
|---|---|
| | |
| Lees | Wiskunde |

6 Verduidelik die vraag wat jy gaan vra. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Hou jy meer van lees of van wiskunde?
7 Verduidelik dat die antwoord opsies of lees of wiskunde is.
8 Demonstreer hoe om data deur 'n opname te versamel. Vra 3–4 leerders die vraag en maak 'n aantekening van hulle antwoorde deur 'n strepies in die opname te trek.
9 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende vrae.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: Watter vrug verkies jy? Hoe kom jy by die skool? Hoeveel sibbe het jy? ens.
3 Vra aan leerders: Watter vraag wil jy jou maats vra?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle idee.
6 Vra 2–3 leerders om jou hulle vraag te vertel.
7 Hulle moet hulle vraag vra en die antwoord opsies verduidelik.
8 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK


1 Deel skoon velle papier uit.
2 Gee leerders die instruksie om hulle vraag bo op die bladsy te skryf en die opsies onder aan die bladsy te skryf.
3 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**

4 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
5 Help leerders om ’n sin te skryf.
6 Moedig leerders aan.

## VERSAMEL DATA

1 Gee leerders die instruksie om deur die klas te loop en ten minste vyf ander leerders hulle vraag te vra.
2 Herinner leerders om ’n strepie bo die antwoord wat geskies word te trek.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag die data vir ons skrywerk gaan gebruik**.





## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening Van Klanke En Woorde

**HERSIEN KLANKE**

1 Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/kr/ /st/ /sw/ /sm/ /sk/ /sp/ /pl/ /vl/ /fr/ /fl/ /kw/ /kl/**
2 Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individuele leerders om die klanke te lees.
3 Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Koos klim op die klip.

Tumi het ’n fraai rokkie aan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Limani se eksperiment**<br>Limani se oom het vir haar 'n pragtige orgideë vir haar verjaarsdag gegee. "Pas die plant goed op!" het hy vir Limani gesê. Limani het die orgideë op haar bedkassie gesit. | – |
| Maar na 'n paar weke het die plant doodgegaan.<br>Limani het die plant uitgebring en vir haar ouers gewys. "Ek verstaan nie – ek het gedink ek is goed vir my plant," sê sy. "Wat het met dit gebeur?" | Ek **wonder** hoekom Limani se plant doodgegaan het? Ek **wonder** of dit alles gehad het wat dit nodig het om te oorleef? |
| Limani se mamma lag. "O Limani! Ek is jammer – ek het gedink jy weet hoe om vir plante te sorg. Dit is ons fout – ons moes jou geleer het wat plante nodig het om te oorleef! Plante is lewende goed, net soos ek en jy. Hulle het dieselfde goed as ons nodig om te oorleef!"<br>"Ek het nie geweet plante is lewende goed nie!" sê Limani verras. "Beteken dit plante haal asem, soos ons?" "Ja, dit is reg," sê Limani se ma. "Plante haal asem – net soos ons."<br>"Wel ek dink my orgideë het lug gehad om asem te haal," sê Limani.<br>"Ja, maar plante het ook water nodig om te oorleef – net soos ons. Alle lewende goed het water nodig? Het jy jou orgideë water gegee?" vra Limani se ma haar.<br>Limani skud haar kop. "Ek het nie geweet plante het water nodig nie! My orgideë moes so dors gewees het!"<br>"Wat van kos? Ons het kos nodig om te oorleef, reg? Wat eet plante?" vra Limani nuuskierig.<br>"Wel, dit is hoekom plante sonlig nodig het. Hulle verander sonlig in hul eie kos! Dink jy jou orgideë het genoeg sonlig gekry om kos vir homself te maak?" vra Limani se ma haar.<br>Limani skud haar kop. "Nee, my slaapkamer is nogal donker."<br>"Plante het vitamiene en voedingstowwe nodig, hulle kry dit van die grond. Ek dink jou orgideë het grond gehad, maar nie genoeg lig nie – so dit was waarskynligk honger!" voeg Limani se ma by. | Ek kan **aflei** dat Limani nie alles vir haar plant gegee het wat nodig is nie, want sy het nie al die inligting gehad wat nodig was om behoorlik na haar plant te kyk nie! |

WEEK 8

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Ek het 'n idee," sê Limani se ma, sy dra 'n kissie met saailinge en klein potjies na binne. "Kom ons kyk wat gebeur as 'n plant nie genoeg lug, water, sonlig of grond het nie!" sê sy.<br><br>Limani en haar ouers stel 'n wetenskap eksperiment op Limani se vensterbank op. | O! Ek maak 'n **verbinding** met die storie wat ons al gelees het! Edward Jenner het ook 'n eksperiment gedoen. Mense doen eskperimente om 'n idee te toets en om nuwe inligting te leer. |
| "Kom ons sit een van die plante in 'n pastieksak. Dan kan ons sien wat gebeur as plante nie lug het nie," sê Limani se ma. | Ek **onthou** dat Edward 'n eksperiment gedoen het om te sien of die inenting sal werk. Nou doen Limani 'n eksperiment om te sien wat sal gebeur as plante verskillende goed wat hulle nodig het nie kry nie – soos lug! |
| Limani se ma skud die grond af van een van die saailinge en sit dit in 'n leë potjie. "Dit sal ons wys wat gebeur wanneer 'n plant nie grond het nie!" sê sy. | Ek **wonder** wat sal gebeur as 'n plant nie grond het nie, maar sonlig, water en lug? Ek het nog nooit vantevore 'n plant sonder grond sien groei nie. |
| "Ons sal moet sien wat gebeur wanneer 'n plant nie sonlig het nie!" sê Limani. Toe, hardloop sy kombuis toe en kom terug met 'n klein bruin papiersakkie. "Nou sal dit geen lig van die son kry nie – en dit sal nie kos hê om te eet nie," sê sy, terwyl sy die bruin papiersakkie oor een van die saailinge sit. | Ek **wonder** of die plant sal kan leef sonder sonlig as dit steeds water, lug en voedingstowwe van die grond het? |
| "Dan sal hierdie een die een sonder water wees," sê Limani se ma.<br><br>"Uiteindelik, het ons een plant nodig wat alles kry wat dit nodig het – lug, sonlig, grond en water. Op daardie manier, kan ons die plante vergelyk wat nie alles kry wat hulle nodig het nie, teenoor die plant wat dit wel kry!" sê Limani se ma.<br><br>Limani sit 'n etiket by elkeen van die plante. | Ek **lei af** dat die plant wat alles gaan kry, gesond sal wees. Limani sal die plante wat nie alles kry nie, kan vergelyk met die gesonde plant. Sy sal kan sien hoe hulle verskil! |
| "Deel daarvan om 'n wetenskaplike te wees is om waar te neem en rekord te hou. Hierdie is 'n spesiale dagboek om di twat jy waarneem te kan aanteken!"<br><br>Limani se ma help haar om haar plantjoernaal reg te kry. "Vandag, moet ons 'n voorspelling doen van wat ons dink met elke plant gaan gebeur. Dit beteken jy moet dit wat jy weet van plante gebruik vir 'n goeie raaiskoot!" sê Limani se ma. | – |
| Limani begin om te teken, terwyl sy dink wat met haar saailinge gaan gebeur. | Limani het vandag baie van plante geleer. Ek **wonder** wat haar voorspellings gaan wees? |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het gebeur met die orgideë wat Limani by haar oom gekry het? | Die orgideë van haar oom af het doodgegaan. |
| Wat het plante nodig om te groei? | Plante het lug, sonlig, water en grond nodig om te groei. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Wat dink jy gaan met Limani se wetenskap eksperiment gebeur? Hoekom? | *Ek dink...want...* |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - grond
   - voedingstowwe
   - vitamiene
   - data

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| ’n goeie plan kan ’n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat ’n fees! | - |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening Van Klanke En Woorde

**HERSIEN WOORDE**

1. Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2. Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3. As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

'n Vlooi kan nie vlieg nie.

My boetie speel op die swaai.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor data wat jy versamel het.

**OPDRAG:** Versamel data en skryf daaroor.

**SKRYFRAAMWERK:**

**My data wys dat...**

**Ek het geleer dat...**

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor die data wat hulle Maandag versamel het gaan skryf.
2. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het geleer dat meer leerders in ons klas van lees as van wiskunde hou. Ek hou ook meer van lees as van wiskunde so ek was nie verbaas nie.
5. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: **My data wys dat** lees meer gewild is as wiskunde. Ek het geleer dat meer leerders in ons klas van lees as van wiskunde hou.
6. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Gee die leerders instruksie om aan die vraag wat hulle Maandag gevra het te dink
2. Vra leerders: Wat het jy van jou opname geleer?
3. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
4. Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met 'n maat oor hulle idees.
5. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel wat hulle geleer het.
6. Hulle moet sê: Ek het geleer dat...
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken!

#### SKRYFWERK


1. Gee die leerders instruksie om na die opnames wat hulle Maandag gedoen het te kyk en oor hul data te skryf.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.

**4** Help leerders om hulle data te analiseer.
**5** Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT


**1** Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
**2** Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




My data het getoon dat sokker gewilder is as netbal.

Ek het geleer dat meer leerders in ons klas van sokker hou



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **klas, kwas**
2 Sê die woord: **klas**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/kl/-/a/-/s/**
4 Sê die begin klank van die woord: **/kl/**
5 Sê die middelste klank van die woord: **/a/**
6 Sê die eind klank van die woord: **/s/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **klas**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/kl/-/a/-/s/ = klas**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **kwas**

**ONS DOEN...**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **vlak, plak**
2 Sê die woord: **vlak**
3 Vra 'n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/vl/**
4 Vra 'n maat: Wat is die middelste klank van die woord? **/a/**
5 Vra 'n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/k/**
6 Vra 'n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/vl/-/a/-/k/**
7 Skryf die woord: **vlak**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/vl/-/a/-/k/ = vlak**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **plak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Limani se eksperiment**<br><br>Limani se oom het vir haar 'n pragtige orgideë vir haar verjaarsdag gegee. "Pas die plant goed op!" het hy vir Limani gesê. Limani het die orgideë op haar bedkassie gesit. | Ek **onthou** dat Limani nie geweet het wat plante nodig het nie. Ek kan **aflei** dat Limani die pragtige orgideë op haar bedkassie gesit het – maar sy het nie die plant alles gegee wat dit nodig het om te oorleef nie! |
| Maar na 'n paar weke het die plant doodgegaan.<br><br>Limani het die plant uitgebring en vir haar ouers gewys. "Ek verstaan nie – ek het gedink ek is goed vir my plant," sê sy. "Wat het met dit gebeur?" | Ek **lei af** dat Limani nog nooit vantevore vir 'n plant moes sorg nie, want sy verstaan nie hoekom haar plant doodgegaan het nie. |
| Limani se mamma lag. "O Limani! Ek is jammer – ek het gedink jy weet hoe om vir plante te sorg. Dit is ons fout – ons moes jou geleer het wat plante nodig het om te oorleef! Plante is lewende goed, net soos ek en jy. Hulle het dieselfde goed as ons nodig om te oorleef!"<br><br>"Ek het nie geweet plante is lewende goed nie!" sê Limani verras. "Beteken dit plante haal asem, soos ons?" "Ja, dit is reg," sê Limani se ma. "Plante haal asem – net soos ons."<br><br>"Wel ek dink my orgideë het lug gehad om asem te haal," sê Limani.<br><br>"Ja, maar plante het ook water nodig om te oorleef – net soos ons. Alle lewende goed het water nodig? Het jy jou orgideë water gegee?" vra Limani se ma haar.<br><br>Limani skud haar kop. "Ek het nie geweet plante het water nodig nie! My orgideë moes so dors gewees het!"<br><br>"Wat van kos? Ons het kos nodig om te oorleef, reg? Wat eet plante?" vra Limani nuuskierig.<br><br>"Wel, dit is hoekom plante sonlig nodig het. Hulle verander sonlig in hul eie kos! Dink jy jou orgideë het genoeg sonlig gekry om kos vir homself te maak?" vra Limani se ma haar.<br><br>Limani skud haar kop. "Nee, my slaapkamer is nogal donker."<br><br>"Plante het vitamiene en voedingstowwe nodig, hulle kry dit van die grond. Ek dink jou orgideë het grond gehad, maar nie genoeg lig nie – so dit was waarskynligk honger!" voeg Limani se ma by. | O! Ek kan **aflei** dat Limani anders na haar plant sou kyk as sy al die inligting gehad het toe sy haar plant ontvang het! |

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| "Ek het 'n idee," sê Limani se ma, sy dra 'n kissie met saailinge en klein potjies na binne. "Kom ons kyk wat gebeur as 'n plant nie genoeg lug, water, sonlig of grond het nie!" sê sy.<br><br>Limani en haar ouers stel 'n wetenskap eksperiment op Limani se vensterbank op. | Ek **lei af** dat Limani se ouers haar gehelp het om 'n eksperiment op te stel, sodat Limani beter kan verstaan wat gebeur wanneer plante nie alles kry wat hulle nodig het nie. As sy hierdie inligting het, dink ek sy sal in die toekoms beter vir haar plante kan sorg. |
| "Kom ons sit een van die plante in 'n pastieksak. Dan kan ons sien wat gebeur as plante nie lug het nie," sê Limani se ma. | – |
| Limani se ma skud die grond af van een van die saailinge en sit dit in 'n leë potjie. "Dit sal ons wys wat gebeur wanneer 'n plant nie grond het nie!" sê sy. | – |
| "Ons sal moet sien wat gebeur wanneer 'n plant nie sonlig het nie!" sê Limani. Toe, hardloop sy kombuis toe en kom terug met 'n klein bruin papiersakkie. "Nou sal dit geen lig van die son kry nie – en dit sal nie kos hê om te eet nie," sê sy, terwyl sy die bruin papiersakkie oor een van die saailinge sit. | – |
| "Dan sal hierdie een die een sonder water wees," sê Limani se ma.<br><br>"Uiteindelik, het ons een plant nodig wat alles kry wat dit nodig het – lug, sonlig, grond en water. Op daardie manier, kan ons die plante vergelyk wat nie alles kry wat hulle nodig het nie, teenoor die plant wat dit wel kry!" sê Limani se ma.<br><br>Limani sit 'n etiket by elkeen van die plante. | Ek **wonder** hoekom hulle nie net twee plante het nie – een wat alles kry wat dit nodig het en een wat nie kry wat dit nodig het nie? |
| "Deel daarvan om 'n wetenskaplike te wees is om waar te neem en rekord te hou. Hierdie is 'n spesiale dagboek om di twat jy waarneem te kan aanteken!"<br><br>Limani se ma help haar om haar plantjoernaal reg te kry. "Vandag, moet ons 'n voorspelling doen van wat ons dink met elke plant gaan gebeur. Dit beteken jy moet dit wat jy weet van plante gebruik vir 'n goeie raaiskoot!" sê Limani se ma. | Hulle **moet** al die plante hê om duidelik te kan sien wat die effek is van die behoefte van elke plant. Die plant mag dalk langer oorleef sonder sonlig as sonder lug? Ek dink Limani gaan baie by hierdie eksperiment leer! |
| Limani begin om te teken, terwyl sy dink wat met haar saailinge gaan gebeur. | Ek **lei af** dat Limani opgewonde is om meer van plante te leer, want sy werk so hard in haar plantjoernaal! |

WEEK 8

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat is een ding wat jy van plante geleer het in hierdie storie? | *Ek het geleer…* |
| Hoe kan ons aflei dat die orgideë Limani se eerste plant was? | • Omdat sy gedink het om gaaf en vriendelik met die plant te wees, genoeg is om dit te laat leef.<br>• Omdat sy nie behoorlik daarna gekyk het nie. Sy het dit nie water gegee of seker gemaak dat dit genoeg sonlig kry nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Wat is jou voorspelling oor wat sal gebeur as Limani se oom nou vir haar 'n plant gee? | Ek dink as Limani se oom haar 'n nuwe plant gee …want… |



## Groepbegleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- sonlig
- saailing
- waarneem

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wetenskap laat jou wonder en dink, | *Wys na jou kop* |
| 'n goeie plan kan 'n nuwe ontdekking wees. | *Vou jou arms en maak of jy dink* |
| Dink net! | *Steek jou vinger in die lug en spring op en af.* |
| Wat 'n fees! | - |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie........
Limani se orgidee het dood gegaan want...
Die storie hou verband met die tema *'Wetenskap is pret'* want...
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **st** | **sw** |
| **a** | **s** | **e** |
| **sm** | **sk** | **sp** |
| **l** | **i** | **m** |
| **pl** | **vl** | **fr** |
| **o** | **k** | **u** |
| **fl** | **kw** | **kl** |
| **r** | **n** | **p** |

**EK DOEN**

1 Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2 Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN...**


1 Leerders maak hulle skrifte oop.
2 Sê dat hulle kan begin skryf.
3 Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4 Laat die leerders hulle eie werk merk.
5 Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / MAAK AFLEIDINGS**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
2. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle **afleidings gaan maak en prente gaan teken** oor wat hulle dink dalk volgende in die storie kan gebeur.
3. **Demonstreer** hoe jy **’n afleiding maak** oor wat dalk volgende in die storie kan gebeur, soos: Ek dink dat Limani elke dag na haar plante gaan kyk en aantekeninge gaan maak. Ek dink sy gaan sien dat die plant wat nie sonlig kry nie dood sal gaan.
4. Teken ’n prent op die swartbord van Limani wat ’n prent van die dooie plant wat nie sonlig gekry het nie in haar joernaal teken.
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou ’n afleiding gaan maak oor wat hulle dink dalk volgende in die storie kan gebeur.
6. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
7. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
8. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groepbegleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8.**
2. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*